

**'n Bemagtigingsprogram in mentorskap:
'n Psigososiale perspektief**

Johannes Petrus du Plessis Steytler

2009

'n Bemagtigingsprogram in mentorskap: 'n Psigososiale perspektief

J. P. d. P. Steytler – BMW, MA(MW)

Proefskrif voorgelê vir die graad

Philosophiae Doctor

in

Maatskaplike werk

aan die

Noordwes-Universiteit

Potchefstroomkampus



Studieleier: Professor Herman Strydom

Potchefstroom

November 2009

Influence

There are little eyes upon you,
And they're watching night and day;
There are little ears that quickly
Take in every word you say;
There are little hands all eager
To do anything you do;
And a little boy who's dreaming
Of the day he'll be like you.

You're the little fellow's idol;
You're the wisest of the wise,
In his little mind about you,
No suspicions ever rise;
He believes in you devoutly,
Holds that all you say and do,
He will say and do, in your way
When he's a grown-up like you.
There's a wide-eyed little fellow,
Who believes you are always right,
And his ears are always open,
And he watches day and night;
You are setting an example
Every day in all you do,
For the little boy who's waiting
To grow up to be like you.

Author Unknown

(Connor, 2003:71)

Dankbetuigings

Dankie in besonder aan die volgende persone wat gehelp het met die studie.

Dankie **Here** dat U dit moontlik gemaak het om die studie te kon voltooi.

David du Plessis, Willem Niesing en Japie Hugo, dankie aan julle drie broers en manne van God wat my bygestaan het. Julle was my arms, bene, oë en ore terwyl ek dit nie altyd self kon gewees het nie. Maar meer as dit weet ek julle was gedurig op julle knieë om vir my te bid of in te tree.

Professor Herman Strydom, u studieleiding word opreg waardeur.

Chris Kogg, dankie dat jy jou terrein beskikbaar gestel het vir die interaktiewe bemagtigingsprogram.

Cecilia van der Walt, dankie vir die taalversorging wat u behartig het.

Wilhelm Heyns, Eduard Hughes-Treherne, Jean du Plessis en Wynand Britz, dankie vir die gedigte of briewe wat jy gedig of geskryf het vanuit ons mentorverhouding en dat ek dit kon inlas tot hierdie proefskrif.

Dankie aan elke **deelnemer, veldwerker en vrywilliger** vir jou tyd en die insette wat jy gelewer het.

BADISA Weskus, dankie vir die studieverlof wat aan my afgestaan is.

Die Here seën elkeen van u!

Inhoudsopgawe

Dankbetuigings	i
Voorwoord	x
Opsomming	xi
Abstract	xii
Afdeling A	1
Algemene Inleiding	1
1 Probleemstelling	1
2 Doelstelling en Doelwitte	4
2.1 Doelstelling	4
2.2 Doelwitte	4
3 Sentrale teoretiese stelling	4
4 Afbakening van die terrein	4
5 Duur van die ondersoek	5
6 Metode van ondersoek	5
6.1 Literatuurstudie	5
6.2 Empiriese studie	6
6.2.1 Ontwerp	6
6.2.2 Deelnemers	6
6.2.2.1 Mentor	8
6.2.2.2 Mentee	8
6.2.3 Meetinstrumente	8
6.2.4 Prosedure	9
6.2.5 Etiese aspekte	10
6.2.6 Dataverwerking	11
7 Beperkinge van die ondersoek	11
8 Begripsomskrywing	12
9 Keuse en struktuur van die navorsing	14

9.1	Artikelformaat	14
9.1.1	Struktuur van geheel	14
	Bibliografie	16
	Afdeling B	19
	Artikels	19
	Artikel 1	20
	Die profiel van die volwasse man as mentor vir adolessente seuns	20
1	Inleiding	22
2	Probleemstelling	22
3	Navorsingsmetodologie	23
4	Die bio-psigososiale eienskappe van die volwasse man binne 'n mentorverhouding	24
4.1	Ouderdom	25
4.2	Generasie	25
4.3	Gesinsamestelling	26
4.4	Beroep	27
4.5	Persoonlikheid	29
4.6	Kriminele oortredings	30
4.7	Tydsbesteding	31
4.8	Geestelike welstand	31
5	Die behoeftes van die gemiddelde mentor	32
6	Die mentorverhouding	33
7	Die mentee se belewing van die mentor en sy inspraak by hierdie mentor	35
8	Gevolgtrekkings	35
9	Aanbevelings	37
10	Samevatting	37
11	Aanbevole leeswerk	38

Bibliografie	39
Artikel 2	42
Die profiel van die adolessente seun as mentee	42
1 Inleiding	44
2 Probleemstelling	44
3 Navorsingsmetodologie	46
4 Behoeftes by adolessente seuns	46
4.1 Behoefte aan 'n mentor	47
4.2 Verwagtinge en vereistes in 'n mentorverhouding	47
5 Die bio-psigososiale eienskappe van die adolessente seun binne 'n mentorverhouding	48
5.1 Ouderdom	48
5.2 Verhoudinge	50
5.2.1 Romantiese verhoudinge	50
5.2.2 Vriende	50
5.2.3 Volwassenes	51
5.2.4 Ander mentors	52
5.3 Betrokkenheid by chemiese substansie	52
5.4 Tydsbesteding	53
5.5 Geestelike welstand	53
5.6 Kriminele oortredinge	54
6 Belewing en insprake van die mentor	56
7 Gevolgtrekking	56
8 Aanbeveling	57
9 Samevatting	58
10 Aanbevole leeswerk	58
Bibliografie	59
Artikel 3	63

'n Bemagtigingsprogram in mentorskap gerig op die mentor en die adolessente seun	63
1 Inleiding	65
2 Probleemstelling	65
3 Navorsingsmetodologie	67
4 Profiel van die deelnemers	68
4.1 Die adolessente seun as die mentee	69
4.2 Die volwasse man as die mentor	69
5 Die mentorverhouding	70
6 Groepwerk	73
7 Programuiteensetting	74
8 Aanbieding van die bemagtigingsprogram	77
8.1 Kontakssessie 1 – Ontmoeting en oriëntering	78
8.1.1 Doelwitte	78
8.1.2 Inhoud	79
8.1.3 Terugvoer	79
8.2 Kontakssessie 2 – Generasiegaping	79
8.2.1 Doelwitte	80
8.2.2 Inhoud	80
8.2.3 Bespreking	80
8.2.4 Terugvoer	80
8.3 Kontakssessie 3 – Emosionele intelligensie	81
8.3.1 Doelwitte	81
8.3.2 Inhoud	81
8.3.3 Bespreking	81
8.3.4 Terugvoer	82
8.4 Kontakssessie 4 – Manlikheid	82
8.4.1 Doelwitte	83
8.4.2 Inhoud	83
8.4.3 Bespreking	83
8.4.4 Terugvoer	83
8.5 Kontakssessie 5 – Mentorverhouding	84
8.5.1 Doelwitte	84
8.5.2 Inhoud	84
8.5.3 Bespreking	85
8.5.4 Terugvoer	85
8.6 Kontakssessie 6 – Terugvoer, samevatting en afsluiting	85
8.6.1 Doelwitte	85

8.6.2	Inhoud	86
8.6.3	Terugvoer oor oorhoofse program	86
9	Gevolgtrekking	87
10	Aanbevelings	88
11	Samevatting	89
12	Aanbevole leeswerk	89
13	Aanbevole DVD's	89
	Bibliografie	90
	Artikel 4	94
	Die uitwerking van 'n bemagtigingsprogram op die mentorverhouding tussen die mentor en die adolessente seun	94
1	Inleiding	96
2	Probleemstelling	96
3	Navorsingsmetodologie	98
4	Bevindinge	99
4.1	Behoeftebepaling	99
4.1.1	Redes vir 'n mentorverhouding	99
4.1.2	Verwagtinge wat aan die mentor in die mentorverhouding gestel word	100
4.1.3	Kommunikasie in die mentorverhouding	101
4.1.4	Die uitwerking van die mentorverhouding	102
4.2	Voortoets	103
4.2.1	Mentee- of mentorgesentreerde verhouding	103
4.2.2	Emosionele verbintenis	104
4.2.3	Ontevredenheidsvlak	105
4.3	Bemagtigingsprogram	106
4.3.1	Kontaksessie 2 – Generasiegaping	107
4.3.2	Kontaksessie 3 – Emosionele intelligensie	108
4.3.3	Kontaksessie 4 – Manlikheid	108
4.3.4	Kontaksessie 5 – Mentorverhouding	109
4.3.5	Aktiwiteite	109
4.4	Herevaluering	111
4.4.1	Kommunikasie	111
4.4.2	Bemagtigingsprogram-kontaksessies	112
4.4.3	Natoets	113

4.4.3.1	Mentee- of mentorgesentreerde verhouding	113
4.4.3.2	Emosionele verbintenis	115
4.4.3.3	Ontevredenheidsvlak	116
5	Waarde van die bemagtigingsprogram	118
6	Gevolgtrekking	119
7	Aanbeveling	120
8	Samevatting	120
	Bibliografie	122
	Afdeling C	125
	Opsomming, gevolgtrekkings, aanbevelings en bydrae tot die studieveld	125
1	Inleiding	125
2	Opsomming, bevindings en gevolgtrekkings	125
2.1	Navorsingsmetodologie	125
2.1.1	Literatuurstudie	125
2.1.2	Empiriese ondersoek	126
2.1.2.1	Subtema 1: Die profiel van die deelnemers	126
2.1.2.2	Subtema 2: Bemagtigingsprogram en uitwerking van die program	127
2.2	Artikel 1 – Die profiel van die volwasse man as mentor vir adolessente seuns	127
2.2.1	Opsomming en bevinding	127
2.2.2	Gevolgtrekking	129
2.3	Artikel 2 – Die profiel van die adolessente seun as mentee	129
2.3.1	Opsomming en bevinding	129
2.3.2	Gevolgtrekking	131
2.4	Artikel 3 – ’n Bemagtigingsprogram in mentorskap gerig op die mentor en die adolessente seun	131
2.4.1	Opsomming en bevinding	131
2.4.2	Gevolgtrekking	133
2.5	Artikel 4 – Die uitwerking van ’n bemagtigingsprogram op die mentorverhouding tussen die mentor en die adolessente seun	133
2.5.1	Opsomming en bevinding	133
2.5.2	Gevolgtrekking	134
3	Doelstelling en doelwitte	135
3.1	Doelstelling	135
3.2	Doelwitte	135

4 Toetsing van die sentrale teoretiese stelling	136
5 Bydrae tot die studieveld	136
6 Aanbevelings	137
7 Slotsom	138
Afdeling D	140
Addendums	140
Addendum 1 – Deelname uitnodiging	140
Addendum 2 – Deelname terugvoervorm	142
Addendum 3 – Vrywaring en Toestemmingsvorm	144
Addendum 4 – Riglyne vir publikasie – Tydskrif vir Christelike Wetenskap/Journal for Christian Scholarship	148
Addendum 5 – Riglyne vir publikasie – Journal of Humanities/Tydskrif vir Geesteswetenskappe	149
Addendum 6 – Riglyne vir publikasie – Journal of Education	150
Addendum 7 – Riglyne vir publikasie – The Journal of Early Adolescence	152
Addendum 8 – National Mentoring Centre – Meetinstrument	153
Addendum 9 – Vraelys aan Mentors	156
Addendum 10 – Vraelys aan Mentee	160
Addendum 11 – Herevalueringsvrae	165
Addendum 12 – Onderwerp Evaluering	167
Addendum 13 – Program Evaluering	168
Addendum 14 – Etiese sertifikaat	170
Addendum 15 – Manuskrip 1 Ontvangserkenning	171
Afdeling E	172
Saamgestelde bibliografie	172
 Skematiese Voorstellings	
Skematiese voorstelling 1 – Aspekte en besprekings tydens die kontakssessies	76
Skematiese voorstelling 2 – Mentorprogram-proses	77
 Tabelle	
Tabel 1 – Generasies	25
Tabel 2 – Gesinsamestelling van die mentor	26

Tabel 3 – Arbeidsmarkstatistiek	28
Tabel 4 – Gemiddelde tydsbesteding van die mentor	31
Tabel 5 – Maslow se behoeftehiërargie	33
Tabel 6 – Mentee Ouderdomstabel	50
Tabel 7 – Gevonnise kinders	55
Tabel 8 – Misdaad gepleeg deur kinders	55
Tabel 9 – Mentee- of mentorgesentreerde verhouding	104
Tabel 10 – Emosionele verbintenis	104
Tabel 11 – Ontevredenheidsvlak	105
Tabel 12 – Herevaluering van mentee- of mentorgesentreerde verhouding	114
Tabel 13 – Herevaluering van emosionele verbintenis	115
Tabel 14 – Herevaluering van ontevredenheidsvlak	117

Voorwoord

Die proefskrif is in artikelformaat aangebied in ooreenstemming met die riglyne van die Noordwes Universiteit. Hierdie riglyne word uiteengesit in die **Handleiding vir Nagraadse Studie – 2005** (D-18/2004). Tegnieëse versorging van die proefskrif is gedoen binne die vereistes van die genoemde universiteit soos dit in Hoofstuk 2 van die handleiding vervat word. Taalversorging van die artikels is deur 'n geakkrediteerde taalversorger behartig.

Tabelle en skematiese voorstelling is opvolgend genommer.

Die manuskripte word ingedien by verskillende geakkrediteerde nasionale en internasionale vaktydskrifte. Sekere manuskripte word na Engels vertaal alvorens dit ingedien word vir moontlike publikasie. Riglyne vir moontlike publikasie by die verskillende vaktydskrifte is aangeheg by Addendum 4 tot 7. Vaktydskrifte vir moontlike publikasies is *Tydskrif vir Christelike Wetenskap/Journal for Christian Scholarship; Journal of Humanities/Tydskrif vir Geesteswetenskappe; Journal of Education* en *The Journal of Early Adolescence*.

Die titels van die manuskripte word in Afdeling A en Afdeling B aangedui.

'n Opsomming en sleutelwoorde van die proefskrif volg in Afrikaans en Engels. Opsommings en sleutelwoorde rakende elke artikel word ook in beide Afrikaans en Engels gegee. Hierdie opsommings en sleutelwoorde is verkrygbaar aan die begin van elke artikel soos dit in Afdeling B vervat is.

Opsomming

'n Bemagtigingsprogram in mentorskap: 'n Psigososiale perspektief

Oor die geskiedenis was mentorskap 'n rol wat deur mans uitgeoefen is op jonger seuns. In Suid-Afrika het hierdie rol egter baie vervaag en word nie meer doelbewus deur baie mans uitgeoefen nie. Volwasse mans wat as natuurlike mentors intree vir adolessente seuns is nie altyd toegerus met die nodige kennis en vaardighede hoe om hierdie rol te kan vertolk nie. Hierdie rol as mentor vereis baie tyd en aandag van die volwasse man, en ook dat die volwassene die persepsies van die adolessente seun verstaan.

Adolessente seuns het die behoefte om gementor te word. Hierdie mentor hoef nie noodwendig die biologiese pa te wees nie, maar dit moet 'n volwasse man wees. Die insprake van die mentor help die mentee tot 'n verhoogde lewenskwaliteit. Die adolessente seun as mentee het sekere behoeftes binne die mentorverhouding. Hierdie behoeftes moet deur die volwasse mentor reg verstaan en geïnterpreteer word.

Om die volwasse man as mentor en adolessente seun as mentee toe te rus met kennis en vaardighede binne elkeen en die ander se milieu, is 'n aktiewe bemagtigingsprogram ontwikkel. Hierdie aktiwiteitsgeoriënteerde bemagtigingsprogram skets 'n paradigma van die mentorverhouding. Fokus word gerig op die karaktereenskappe van mans, emosionele intelligensie, generasiegapings en die mentorverhouding. By die kontakssessies is aktiwiteite geïntegreer om die behoeftes van die mentees te bevredig.

Artikel 1 en 2 gee die profiel van die adolessente seun as mentee en die volwasse man as mentor weer. Artikel 3 en 4 gee die bemagtigingsprogram weer en die uitwerking van die bemagtigingsprogram.

Sleutelwoorde

Mentorskap
Protégé – Mentee
Adolessente seun
Mentor
Volwasse man
Mentorverhouding
Bemagtigingsprogram

Abstract

An empowerment program in mentoring: A psycho social perspective

Over the history mentoring was a role that men practiced on younger boys. In South Africa this role faded and is not necessary practiced on purpose by men. Adult men as natural mentors for adolescent boys are not necessary equipped with the needed knowledge and skills how to fulfil this role. This role as mentor demand lots of time and attention from the adult male and also that the adult understand the perceptions of the adolescent boy.

Adolescent boys long for to be mentored. This mentor does not need to be the biological father, but he needs to be an adult male. This influence of the mentor helps the adolescent experience a higher quality of life. The adolescent boy as mentee has certain needs within the mentor relationship. These needs need to be understood and interpreted correctly by the adult mentor.

To equip the adult male and adolescent boy with the needed knowledge and skills within each and the other's milieu, an active empowerment program is developed. This active orientated empowerment program sketched a paradigm of the mentor relationship. This empowerment program focuses on the characteristic of men, emotional intelligence, generation gaps and the mentor relationship. Activities are integrated in the sessions to fulfil the needs of the mentees.

The profile of the adolescent boy as mentee and the adult male as mentor are represented in article 1 and 2. Article 3 and 4 are the empowerment program and the results of the empowerment program.

Keywords

Mentoring
Protégé – Mentee
Adolescent boy
Mentor
Adult male
Mentor relationship
Empowerment program

Afdeling A

Algemene Inleiding

1 Probleemstelling

Internasionaal is seuns toenemend geneig om gedrag te openbaar wat 'n negatiewe uitwerking op die samelewing het. Voorbeelde hiervan is dat adolessente seuns meer vroulike, rebelse of aggressiewe gedrag openbaar. Hierdie tendens kom egter nie net in die VSA of in Europa voor nie, maar ook al hoe meer in Suid-Afrika. Dit kan onder andere toegeskryf word aan situasies en omstandighede soos ekonomiese druk, verandering in die samelewing asook die afwesige pa (Anon, 2005:26; Shaffer & Gordon, 2005:77). Laasgenoemde – die afwesige pa – het 'n direkte invloed op die adolessente seun (Steytler & Strydom, 2007:35; Tyre, 2006). Hierdie afwesigheid van die pa beïnvloed die seun se lewe sodanig dat die meso- en makro-samelewing die rimpeleffek moet dra, onder andere misdaad, afhanklikheid van chemiese substansie, rebellie, bendes en tienerouers (Gurian, 1998:50). Die meerderheid tienerouer-pa's in Amerika is wit seuns (Kiselica, 1999:180).

'n Tipiese voorbeeld van 'n samelewing wat benadeel is, is die tragiese episode by die Columbine High School in die VSA waar een van die skoliere op ander leerders geskiet het. Plaaslike voorvalle wat die land geskok het, is die voorvalle van die vier seuns van Waterkloof Hoërskool en die seun wat die ander met 'n swaard doodgemaak het. Dit dui daarop dat die gemeenskap toenemend die las dra van adolessente wat onder groter druk leef en nie weet hoe om hierdie druk reg te hanteer en te verwerk nie.

Shaffer en Gordon (2005:10) is van mening dat emosionele intelligensie onder seuns verhoog moet word. Genoemde outeurs verwoord dit soos volg: *It matters because statistics prove that many of our boys are at risk, and our society suffers as a result.* Odendaal en Gouws (2005:215) beskryf emosie as 'n *gemoedstoestand*. *Emosionele intelligensie* verwys na die wyse waarop emosies hanteer en verwerk word en die vaardigheid om ander mense se emosies of gemoedstoestand reg te lees en te verstaan (Detterman, 2006). Genoemde vaardigheid lewer 'n positiewe bydrae tot die mentorverhouding. Op sigself lei 'n hoë emosionele intelligensie tot verhoogde lewensgehalte.

Die leemte gelaat deur die afwesige pa het kumulatiewe gevolge. Die kans dat hierdie bouse kringloop van die afwesige pa hom kan en moontlik gaan herhaal, is groot (Erickson, 1996:40; Wineburgh, 2000:255). Die leemte en soeke na 'n vader-figuur kan grootliks deur 'n mentor gevul word. 'n Mentor vir die seun is 'n manspersoon wat die leefwêreld van die seun verstaan, in hom glo, hom ondersteun en hom rigting gee, maar nie besluite namens hom neem nie. Die adolessente seun wat gementor word, word 'n mentee of protégé genoem. Hierdie behoefte aan 'n mentor kan so vroeg as tydens die oorgangsfase van die seun in sy laat-middelkinderjare begin (Tyre, 2006). Die mentor hoef egter nie die biologiese pa te wees nie; dit kan 'n man buite die gesinsisteem wees, byvoorbeeld 'n ouer vriend, 'n vriend van die gesin, 'n onderwyser of 'n professionele persoon. Navorsing het egter reeds bewys dat 'n mentorverhouding wat spontaan ontstaan het, beter resultate toon as een wat gevorm het via 'n formele program (Ensher & Murphy, 2005:19). Dit beteken egter nie dat die formele program nie geslaagd kan wees nie. Die aangewese situasie is egter dat die verhouding spontaan moet ontwikkel.

Die behoefte aan 'n mentor is sterk, maar daar is min mans wat doelbewus as mentors vir seuns intree (Dacey, Kenny & Margolis, 2004:229). 'n Voormalige adjunk president Phumzile Mlambo-Ngcuka het in 'n toespraak aan die parlement genoem dat daar 'n groot tekort is aan volwasse manlike mentors (Smith, 2007:19). Biddulph (1998:28) beskryf die mentorverhouding soos volg: *Mentoring today is mostly unplanned and piecemeal, and lots of young men don't receive any mentoring at all. Those doing the mentoring – sports coaches, uncles, teachers and bosses – rarely understand their role and often do it badly.* Die feit dat mentors dalk nie hulle rolle verstaan nie, kan moontlik toegeskryf word daaraan dat hulle nie oor die nodige vaardighede beskik nie of dalk aan 'n kommunikasie- of generasiegaping tussen hulle en hul mentees.

Met die verandering van sisteme waarbinne die seun leef, soos die verandering van tegnologie, die verandering in gesinsisteme en generasieverskille, is dit nodig dat die mentor ingelig moet word rakende hierdie veranderinge en rakende die invloed wat dit op die seun se lewe uitoefen. Hierdie verskille en veranderinge veroorsaak dat beide die mentor en mentee se begrip van aspekte wat elkeen as belangrik ag, verskil. Dit is daarom noodsaaklik dat die mentee bewus gemaak moet word van die leefwêreld van die mentor en ook die mentor van dié van die mentee. Rhodes, Grossman en Roffman

(2002:10) is van mening dat hoë kwaliteit mentorprogramme 'n verbetering in die verhoudinge, asook kinders se lewensgehalte teweeg kan bring.

Sowel die mentor as die mentee moet bewus wees van die ander se belewing van sy wêreld, sy generasie, sy siening rakende volwassenes en die denkpatriene van adolessente seuns. Die mentor moet bemagtig word om die seun se kommunikasiewyse te verstaan om sodoende wisselwerking te vergemaklik. Navorsing het bevind dat rigtinggewing, aandagtig luister, aktiewe deelname, nederigheid en beskerming van mans, wat as mentors intree vir seuns wat behoefte het aan mentorondersteuning, vereis word (Steytler, 2007:63,86).

'n Persoon wat as mentor vir die seun intree, beskik nie noodwendig oor die nodige vaardighede om hierdie rol te kan vervul nie. Dit wat die mentor ten opsigte van uitinge van die seun verstaan, is nie noodwendig altyd wat die seun bedoel het nie. Om hierdie gaping en onduidelikheid tussen die adolessente seun en die mentor te oorbrug is 'n bemagtigingsprogram nodig. Die bedoeling met hierdie bemagtigingsprogram is nie om die mentor te leer wat om vir die adolessente seun te leer nie. Dit is eerder om 'n paradigma te skets waarbinne konsepte en voorstelle gegee word ten opsigte van hoe om dit aan die seun oor te dra. Uit hierdie paradigma kan verbeterde kommunikasie en vertroue ontwikkel. Die behoeftes van die mentor en van die mentee met betrekking tot die mentorverhouding moet in hierdie bemagtigingsprogram, wat volhoubaar moet wees in die lewe van die mentor en mentee, geïnkorporeer word.

Hierdie ondersoek volg op 'n vorige studie getitel *Mentorskap in die maatskaplike funksionering van die seun in sy laat-middelkindertjare*. Laasgenoemde studie is die navorser se verhandeling vir sy Magistergraad in Maatskaplike Werk. Die behoeftebepaling rakende die adolessente seun se verwagtinge met betrekking tot 'n mentor is reeds in die voorgenoemde studie gedoen.

Uit hierdie probleemstelling het die volgende navorsingsvrae voortgespruit:

1. Hoe lyk die profiel van die volwasse man wat as mentor vir adolessente seuns intree?
2. Hoe lyk die profiel van die adolessente seun wat gementor word?
3. Watter programaktiwiteite en aspekte moet by die inhoud van die bemagtigingsprogram ingesluit word?

4. Wat is die uitwerking van 'n bemagtigingsprogram op die mentorverhouding?

2 Doelstelling en Doelwitte

Die studie is gedoen aan die hand van die volgende doelstelling en doelwitte.

2.1 Doelstelling

Om 'n bemagtigingsprogram te ontwikkel wat mans as mentors en seuns as mentees bemagtig in 'n bestaande mentor-menteeverhouding. Beide die mentor en die mentee word bemagtig in die lewenstydperk en lewensbeskouing van die ander om sodoende 'n dieper en meer volhoubare verhouding tot stand te bring. Die lewensgehalte van beide word deur middel van die bemagtigingsprogram verhoog.

2.2 Doelwitte

Ten einde hierdie doelstelling te kan bereik moet die volgende doelwitte nagestreef word. Die behoeftes soos dit by die adolessente seuns geïdentifiseer is, moet in die doelwitte geïnkorporeer word. Die doelwitte is:

- ✓ Om 'n profiel van mans saam te stel wat as mentors vir seuns intree. Hierby is die behoeftes, vaardighede, generasie en eienskappe van die mentor ingesluit.
- ✓ Om 'n profiel van die adolessente seun as mentee saam te stel.
- ✓ Om 'n bemagtigingsprogram saam te stel.
- ✓ Om die bemagtigingsprogram aan te bied en te evalueer om die effektiwiteit daarvan te meet.

3 Sentrale teoretiese stelling

Volwasse mans wat as mentors intree is nie altyd met die nodige kennis en vaardighede toegerus nie. Adolessente seuns wat gementor word, weet nie altyd waarom hulle mentor optree soos hulle wel doen nie, of wat hulle lewensbeskouing is nie. 'n Bemagtigingsprogram kan beide die mentor en die mentee met die nodige kennis en vaardighede toerus om optimale psigososiale funksionering te kan bereik.

4 Afbakening van die terrein

Die deelnemers is in twee groepe verdeel. Die eerste groep is die mentors en die mentees. Hulle is almal Afrikaanssprekende mans en seuns wat in 'n mentorverhouding met mekaar staan. Die tweede is die fokusgroep wat na afloop van die

bemagtigingsprogram plaasgevind het. Die deelnemers aan die fokusgroep het aan dieselfde kriteria as dié vir die deelnemers aan die bemagtigingsprogram voldoen.

Beide groepe deelnemers is afkomstig van die Weskus in Suid-Afrika. Hulle is almal uit hierdie geografiese area geselekteer weens die beskikbaarheid en toeganklikheid van die nodige hulpbronne.

Ander persone wat nie deelnemers was nie, maar wat gehelp het met die program is afkomstig van die Weskus en Noordwes.

5 Duur van die ondersoek

Hierdie ondersoek volg op 'n vorige studie getitel *Mentorskap in die maatskaplike funksionering van die seun in sy laat-middelkinderjare*. Genoemde studie is die navorser se Magistergraad-verhandeling in Maatskaplike Werk en dien ook as gedeeltelike behoeftebepaling vir hierdie ondersoek. Die insameling van nuwe literatuur het in September 2007 'n aanvang geneem. Die empiriese gedeelte van hierdie ondersoek, dit is die bemagtigingsprogram asook die fokusgroep, het in April 2009 plaasgevind. Die finale verslag is in Oktober 2009 afgesluit.

6 Metode van ondersoek

6.1 Literatuurstudie

Die data ten opsigte van beide groepe deelnemers is deur middel van 'n empiriese ondersoek ingesamel met die oog daarop om 'n profiel van elke groep te kan saamstel. Literatuur is gebruik om die data te ondersteun of te verwerp, of om nuwe inligting oor die aspek te bekom.

Inligting is verkry deur onderhoude te voer met professionele persone op die terreine van maatskaplike werk, psigologie, teologie, pedagoë asook jeugwerkers. Gepubliseerde wetenskaplike bydraes in vaktydskrifte, boeke en navorsingsprojekte asook populêre bronne en ongepubliseerde inligting is gebruik om data in te samel. Elektroniese bydraes van die internet asook elektroniese navorsingsbronne soos Encarta is gebruik. Media in die vorm van koerante is ook benut om hedendaagse inligting in berekening te bring. Databasisse wat gebruik is, is EbscoHost, Google Scholar en SA Media.

6.2 Empiriese studie

Data is ingewin deur verskillende groepwerkstyle aan te wend. Groepwerk word gekenmerk deurdat die lede van die groep betrokke is by die groep weens 'n gemeenskaplike saak (in hierdie geval 'n mentorverhouding) (Babbie, 2010:100-101). Vir die empiriese ondersoek is daar van 'n fokusgroep gebruik gemaak. Die program het ook in die vorm van groepwerk geskied. Weens die feit dat die data tussen verskillende geloofsoortuigings, rasse, kulture en geslagte verskil, fokus hierdie ondersoek op 'n spesifieke groep deelnemers. McKinney (2008:346-347) verwoord kultuursensitiewe navorsing soos volg: *To become culturally competent researchers, we must do the following: (1) We must be sure our operational definitions are meaningful and relevant, (2) we must not treat ethnic and cultural groups as homogeneous, (3) we must be careful of within- and between-group comparisons, (4) we must be aware of socioeconomic influences, (5) we must assess sampling strategies carefully, (6) we must know the limitations of measuring variables, (7) we must realize that it is difficult to publish a study's findings, and (8) we must be sensitive to gender, sexual orientation, and race/ethnicity issues.* Dit is duidelik dat die navorser baie versigtig te werk moet gaan wanneer verskillende kulture, gelowe of rasse by 'n ondersoek betrek word.

6.2.1 Ontwerp

Die intervensie-navorsingsmodel is gebruik vir hierdie ondersoek. Vir beide die behoeftebepaling en die bemagtigingsprogram is daar op sekere fases onderskeidelik gefokus. Die gelyktydig triangulerende strategie, soos in Creswell (2009:213-215) uiteengesit, is gebruik. Die ondersoek was hoofsaaklik kwalitatief van aard met 'n komponent van kwantitatiewe data. Weens die feit dat die onderwerp goed gedefinieer is, 'n hoër kennisvlak rakende die onderwerp verkry is en nuwe velde ondersoek is, is hierdie ondersoek beide beskrywend en verkennend van aard (Fouché & De Vos, 2005:106). Die navorser het die psigososiale en geestelike uitwerking wat die mentor op die mentee het, asook wat die mentee op die mentor het, aan die hand hiervan bepaal.

6.2.2 Deelnemers

Vir die behoeftebepaling is 283 deelnemers by die kwantitatiewe ondersoek betrek. Sestig van hierdie deelnemers het ook ingeskakel by die kwalitatiewe gedeelte van die ondersoek (Steytler, 2007:7-8). Hierdie deelnemers het ook voldoen aan die vereistes

rakende ouderdom, geloofsoortuiging, taal en geslag, soos in die empiriese uiteensetting gedefinieer.

Die deelnemers aan die empiriese ondersoek was in twee groepe verdeel, naamlik die deelnemers aan die bemagtigingsprogram en dié aan die fokusgroep. Ander deelnemers is in die fokusgroep gebruik as diegene wat aan die bemagtigingsprogram deelgeneem het. Mentors én mentees is by beide groepe betrek. Die indeling rakende die mentor en die mentee het geskied op grond van die rol wat elk in die verhouding vervul. Hierdie deelnemers het ook voldoen aan die vereistes rakende ouderdom, geloofsoortuiging, taal en geslag soos in die empiriese uiteensetting gedefinieer.

❖ **Bemagtigingsprogram**

Vir die bemagtigingsprogram is agt deelnemers ($N=8=N_1+N_2$) – vier mentors ($N_2=4$) en vier mentees ($N_1=4$) by die ondersoek betrek. Almal was van die Weskus in Suid-Afrika afkomstig. Die deelnemers is nie noodwendig afkomstig van dieselfde dorpe of munisipale streke nie. Dit is uiters belangrik om 'n duidelike identifisering van die selektering van die deelnemers weer te gee (Strydom & Delport, 2005:328). Een paar van die deelnemers het hulle voor die einde daarvan weens werksverpligtinge aan die bemagtigingsprogram onttrek.

Van die deelnemers aan hierdie ondersoek is deur middel van die sneeubaltipe steekproef geselekteer (Monette, Sullivan & De Jong, 2008:146-147). Weens die feit dat die deelnemers nie almal noodwendig van dieselfde dorp afkomstig was nie, het die aanbieding van die bemagtigingsprogram gedurende 'n naweek geskied, en wel op 'n neutrale terrein.

❖ **Fokusgroep**

'n Fokusgroep word daaraan gekenmerk dat dit 'n tipe groep is wat bestaan uit tussen 6 en 12 deelnemers met spesifieke kenmerkende elemente of eienskappe. Smithson (2009:358) beskryf data van fokusgroepe as dat *[t]he data obtained in this method is neither a 'natural' discussion of a relevant topic, nor a constrained group interview with set questions, but it has elements of both these forms of talk.*

Na afloop van die bemagtigingsprogram is 'n fokusgroep met ander deelnemers gehou. Hierdie deelnemers is nie dieselfde as wat aan die bemagtigingsprogram deelgeneem het

nie. Data afkomstig van hierdie deelnemers tesame met sekere data afkomstig van die bemagtigingsprogram is benut om 'n profiel van die mentor en van die mentee saam te stel.

Vir die profiel van die mentor is 10 deelnemers gebruik en 7 deelnemers vir dié van die mentees. Weens die feit dat van die deelnemers se biologiese pa hulle mentor is, kan daar 'n Hawthorne-effek in 'n mate voorgekom. Hierdie effek verwys na 'n situasie waarin deelnemers byvoorbeeld minder aggressief teenoor mekaar optree as waaraan hulle gewoon is omdat hulle bewus is daarvan dat hulle waargeneem word (Babbie, 2010:234; Meyer, 1998:35).

6.2.2.1 Mentor

Die mentor is 'n volwasse man wat as mentor vir 'n adolessente seun intree. Die mentor hoef nie noodwendig die biologiese pa van die seun te wees nie, alhoewel hy dit ook kan wees. Die mentor in hierdie studie staan reeds in 'n mentorverhouding met die betrokke adolessente seun. Die mentor is ouer as die adolessente seun en is self nie meer 'n adolessent nie.

6.2.2.2 Mentee

Die mentee is die adolessente seun wat deelgeneem het aan die ondersoek en was tussen 11 en 15 jaar oud. Hierdie seuns val in die groepering wat as *adolessente* bekend staan. Die Latynse beskrywing vir die woord mentee is *Protégé*. Odendaal en Gouws (2005:896) verwys na *Protégé* as 'n beskermling. Hierdie deelnemers is nie noodwendig seuns wat 'n hoë risiko loop om te ontspoor nie.

6.2.3 Meetinstrumente

Die insameling van data vir die bemagtigingsprogram het geskied volgens 'n semi-gestruktureerde onderhoudskedule. Dit handel oor areas van gemeenskaplike belang maar dit laat ruimte vir buigsaamheid ten opsigte van diepte en uitkyk (Greeff, 2002:298). Van-aangesig-tot-aangesig onderhoude gepaard met selfontwerpte vraelyste is deur die deelnemers ingevul. (Sien **Addendums 9** en **10**.) Met die gebruik van hierdie meetinstrument word die rykste en doeltreffendste data bekom (De Leeuw, 2009:314-318; Strydom, 2000:124-131; Strydom & Delport, 2005:332).

'n Metingskaal van die *National Mentoring Center* in die VSA is gebruik om die mentorverhouding te meet. (Sien **Addendum 8**.) Die skaal, *Measuring the quality of*

mentor-youth relationship: a tool for mentoring programs, is in samewerking met die *Office of juvenile justice and delinquency prevention* en die *Big Brothers Big Sisters of America* ontwikkel. Hierdie meetskaal is ook deur die *Big Brothers Big Sisters of America* gebruik. Die verwerking van die data afkomstig van hierdie skaal is verwerk aan die hand van die riglyne soos voorsien deur die *National Mentoring Centre*. Hierdie meetinstrument is vir sowel die voortoetsing as die natoetsing, wat twee maande later plaasgevind het, gebruik.

Diegene wat aan die fokusgroep deelgeneem het, het slegs die selfontwerpte vraelys ingevul. (Sien **Addendums 9 en 10.**)

6.2.4 Prosedure

❖ *Behoeftebepaling*

Die behoeftebepaling was beide kwalitatief en kwantitatief van aard. Die deelnemers aan die kwantitatiewe gedeelte van hierdie ondersoek was afkomstig van geselekteerde skole binne spesifieke geografiese areas. Die deelnemers aan die kwalitatiewe gedeelte van hierdie ondersoek is deur middel van 'n nieraarskynlikheid-seleksietipe kwotasteeekproef uit die deelnemers wat aan die kwantitatiewe ondersoek deelgeneem het, geselekteer.

❖ *Bemagtigingsprogram*

Aangesien die deelnemers reeds in 'n oop verhouding met mekaar staan, wat op vertroue en eerlikheid gebaseer is, is die aspekte gedurende die bemagtigingsprogram aangebied met beide groepe teenwoordig. 'n Evalueringsvraelys is aan die einde van elke aspek wat aan die beurt gekom het, uitgedeel waarin die deelnemers hulle beleving van die spesifieke aspekte kon weergee. (Sien **Addendum 12.**) 'n Addisionele progamevaluering na afloop van die program is gedoen waarin die deelnemers die inhoud van die bemagtigingsprogram geëvalueer het. (Sien **Addendum 13.**) Na afloop van die program is onderhoude met die deelnemers gevoer om meer kwalitatiewe data in te samel.

Die deelnemers het met die aanvang van die program 'n meetinstrument ingevul wat as voortoets gedien het. Dieselfde meetinstrument is na twee maande weer gebruik om die implementering en invloed van die bemagtigingsprogram te evalueer. Hierdie instrument het ook as natoets gedien. (Sien **Addendum 8 en 11.**) Deur hierdie meetinstrument te gebruik is kwalitatiewe data ingesamel wat persoonlike gevoelens en belevings insluit

(Green, 2000:3). Met die gebruik van kwalitatiewe data word indiepte-denke en beleving van die deelnemers ondersoek (Ivankova, Creswell & Clark, 2007:259).

Triangulering is bewerkstellig deur gebruik te maak van kwalitatiewe data wat op verskillende wyses getoets is, asook 'n klein inset van kwantitatiewe data, gepaard met 'n literatuurstudie. Dieselfde vraag is op verskillende wyses aan die deelnemers voorgehou. Hierdie deelnemers aan die bemagtigingsprogram is volgens 'n nie-waarskynlikheidseleksietipe sneeubaltipesteekproef geïdentifiseer en die data is in subtemas verwerk. Die benutting van 'n kombinasie van kwalitatiewe en kwantitatiewe data lewer 'n bydra tot die navorsing deurdat die navorser dan gelyktydig op verskillende vlakke 'n beter perspektief rakende die ondersoek verkry (Creswell, 2009:215).

❖ **Fokusgroep**

Diegene wat deelgeneem het aan die fokusgroep het uitsluitlik die selfontwerpte vraelys ingevul wat die deelnemers aan die bemagtigingsprogram ook ingevul het. (Sien **Addendums 9 & 10.**) Die data wat by die fokusgroep ingesamel is, is kwalitatief, met 'n gedeelte kwantitatief van aard. Weens die feit dat die deelnemers aan die fokusgroep dieselfde selfontwerpte vraelys as die deelnemers aan die bemagtigingsprogram ingevul het, is sekere van hierdie data ook by die kwalitatiewe ondersoek ingereken.

6.2.5 Etiese aspekte

Navorsers moet basies twee kategorieë tydens navorsing in ag neem. Eerstens is dit die verantwoordelikheid teenoor almal en alles wat deel uitmaak van die navorsing en tweedens die korrekte en eerlike weergawe van die navorsingsbevindinge (Marlow, 2001:26; Strydom, 2005:58).

Die integriteit van hierdie ondersoek is onderskryf deur die nakoming van die volgende beginsels (Babbie, 2010:64-72; Marlow, 2001:25-26; Strydom, 2005:58).

Geen skade mag aan die deelnemers gedoen word nie

Die deelnemers is nie fisies, geestelik of emosioneel geskaad nie. Dit is bereik deurdat die ongemaksvlakke van die deelnemers waargeneem is. Daar is toepaslik daarop gereageer.

Ingeligte toestemming

Omdat die mentee-deelnemers nog kinders is, is skriftelike toestemming van hulle ouers verkry (Bosman-Swanepoel & Wessels, 1995:13; South Africa, 2006:20). Die doel van die ondersoek is aan die deelnemers voorgehou waartydens hulle kon besluit of hulle aan die ondersoek wou deelneem of nie. Dit is bereik deurdat elke deelnemer en die ouers die nodige dokumente onderteken het.

Privaatheid, anonimiteit en vertroulikheid mag nie geskend word nie

Om te verseker dat die deelnemers se privaatheid nie geskend word nie, is die ingesamelde data deur die navorser self verwerk.

Etiese goedkeuring is by die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus, se Etiekkomitee verkry met die etiese nommer **NWU-0007-08-A1**. (Sien **Addendum 14**.)

6.2.6 Dataverwerking

Die data wat ingesamel is, is in subtemas verwerk om dit meer hanteerbaar en meetbaar te maak. Die data is verwerk deur middel van 'n samestelling van Marshall en Rossman asook Tesch se verwerkingsmetodes soos in Poggenpoel (1998:342-344) uiteengesit.

Die verwerking van die data uit die meetinstrument van die *National Mentoring Centre* van die VSA is ooreenkomstig die riglyne soos voorsien, verwerk.

7 Beperkinge van die ondersoek

Despite the glow that surround mentoring, only a handful of research studies on the topic have been published in academic journals, and methodological shortcomings have clouded interpretations of those findings (Rhodes, 2002:16). Daar is dus bevind dat vakkundige studies rakende mentorskap baie beperk is en dat die interpretering van die wese van mentorskap ook nie altyd korrek is nie.

Beperkinge van die ondersoek is soos volg:

- Suid-Afrikaanse literatuur ten opsigte van mentorskap wat nie korporatief van aard is nie, is baie beperk;
- Die inwoners van die Weskus is minder bewus van 'n mentorverhouding tussen 'n adolessente seun en 'n persoon buite die gesinsisteem.

- As gevolg van ongereelde werk in die visbedryf was die mentors onseker oor watter naweke hulle tyd saam met hulle mentees sou kon deurbring en of hulle aan die program sou kon deelneem.
- Die huidige ekonomiese toestand het baie potensiële deelnemers geen ander keuse gelaat nie as om elke naweek êrens te werk, gevolglik kon hulle nie by die program inskakel nie.
- Die beskikbaarheid van hulpbronne aan die Weskus is uiters beperk.
- Talle volwassenes sowel as adolessente het 'n wanbegrip van wat 'n mentorverhouding behels.
- Terugvoer van die deelnemers is baie traag en onvolledig.
- Deelname aan die fokusgroep was besonder gesinsgebonde.
- Daar mag 'n groot mate van die Hawthorne-effek voorkom deurdat die deelnemers bewus is daarvan dat die program deel uitmaak van 'n navorsingstudie en hulle die gesin dus wil beskerm en bepaalde gedrag wil voorhou.
- Min mans en seuns was bereid om aan die ondersoek deel te neem.

8 Begripsomskrywing

❖ Adolessent

Dit is die tydperk tussen kinderjare en volwassene (Meyer, 1998:16). McLeod en Hanks (1985:15) en Odendaal en Gouws (2005:17) verwys na 'n adolessent as 'n jeugdige in die lewensperiode vanaf die begin van puberteit tot mondigheid of volwassenheid. Puberteit kan al reeds so vroeg as op 9 jaar bereik word, die gemiddeld egter vir dogters is op 12 jaar en vir seuns op 14 jaar. 'n Minderjarige is 'n persoon onder die ouderdom van 18 jaar (South Africa, 2006:20). Die woord *adolessent* word afgelei van die Latynse werkwoord *adolescere* wat direk beteken om in volwassenheid in te groei (Zastrow & Kirst-Ashman, 2004:220).

Dit blyk dus dat 'n adolessent 'n jeugdige kan wees tussen die ouderdom van 12 en 17 jaar. Vir hierdie studiedoeleindes word na 'n adolessent verwys as 'n jeugdige in hierdie ouderdomsgroep.

❖ **Bemagtiging**

Odendaal en Gouws (2005:80) beskryf die werkwoord bemagtig as om aan 'n persoon mag toe te ken. McLeod en Hanks (1985:364) beskryf dit verder deur aan 'n persoon die nodige vaardigheid of toestemming te gee.

Bemagtiging vir hierdie studiedoeleindes is om 'n persoon toe te rus met die nodige kennis en vaardighede om die spesifieke uitdaging(s) onafhanklik in die toekoms self die hoof te kan bied.

❖ **Mentee(s)**

Sien Protégé.

❖ **Mentor(s)** (*Grieks: Μέντωρ*)

Collins Internet-linked Dictionary of Social Work (2006:322) beskryf 'n mentor as 'n persoon met ondervinding binne 'n bepaalde situasie wat raad of ondersteuning aan 'n ander persoon gee wat tans in 'n soortgelyke situasie staan. Hendricks en Hendrick (1995:18) is van mening dat 'n mentor daardie eienskappe wat versteek is in die gees van 'n seun uit te lig om hom sodoende te help om die man te word wie die seun graag wil wees. Die mentor is 'n persoon wat invloedryk is, ondervinding en lewenservaring het en wat in 'n persoonlike verhouding met die ander persoon staan (Steytler, 2007:12).

'n Mentor vir die adolessente seun blyk dus 'n volwasse man te wees wat die nodige ondervinding en vaardigheid het. Hierdie volwasse man dien as voorbeeld, rolmodel en rigtinggewer vir die adolessente seun. Hy bied ook ondersteuning, leiding, advies en geleenthede aan die adolessente seun en staan in 'n persoonlike verhouding met die adolessente seun.

❖ **Mentorverhouding**

'n Verhouding is 'n verstandhouding tussen twee persone of instansies (Odendaal & Gouws, 2005:1277). Hierdie persone of instansies kan gemeenskaplike belange en gevoelens deel en kan emosioneel gedrewe wees (McLeod & Hanks, 1985:969).

’n Mentorverhouding blyk dus ’n wedersydse verstandhouding tussen twee persone te wees waartydens die een persoon in sodanige posisie staan om die ander persoon te bemagtig vir ’n verhoogde lewenskwaliteit.

❖ **Protégé**

Odendaal en Gouws (2005:896) beskryf hierdie persoon as ’n beskermeling. *A person who is protected and aided by the patronage of another* (McLeod & Hanks, 1985:914).

’n Protégé blyk dus ’n persoon te wees wat deur ’n mentor gementor en beskerm word.

❖ **Psigososiale studie**

Sistematiese versameling en ontleding van die persoonlike en maatskaplike gegewens wat op die geval en die probleemsituasie betrekking het (Woordeboek vir maatskaplike werk, 1983:40).

❖ **Volwassene**

’n Persoon wat nie meer minderjarig is nie en wat volwassenheid bereik het (McLeod & Hanks, 1985:15; Odendaal & Gouws, 2005:1336).

Dit blyk dus dat ’n volwassene ’n persoon is van 18 jaar of ouer as daar bloot net na die chronologiese ouderdom gekyk word.

9 Keuse en struktuur van die navorsing

Die verslag word in artikelformaat uiteengesit. Daar word ook van gevallestudies wat afkomstig is uit die literatuurstudie gebruik gemaak om duidelikheid op die onderwerp uit te lig. *Case-study is a basic form of scientific inquiry that underpins effective professional practice especially in relation to human problems* (Bromley, 1986:2).

9.1 Artikelformaat

9.1.1 Struktuur van geheel

 Afdeling A

Die eerste afdeling is die algemene inleiding tot die studie. Die probleemstelling, sentrale teoretiese stelling, doelstelling en doelwitte, navorsingsmetodologie en begripsomskrywings word in hierdie afdeling uiteengesit.

Afdeling B

Vier artikels word by hierdie afdeling uiteengesit. Die **titels** van die artikels is soos volg:

-  **Artikel 1:** Die profiel van die volwasse man as mentor vir adolessente seuns.
-  **Artikel 2:** Die profiel van die adolessente seun as mentee.
-  **Artikel 3:** 'n Bemagtigingsprogram in mentorskap gerig op die mentor en die adolessente seun.
-  **Artikel 4:** Die uitwerking van 'n bemagtigingsprogram op die mentorverhouding tussen die mentor en die adolessente seun.

Afdeling C

In hierdie afdeling word die opsomming, gevolgtrekkings, aanbevelings en bydrae tot die studieveld uiteengesit.

Afdeling D

Al die addendums wat vir die ondersoek doeleindes gebruik is, word in hierdie afdeling voorgehou.

Afdeling E

'n Gesamentlike bibliografie van al die bronne wat gebruik is vir die ondersoek word hier weergegee.


Bibliografie

- ANON.** 2005. Better quality of life. *Sowetan*: 28 Oct. 26p.
- BABBIE, E.** 2010. The practice of social research. 12th ed. Belmont: Wadsworth.
- BIDDULPH, S.** 1998. Raising boys: Why boys are different – and how to help them become happy and well-balanced men. Lane Cove: Finch Publishing.
- BOSMAN-SWANEOPEL, H.M. & WESSELS, P.J.** 1995. 'n Praktiese benadering tot die Wet op Kindersorg. 2^{de} uitg. Pretoria: Digma.
- BROMLEY, D.B.** 1986. The case-study method in psychology and related disciplines. Chichester: John Wiley and Sons.
- CRESWELL, J.W.** 2009. Research design: qualitative, quantitative, and mixed methods approaches. 3rd ed. California: SAGE Publications.
- COLLINS INTERNET-LINKED DICTIONARY OF SOCIAL WORK.** 2006. Glasgow: Harper Collins.
- DACEY, J., KENNY, M. & MARGOLIS, D.** 2004. Adolescent development. 3rd ed. Ohio: Thomson Custom.
- DE LEEUW, E.** 2009. Self-administered questionnaires and standardized interviews. (*In* Alasuutari, P., Bickman, L. & Bronnen, J., eds. The SAGE handbook of social research methods. Paperback edition. London: SAGE. p. 313-327.)
- DETERMANN, D.K.** 2006. Intelligence. (*In* Microsoft® Encarta® 2006.) [CD].
- ENSHER, E.A. & MURPHY, S.E.** 2005. Power mentoring: how successful mentors and protégés get the most out of their relationships. San Francisco: Jossey-Bass.
- ERICKSON, B.M.** 1996. Men's unresolved father hunger: intervention and primary prevention. *Journal of family psychotherapy*, 7(4):37-62.
- FOUCHÉ, C.B. & DE VOS, A.S.** 2005. Problem formulation. (*In* De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L., eds. Research at grass roots: for the social sciences and human service professions. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik. p. 100-110.)
- GREEFF, M.** 2002. Information collection: interviewing. (*In* De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L., eds. Research at grass roots: for the social sciences and human service professions. 2nd ed. Pretoria: Van Schaik. p. 291-320.)
- GREEN, S.** 2000. Research methods in health, social and early years care. London: Stanley Thornes.

- GURIAN, M.** 1998. A fine young man: what parents, mentors and educators can do to shape adolescent boys into exceptional men. New York: Penguin Putnam.
- HENDRICKS, H. & HENDRICKS, W.** 1995. As Iron sharpens iron: building character in a mentoring relationship. Chicago: Moody Press.
- IVANKOVA, N.V., CRESWELL, J.W. & CLARK, V.L.P.** 2007. Foundations and approaches to mixed methods research. (*In Maree, K., ed. First steps in research. Pretoria: Van Schaik. p. 253-282.*)
- KISELICA, M.S.** 1999. Counseling teen fathers. (*In Horne, A.M. & Kiselica, M.S., eds. Handbook of counseling boys and adolescent males: a practitioner's guide. California: Sage Publications. p. 179-197.*)
- MARLOW, C.** 2001. Research methods for generalist social work. 3rd ed. Wadsworth: Brooks/Cole.
- MCKINNEY, R.** 2008. Research with minority and disadvantage groups. (*In Grinnell, R.M. & Unrau, Y.A., eds. Social work research and evaluation: foundations of evidence-based practice. 8th ed. New York: Oxford University Press. p. 345-366.*)
- MCLEOD, W.T. & HANKS, P.** 1985. The new Collins concise dictionary of the English language. London: Guild.
- MEYER, W.F.** 1998. Ontwikkelingsteorieë. (*In Louw, D.A., Van Ede, D.M. & Louw, A.D., eds. Menslike ontwikkeling. 3^{de} uitg. Kaapstad: Kagiso Tersiër. p. 3-39.*)
- MONETTE, D.R., SULLIVAN, T.J & DE JONG, C.R.** 2008. Applied social research: a tool for the human services. 7th ed. Belmont: Books/Cole.
- ODENDAAL, F.F. & GOUWS, R.H.** 2005. HAT: Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal. Kaapstad: Perskor.
- POGGENPOEL, M.** 1998. Data analysis in qualitative research. (*In De Vos, A.S., ed. Research at grass roots: a primer for the caring professions. p. 334-353.*)
- RHODES, J.E.** 2002. Stand by me: the risks and rewards of mentoring today's youth. Cambridge: Harvard University Press.
- RHODES, J.E., GROSSMAN, J.B. & ROFFMAN, J.** 2002. The rhetoric and reality of youth mentoring. (*In Rhodes, J.E., ed. New directions for youth development: a critical view of youth mentoring. California: Wiley Periodicals. p. 9-20.*)
- SHAFFER, S.M & GORDON, L.P.** 2005. Why boys don't talk and why it matters: a parent's survival guide to connecting with your teen. New York: McGraw-Hill.

- SMITH, A.** 2007. SA 'het erge gebrek aan rolmodel-mans'. *Burger*: 19, 15 Jun. Besikbaar: SA Media.
- SMITHSON, J.** 2009. Focus groups. (In Alasuutari, P., Bickman, L. & Bronnen, J., eds. *The SAGE handbook of social research methods*. Paperback edition. London: SAGE. p. 357-370.)
- SOUTH AFRICA.** 2006. Children's Act, no 38 of 2005. Cape Town: Govern Press. (No. 28944).
- STEYTLER, J.P.D.** 2007. Mentorskap in die maatskaplike funksionering van die seun in sy laat-middelkinderjare. Potchefstroom: Noordwes Universiteit, Potchefstroomkampus. (Verhandeling – MA).
- STEYTLER, J.P.D. & STRYDOM, H.** 2007. Die leemte wat deur die afwesige vader veroorsaak word by die seun in sy laat-middelkinderjare. *SA-eDUC Journal*, 4(1):29-39, November.
- STRYDOM, H.** 2000. Maatskaplikewerk-navorsing (MWK 321/411). Potchefstroom: PU vir CHO. (Diktaat).
- STRYDOM, H.** 2005. Ethical aspects of research in the social sciences and human service professions. (In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L., eds. *Research at grass roots: for the social sciences and human service professions*. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik. p. 56-70.)
- STRYDOM, H. & DELPORT, C.S.L.** 2005. Sampling and pilot study in qualitative research. (In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L., eds. *Research at grass roots: for the social sciences and human service professions*. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik. p. 327-332.)
- TYRE, P.** 2006. MSNBC – The trouble with boys. [web:] <http://www.msnbc.msn.com/id/10965522/site/newsweek/> [Date of access: 29 January 2006].
- WINEBURGH, A.L.** 2000. Treatment of children with absent fathers. *Child and Adolescent Social Work Journal*, 17(4):255-273, August.
- WOORDEBOEK VIR MAATSKAPLIKE WERK.** 1983. Verklarende Afrikaanse woordeboek vir maatskaplike werk met ekwivalente terminologie in Engels. Pretoria: Staatsdrukker.
- ZASTROW, C.H. & KIRST-ASHMAN, K.K.** 2004. Understanding human behavior and the social environment. 6th ed. Belmont: Brooks/Cole.

Afdeling B Artikels





Artikel 1

Die profiel van die volwasse man as mentor vir adolessente seuns

JPD Steytler & H Strydom

ABSTRACT

Historically, mentorship was a role men fulfilled with regard to younger boys. However, in South Africa this role has faded and is no longer necessarily fulfilled purposely by men. Adult men as natural mentors for adolescent boys are not always equipped with the necessary knowledge and skills to fulfil this role. This role as mentor demands a considerable amount of time and attention from the adult male and also that the adult should understand the perceptions of the adolescent. This article focuses on the profile of the adult male as mentor in a mentor relationship.

Keywords

Mentor profile
Mentoring
Protégé – Mentee
Mentor relationship
Adolescent boy

OPSOMMING

Deur die geskiedenis heen was mentorskap 'n rol wat mans ten opsigte van jonger seuns vervul het. In Suid-Afrika het hierdie rol egter heelwat vervaag en word nie meer doelbewus deur baie mans vervul nie. Volwasse mans wat as natuurlike mentors vir adolessente seuns intree, is nie altyd toegerus met die nodige kennis en vaardighede om hierdie rol te kan vervul nie. Hierdie rol as mentor verg heelwat van die volwasse man se tyd en aandag, en ook dat die volwassene die persepsies van die adolessente seun moet verstaan. Hierdie artikel fokus op die profiel van die volwasse man as mentor in 'n mentorverhouding.

Sleutelwoorde

Mentorprofiel
Mentorskap
Protégé – Mentee
Mentorverhouding
Adolessente seun



*Was 'n jaar maar net 'n merkie uitgekerf in 'n stukkie hout.
Was dit maar net die verloop van 'n trap sekondes.
Was dit maar een plant en een oes.
Nee, 'n jaar is 'n klomp duike in die borsplaat,
'n klomp snye aan die arms.*

*Gebatste hakke en tone wat naelloop getuies is
van waar klippe besaai was oor die pad.
'n Jaar kom en verdonker die vel, maak die hare ligter.*

*Omgee en beskerming kom tap uit jou uit deur die jaar,
maar die nuwe wyn van die Vader kom hervul tot oorlopens vol.
Gevegte moet geveg word,
medevegters moet gebackup word.*

*Dankie vriend, broer, dat jy my kom ophelp het
om my swaard op te tel en langs jou te kan baklei.
As jy erge aanslae vat, steek net jou arm uit,
my skouer sal naby wees om op te leuen.
Al is ek nog 'n slegte swaardvegter kan ek boogskiet,
ken ons al twee die Groot Meester.*

*Mag God jou skoon veg klere skenk,
maar die ervaring van vorige stryde laat onthou.
Mag God jou naby sy bors vashou en in jou oor fluister
en jou kom leer, jou kom vertel waarom Sy hart bokspring.
Mag jou voete soos 'n ribbok wees en jou hart soos 'n leeuwelpie.
Mag jy ryklik geseën word deur die Koning van die konings.*

Jean du Plessis – 19 jaar

(Du Plessis, 2003)



1 Inleiding

Die voorkoms van die *mentorverhouding* is duidelik waarneembaar oor die eeue heen. Die Chinese konings Yao, Shun en Yu het ongeveer tussen die jare 2333 en 2177 vC reeds hulle opvolger opgelei om later in hulle skoene te kon staan (Taylor & Bressler, 2000:viii). Enkele voorbeelde uit die Ou Testament is dat Moses vir Joshua, en Elia vir Elisa as mentor opgetree het. In die Nuwe Testamentiese tyd het Paulus Timoteus (Bybel, 1983) onder sy vlerk geneem. Dat die hedendaagse seuns behoefte het aan 'n mentor en 'n mentorverhouding is dus nie uniek nie. Chen, Greenberger, Farruggia, Bush en Dong (2003:35-36) het in China asook in die VSA die rol van die nie-ouer volwassene in die ontwikkeling van die adolessent nagevors. Uit genoemde outeurs se navorsing is bevind dat hierdie nie-ouers of natuurlike mentors 'n sterk invloed op die adolessent se lewe uitoefen. Kinders wat gementor word, hetsy deur die ouer of die nie-ouer, het 'n breër maatskaplike netwerk om hulle te ondersteun as dié sonder hierdie leiding. Navorsing deur Steytler (2007:88) het bevind dat adolessente seuns wat in 'n mentorverhouding staan, psigososiaal beter funksioneer.

Adolessente val binne die ouderdomskategorie *kinders* deurdát hulle nog jonger as 18 jaar is. 'n Groot persentasie kennis wat kinders inneem, vind plaas deur waarneming. Hierdie teorie dat leer deur *sosiale interaksie* of *dialektiese uitruiling* geskied, is dekades gelede deur die Russiese psigoloog, Lev Semenovitch Vygotsky (1896-1934), ontwikkel (Meyer & Van Ede, 1998:90; Papalia, Olds & Feldman, 2006:39; Thompson, 2006). Die persoon wat die adolessent mentor, moet dus ingestel wees van sy eie optrede en dit wat hy sê, aangesien dit 'n blywende indruk by die mentee laat. Hierdie artikel fokus op die profiel van die mentor wat geruime tyd reeds in 'n mentorverhouding met 'n seun staan.

2 Probleemstelling

Weens die feit dat seuns vrees dat hulle dalk deur hulle ouers gemarginaliseer, geëtiketteer of geoordeel gaan word, blyk dit juis dat hulle nie hulle ouers nader met betrekking tot hulle probleme nie (Shaffer & Gordon, 2005:2). Hierdie tendens wek kommer, want dit gee aanleiding tot die vraag: By wie of hoe gaan die seun dan ontlont en sekere vaardighede aanleer? Indien die mentor of die mentee emosies verkeerd hanteer, kan dit, onder andere, tot psigososiale gedragsprobleme lei, soos die misbruik



van chemiese substansie, gewelddadige optrede asook tienerouerskap. Genoemde uitkomst is maar enkele gevolge en elk het 'n rimpeleffek op die breër samelewing.

In die Westerse samelewing word ouers soms as dié enkele verantwoordbare persone rakende hulle kinders beskou. Die betrokkenheid van persone buite die gesin word soms as verdag of as ongemaklik beleef. Min volwassenes wil betrokke raak by ondersteuning en rigtinggewing aan die jeug buite hulle families (Rhodes, 2002:11,28). Dit kan onder andere toegeskryf word aan vrees vir aanklagte ten opsigte van wangedrag. Adolessente se toenemende seksuele wangedrag soos molestering en verkragting asook geweld kan ook 'n rede wees waarom minder volwassenes veilig voel om betrokke te raak by adolessente buite die familie, oftewel die gesin.

Die doelstelling van hierdie ondersoek is om die profiel van die volwasse man wat reeds in 'n mentorverhouding staan, saam te stel. Om aan hierdie doelstelling te kan beantwoord is sekere doelwitte gestel. Doelwitte is bereik deurdat die deelnemers verskeie vraelyste ingevul het, die navorser 'n onderhoud met elke deelnemer gevoer het en geselekteerde deelnemers aan 'n bemagtigingsprogram deelgeneem het.

3 Navorsingsmetodologie

'n Navorsingsproses word daaraan gekenmerk dat dit ingelui word met 'n probleemstelling en dit afgesluit word met 'n gevolgtrekking. Die data is logies en georden en gaan gepaard met 'n teoretiese stelling. Hierdie proses bevestig of verwerp dan die teoretiese stelling op grond van die data wat uit die ondersoek bekom is. Die gevolgtrekking, waartoe geraak is op grond van data uit die ondersoek, beantwoord dan die probleem wat aanvanklik geïdentifiseer is (Fouché & Delport, 2005:72). Aanbevelings ten opsigte van en bydraes tot die studieveld word in **Afdeling C** van hierdie verslag weergegee.

Kwalitatiewe onderhoudvoering is as kwalitatiewe benadering onderneem deur middel van indiepte-onderhoude met die mentors en verskeie vraelyste wat hulle ingevul het. Hierdie deelnemers staan elkeen reeds in 'n mentorverhouding met 'n seun. Data van hierdie deelnemers is bekom deurdat hulle beide selfgeadministreerde vraelyste (Delport, 2005:168) en 'n gestandaardiseerde vraelys van die *National Mentoring Center*¹ van die VSA ingevul het. Weens die feit dat al die deelnemers Afrikaanssprekend is, het

¹ Hierdie vraelys is ook deur die Big Brothers Big Sisters van die VSA gebruik.



die navorser die gestandaardiseerde vraelys van die *National Mentoring Center* in Afrikaans vertaal. (Sien **Addendum 8.**) Om die betroubaarheid van die vertaling te toets is die vraelys deur 'n professionele persoon binne die vakgebied maatskaplike werk terug vertaal in Engels. Oorspronklike Engelse weergawes van die vraelyste was ook aan die deelnemers beskikbaar gestel. (Sien **Addendum 8.**) Die dataverwerking van hierdie gestandaardiseerde vraelys is ooreenkomstig die voorgeskrewe handleiding gedoen. Die selfgeadministreerde vrae was deels gebaseer op die Likert-skaal en deels op oopvraagstellings (Neuman, 2006:207).

Om 'n beter en meer betroubare profiel van die mentor te kan saamstel is daar verder van fokusgroepe gebruik gemaak. Die meerderheid deelnemers by hierdie fokusgroepe was nie betrokke by die bemagtigingsprogram nie. Hierdie volwasse mans by die fokusgroepe, wat ook mentors vir seuns is, het dieselfde selfgeadministreerde vraelys as die deelnemers by die indiepte-onderzoek ingevul. Indien die profiel van hierdie deelnemers nie binne die voorafbepaalde taal en geloofsbeskouing geval het nie, is hulle data buite rekening gelaat. Die deelnemers wat wel by die program betrokke was, het nie weer die vraelyste tydens die fokusgroepe-sessies ingevul nie.

'n Literatuurstudie is onderneem om die data te ondersteun, te verwerp of nuwe insigte te verkry. Triangulering is bereik deur die toepas van verskillende metodes om ooreenstemmende bevindinge te toets (Babbie, 2007:113). Opmerkings van die deelnemers word verbatim aangehaal om 'n onderwerp duidelik toe te lig. Weens vertroulikheid en ooreenkomstig etiese riglyne word geen persoonlike of identifiseerde besonderhede van die deelnemers weergegee nie.

Talle verskille kom voor tussen die verskeie kulture – internasionaal asook in Suid-Afrika – en dit is noodsaaklik dat kinders binne hulle eie kultuurverband hanteer moet word. Kulture hanteer egter hulle kinders op hul eie wyse (Bernardes, 1997:108). 'n Meer gefokusde studie is onderneem deurdat die deelnemers dieselfde taal praat en geloof aanhang.

4 Die bio-psigososiale eienskappe van die volwasse man binne 'n mentorverhouding

Die bio-psigososiale eienskappe van die volwasse man wat as mentor vir seuns intree en wat aan die ondersoek deelgeneem het, word onder die volgende subtemas uiteengesit.



4.1 Ouderdom

Gerdes, Louw, Van Ede en Louw (1998:478) klassifiseer volwassenheid in drie ouderdomstydperke, naamlik vroeë volwassenheid (20-39 jaar), middelvolwassenheid (40-59 jaar) en laatvolwassenheid of bejaardheid (60+ jaar). Zastrow en Kirst-Ashman (2004:388) groepeer volwassenheid in dieselfde kategorieë. Die ouderdomsperke verskil egter. Laasgenoemde outeurs se ouderdomsgroepe is vroeë volwassenheid (17-45 jaar), middelvolwassenheid (40-65 jaar) en laatvolwassenheid (60+ jaar). In laasgenoemde outeurs se klassifisering oorvleuel die laaste vyf jaar van middelvolwassenheid na laatvolwassenheid mekaar; dus is daar nie 'n duidelike grens tussen middel- en laatvolwassenheid nie. Volgens Bosman-Swanepoel en Wessels (1995:12) en Die Kinderwet, Wet 38 van 2005 (South Africa, 2006:20), is 'n persoon onder die ouderdom van 18 jaar 'n kind. Vir doeleindes van hierdie studie is die groepering van vroeë volwassenheid tussen die ouderdomme 18 en 39 jaar, middelvolwassenheid tussen 40 en 59 jaar en laatvolwassenheid of bejaarde persone van 60 jaar en ouer.

Van die tien deelnemers (N=10) wat aan die ondersoek deelgeneem het, was 80% vroeë volwassenes met 'n ouderdomsverskil van 4 jaar tussen die oudste en die jongste deelnemer. Slegs 20% van die deelnemers was in die groepering middelvolwassenheid met 'n groot ouderdomsverskil van 10 jaar. Van al die deelnemers was slegs 1 nie na aan die einde of na aan die begin van 'n lewenstydperk nie.

4.2 Generasie

'n Persoon se generasie word gekoppel aan die jaar waarin hy/sy gebore is. Anders as die lewenstydperk waarin 'n persoon verkeer en wat verander volgens dié se ouderdom, bly generasies onveranderd. Sekere kenmerkende gedrag en gedragspatrone kom binne elke generasie voor en is uniek aan daardie generasie. **Tabel 1** is 'n uiteensetting van die generasies.

Tabel 1 – Generasies

Generasie	VSA	Europa	Japan	Suid-Afrika
<i>GI's</i>	1900 – 1923	1900 – 1918	1900 – 1925	1900 – 1929
<i>Silents</i>	1923 – 1942	1918 – 1945	1925 – 1945	1930 – 1949
<i>Boomers</i>	1943 – 1962	1946 – 1965	1945 – 1965	1950 – 1969
<i>X-ers</i>	1963 – 1983	1966 – 1984	1966 – 1985	1970 – 1989
<i>Millenniums</i>	1984 – 2001+	1985 – 2001+	1986 – 2001+	1990 – 2005+

(Codrington & Grant-Marshall, 2004:19)



Enkele unieke voorbeelde van die *Boomers* is dat hulle die produktiefste blyk te funksioneer indien hulle volgens 'n Missie, Visie en Doel werk (Codrington & Grant-Marshall, 2004:152-154). Op hul beurt blyk *X-ers* persone te wees wat buitemuurse ontspanning soos roei in 'n sport verander en meer geneig is om aan uitdagende sportsoorte soos rotsklim en valskerm-vryval deel te neem.

Volgens **Tabel 1** val 80% van die deelnemers op die grens tussen die *Boomers* en die *X-ers*, gegewe 'n speling van 5 jaar. Slegs een deelnemer val duidelik in die groepering van die *Boomers* en een deelnemer in dié van die *X-ers*. Dit blyk dat die meerderheid deelnemers wat tans 'n mentorverhouding met 'n seun op 'n jong ouderdom aanknoop, self in die oorgangstydperk van een generasie na 'n ander val, met 'n sterker neiging na die *X-ers*. Volgens die Associated Press (Anon, 2009) is die huidige generasiegaping in die VSA die grootste sedert die Viëtnamese oorlog 40 jaar gelede. Die grootste verskille is egter in uitgangspunte met betrekking tot waardes en norme.

4.3 Gesinsamestelling

Die tradisionele gesin het bestaan uit die vader, die moeder en ten minste een kind waar die vader die broodwinner was en die moeder die versorger (De Bruyn, 1989:1; Erickson, 1996:53; Gurian, 1998:36). Gesinsamestelling het met verloop van tyd baie verander, met heelwat nuwe vorme van gesinsisteme. Navorsing wat deur Venter (2004:63-64) in Suid-Afrika onderneem is, het elf soorte gesinne geïdentifiseer. Hierdie elf vorme het elk sy eie subsisteme wat die verskeidenheid gesinsamestellings heelwat verbreed. Dit sluit homoseksuele, poligame en *Child-Headed Household*²-gesinne in. Die deelnemers se gesinsamestelling word in **Tabel 2** uiteengesit.

Tabel 2 – Gesinsamestelling van die mentor

	Ongetroud	Getroud	Geskei	Wewenaar	Net seuns as kinders	Net dogters as kinders	Meer seuns as dogters	Meer dogters as seuns	Gelyke aantal	Geen kinders nie
Frekwensie (f)	-	10	-	-	2	-	1	-	7	-

² Gesin waar geen biologiese ouers meer deel uitmaak van die gesin nie en die primêre versorger in die gesin onder die ouderdom van 18 jaar is.



Al die deelnemers (N=10) is getroud met hulle eerste vrou en maak deel uit van die groepering *tradisionele gesin*. Afwyking van die tradisionele gesin soos per definisie voorgelê, mag wees dat die moeder van die gesin ook werk en 'n inkomste vir die gesin help genereer.

Die deelnemers is almal ouers en het hulle eie biologiese kinders. Geen deelnemer was 'n pleegouer nie. Hierdie bevinding word in die literatuur deur Zastrow en Kirst-Ashman (2004:289) ondersteun deurdat genoemde outeur van mening is dat 90% van alle getroude persone kinders sal hê. Die meerderheid deelnemers het ewe veel seuns en dogters in die gesin. Geen deelnemer het meer dogters as seuns nie, maar daar is wel deelnemers wat óf net seuns óf meer seuns as dogters in die gesin het. Weens die feit dat geen deelnemer net dogters of meer dogters as seuns het nie, blyk dit dat die neiging is dat mans met seuns meer geneig is om 'n mentor vir seuns te wees as mans wat nie seuns het nie.

4.4 Beroep

Soos die res van die wêreld beleef Suid-Afrika 'n resessie wat groot druk op die gesin plaas. Volgens *Statistics South Africa* (2009:v) se kwartaalverslag wat op 28 Julie 2009 vrygestel is, is 23.6% van alle Suid-Afkaners wat werkmagtig is, werkloos. Dit blyk verder dat die werkloosheidsyfer nie verbeter nie en dat al hoe meer Suid-Afkaners hulle werk verloor. (Sien **Tabel 3**.) Weens die feit dat die resessie ekonomiese druk op die werkgewer plaas, blyk dit dat verhogings, indien enige, laer is as in vorige jare. Hierdie ekonomiese veranderinge kan meebring dat die volwasse man as broodwinner onder groter druk gebuk sal gaan om sy gesin se finansiële sekuriteit te kan verseker en in die gesin se basiese behoeftes te kan voorsien.

Die deelnemers (N=10) staan almal in 'n voltydse beroep, van wie een 'n teoloog, een 'n korrektiewe beampte, twee bestuurders, een 'n visserman, een 'n boer is en vier hulle eie onderneming bedryf. Insluitende die boer en die visserman wat nie deur 'n organisasie in diens geneem is nie, is sestig persent van die deelnemers self verantwoordelik vir 'n maandelikse inkomste deur hulle eie onderneming. Ten spyte van die huidige resessie blyk dit dat die volwasse man wat as mentor intree 'n persoon is wat voltyds werk of wat in sy eie finansiële behoeftes voorsien.



Tabel 3 – Arbeidsmarkstatistiek

	Apr–Jun 2008	Jan–Mar 2009	Apr–Jun 2009	Qrt to Qrt change	Year-on year change	P-value (Qrt to Qrt)
Thousand						
Population 15–64 yrs	30 705	30 987	31 080	93	375	
Labour force	17 844	17 820	17 495	-325	-349	0,00
Employed	13 729	13 636	13 369	-267	-360	0,00
Formal sector (Non-agricultural)	9 415	9 449	9 356	-93	-59	0,16
Informal sector (Non-agricultural)	2 340	2 150	2 109	-41	-231	0,34
Agriculture	790	738	710	-28	-80	0,41
Private households	1 185	1 299	1 194	-105	9	0,00
Unemployed	4 114	4 184	4 125	-59	11	0,45
Not economically active	12 861	13 166	13 585	419	724	0,00
Discouraged work-seekers	1 079	1 215	1 517	302	438	0,00
Other (not economically active)	11 783	11 951	12 068	117	285	0,15
Rates (%)						
Unemployment rate	23,1	23,5	23,6	0,1	0,5	0,79
Employed / population ratio						
(Absorption)	44,7	44,0	43,0	-1,0	-1,7	0,00
Labour force participation rate	58,1	57,5	56,3	-1,2	-1,8	0,00

(Statistics South Africa, 2009:v)

Volgens die akademiese agtergrond van die deelnemers beskik 40% van hulle oor 'n tersiêre kwalifikasie, 50% oor net 'n matriek senior sertifikaat en slegs 10% met net 'n standerd 8 (graad 10)-kwalifikasie. Die meerderheid deelnemers het hulle skoolloopbaan voltooi. Dit blyk dus dat die mentor akademie baie belangrik ag deurdat die meerderheid skool voltooi het en 'n groot persentasie tersiêre opleiding ontvang het.

Afleidings kan nie gemaak word dat mans in sekere beroepsrigtings meer in die rigting van mentorskap neig nie. Jeugwerk en onderwys is mensgesentreerde professies maar dit beteken nie dat hulle mentors is, of in 'n mate goeie mentors is nie. Mentorskap vir 'n adolessente seun is nie soseer beroepsgebonde nie; eerder persoonlikheidsgebonde.



4.5 Persoonlikheid

Welty (1989:55-57) beskryf enkele gewenste eienskappe van 'n mentor. Hierdie eienskappe is dat 'n mentor:

- deel moet uitmaak van 'n netwerk van liefde en ondersteuning;
- die adolessente se ontwikkelingsvaardighede moet verstaan;
- 'n luisterprofiel moet weerspieël;
- vertrouwe en oortuigings moet vestig;
- die vertroulikheidsomgewing van die mentorverhouding moet verstaan;
- sy eie adolessente ondervinding moet verstaan.

Die eienskappe hierbo aangedui impliseer dat wie die mentor is, veel belangriker is as wat die mentor doen (Welty, 1989:58). Die persoonlikheid van die mentor en sy oordra en uitleef daarvan het 'n direkte invloed op die mentorverhouding.

Die vier (N=4) mentor deelnemers wat aan die bemagtigingsprogram deelgeneem het, skryf verskeie karaktereenskappe aan hulleself toe. Hierdie eienskappe sluit in: **doelgerig** (f=1); **lief vir mense** (f=2); **gedissiplineerd** (f=2); **mensgeoriënteerd** (f=2); **humeurig** (f=1); **gefokus op persoonlike tyd** (f=1); **stiptelik** (f=1); en **vriendelik** (f=2). Vyf en sewentig persent van hierdie deelnemers is van mening dat hulle streng en ferm optree en duidelike grense stel. Die belangrikheid daarvan om duidelike grense te stel en daarop te reageer indien hierdie grense oortree word, word ondersteun in die literatuur soos dit deur Louw, Van Ede en Ferns (1998:354) uitgelig is. Slegs een van die deelnemers blyk meer 'n Laissez-faire tipe styl te handhaaf deurdat hy sy mentee baie minder rigting gee en hom meer gereeld aan sy eie oordeel oorlaat (Zastrow & Kirst-Ashman, 2004:324).

Die vier (N=4) mentees van die bemagtigingsprogram beskryf hulle mentors as **positief** (f=1), **vriendelik** (f=1), **gefokus op persoonlike tyd** (f=1), **streng** (f=1), **spontane persoon** (f=1), **sagmoedige persoonlikheid** (f=1), **humeurig** (f=1), **intelligent** (f=1), **rigtinggewend** (f=1) en **liefdevol** (f=1). Volgens die data beleef die mentees hulle mentors se persoonlikheid as besonder positief met 'n sagte sy eerder as 'n harde persoon wat sterk fokus op negatiewe dissiplinering. Daar is 'n duidelike ooreenkoms tussen hoe die mentors hulleself sien en hoe die mentees hulle beleef.

Die persoonlikheid van die deelnemers, gesien binne die generasies soos dit in **paragraaf 4.2** van hierdie afdeling en in Codrington en Grant-Marshall (2004:36-46, 81-87) beskryf



en uiteengesit is, het *Boomers* grootgeword met baie vryheid, iets wat hulle ouers, die *GI's*, nie geoorloof was nie en dit hulle kinders nou vrylik gun. Hulle is soms baie materialisties opgevoed. Hierdie generasie het grootgeword sonder sonskerm, agter op 'n oop bakkie gery, fietse en motorfietse sonder valhelms gery, kon vrylik alles doen maar moes voor sonsondergang terug wees by die huis, en beide honde en fietse het lisensies gehad. Dat 'n ouer sy kind uit die tronkselle moes gaan haal, het nie voorgekom nie. Gepaard met die baie vryheid het negatiewe veranderinge ook ingetree. Morele waardes het verander – nie ten goede nie – en daar moes ingetree word. Voorbehoedmiddels soos die voorbehoedpil asook kondome het op die mark verskyn. Die tendens van laer morele waardes en makliker toegang tot voorbehoedmiddels kon gelei het tot 'n toename in maatskaplike hulpverlening.

Genoemde omgewings- en samelewingsfaktore blyk 'n oorsaaklike faktor te wees vir *Boomers* as volwassenes om meer materialisties en veel meer oorheersend te raak namate hulle ouer word.

Die *X-ers* word gekenmerk deur oorbelle in die ore en lippe. Dit blyk dat die *X-ers* kinders was wat van kindsbeen af moes veg om deur hulle ouers raakgesien te word. Die *X-er*-kind het grootgeword in 'n omgewing waarin daar nie juis aandag aan die kind geskenk is nie. Die ouers van die *X-ers* blyk te besig te wees met die aandag wat hulle op hulleself rig, eerder as op hul kinders (Codrington & Grant-Marshall, 2004:87-93). Jeugdige *X-ers* het van vroeg af reeds die korporatiewe wêreld betree. Wetgewing is opgeskerp om hierdie kwesbare generasie te beskerm en die Wet op Kindersorg, Wet 74 van 1983, is ingestel. Volgens laasgenoemde outeurs beskou die vorige geslagte die *X-ers* as uiters arrogant. Dit kan moontlik toegeskryf word daaraan dat hierdie generasie hardwerkend is, met 'n sterk individuele lewensbeskouing. Die *X-er* kan ten beste deur middel van 'n mentorverhouding benader word. Hulle reageer baie positief op persoonlike gesag en respekteer kwalifikasies en gespesialiseerdheid (Codrington & Grant-Marshall, 2004:131). Dit blyk dat die *X-ers* meer beskermend en betrokke optree teenoor sy gesin en die mense met wie hy interaktief verkeer.

4.6 Kriminele oortredings

Ten spyte daarvan dat kriminele oortredings in Suid-Afrika blyk aan die toeneem te wees, het geen deelnemer aangetoon dat hy 'n kriminele oortreding begaan het en gevonnissen is nie. Volgens Artikel 120 van Die Kinderwet, Wet 38 van 2005, mag geen persoon wat 'n



misdaad gepleeg het wat met 'n kind verband hou, met kinders werk of betrokke wees by aktiwiteite wat kinders insluit nie (South Africa, 2006:82). Hierdie artikel van Die Kinderwet, Wet 38 van 2005, het egter nog nie in werking getree nie.

4.7 Tydsbesteding

Volgens Vaill (2003:11) bring die gemiddelde pa minder as 15 minute per dag saam met sy kinders deur. Die Boston Universiteit in die VSA het navorsing gedoen en bevind dat die gemiddelde pa 2.7 maal per dag kwaliteit interaktief met sy kind verkeer, met 'n gemiddeld van 37 sekondes elk (McClung, 1994:88). Brown (1999:48) stel dit soos volg: *The sad reality that boys need to have male models and the fact that fathers, in general, spend far too little time interacting with their sons has been noted.* Die gemiddelde tyd uiteensetting van hoe die deelnemers hulle tyd per dag benut, word in die volgende kategorieë uitgedeel. Die naweek se tydskedule is bygereken.

Tabel 4 – Gemiddelde tydsbesteding van die mentor

Persoonlike tyd						Gesinstyd	Kwaliteit tyd (Individuele aandag)			Totaal
	Slaap	Individuele aktiwiteite	Ontspanning, Rekreasie, Sport, Stokperdjies	Werk		Etes, TV, Kuier, Kerk	Eggenoot	Per kind wat inwoon	Per Mentee	24 Uur per dag
Frekwensie	8	1	½	9½		3	½	½	1	24

Dit blyk dat die min tye van toegewyde aandag waartydens die biologiese pa wat sy kind mentor aan hom bestee, steeds meer is as wat in die literatuur aangedui is. (Sien **Tabel 4.**)

Van die deelnemers se data is nie korrek ingevul nie en hulle dag se uur-aanduidings het nie 'n somtotaal van 24 opgelewer nie. Hierdie deelnemers se data is buite rekening gelaat. Die data wat hulle egter wel ingevul het, dui daarop dat die meeste tyd aan slaap en werk bestee word, gevolg deur meer gelyke ooreenkomste tussen eggenoot, ontspanning en gesinstyd. Dit stem ooreen met die data wat wel korrek ingevul is.

4.8 Geestelike welstand

Soos in **paragraaf 1** van hierdie afdeling reeds na verwys is, kom mentors en mentorverhoudinge eeue lank reeds voor. Hierdie mentorverhoudinge vind binne en



buite spirituele kontekste plaas. Die tendens bly egter dat daar 'n spirituele of transendentale vlak is. Hierdie tendens is in die ondersoek bevind en word ook deur die literatuur ondersteun.

Volgens Anon (2009) is geloof of spiritualiteit besig om onder jonger geslagte af te neem. Navorsing wat deur *Associated Press* van die VSA onderneem is, het bevind dat 66.7% van die deelnemers ouer as 65 jaar geloof as baie belangrik ag. Volgens hierdie ondersoek het persone tussen 30 en 49 jaar skaars bo 50% geloof as belangrik geag en persone tussen 18 en 29 slegs 44% (Anon, 2009).

Almal wat aan hierdie ondersoek deelgeneem het, beleef dat hulle rol as mentor 'n geestelike sy het en dat hulle 'n invloed op hulle mentee se verhouding met die Here het. Een van die deelnemers verwoord dit soos volg: [Die Here is] *100% deel van ons lewe. Ons verhouding met die Here is primêr in ons lewens*. Volgens die Likert-skaal van 0 tot 10 waar 0 die minste is en 10 die meeste, het die deelnemers hul verhouding met die Here soos volg op die skaal aangedui. Twee het 'n 5, een 'n 6, een 'n 7, drie 'n 8, een 'n 9 en twee 'n 10 aangedui. Volgens hierdie skaal speel die geestelike dimensie vir die mentor 'n besonder noemenswaardige rol in die mentorverhouding. In teenstelling met die bevindinge van die navorsing wat deur *Associated Press* in die VSA onderneem is, ag die meerderheid deelnemers aan die onderhawige ondersoek geloof baie belangrik.

5 Die behoeftes van die gemiddelde mentor

Volgens Maslow se behoeftehiërargie, soos in Edwards (1998:423) uiteengesit, het alle mense dieselfde spesifieke behoeftes. (Sien **Tabel 5**.) Hierdie psigoloog, wat 'n paradigma vanuit 'n humanistiese beskouing skets, onderskei tussen twee vlakke behoeftes (Meyer & Van Ede, 1998:70). Op die eerste (primêre) vlak lê die gebreksbehoeftes wat strek tot by agting, en op die tweede (sekondêre) vlak, die groeibehoeftes (selfaktualisering en transendensie). Eers wanneer daar in 'n persoon se gebreksbehoeftes voorsien is, of gereeld daarin voorsien word, tree die groeibehoeftes op die voorgrond.

Die behoeftes van die deelnemers aan die bemagtigingsprogram word onderskei as Geestelike groei ($f=1$), Familie of Gesin ($f=3$) en Sekuriteit ($f=3$). Hierdie emosionele behoeftes by die mentors word ondersteun deur Behr, Cilliers en Meyer (1988:26-30)



deurdat hulle daarop wys dat elke mens na die vervulling van die basiese behoefte aan liefde, sekuriteit, aanvaarding en erkenning hunker.

Tabel 5 – Maslow se behoeftehiërargie

Vlak	Behoefte aan:	Gemoed met:	Voorbeelde:
Hoogste	Transendensie	Die vind van 'n identiteit buite jouself	Ervaring van die lewe as heilig; ervaring van die wêreld met ontsag.
↑	Selfaktualisering	Vervulling van 'n mens se volle potensiaal	Volle ervaring van die lewe; ontwikkeling van eie unieke waardes en kapasiteite.
↑	Agting	Erkenning en prestasie	Stel van doelwitte en bereiking daarvan; bemeestering van iets moeiliks.
↑	Liefde en om te behoort	Affilasie en aanvaarding	Om deel van 'n groep te wees; om versorg te word, verstaan te word, en intiem te verkeer.
↑	Veiligheid	Langtermyn-oorlewing en gerief	Orde, stabiliteit, vaste werk, om 'n huis te besit, en geld gespaar te kry.
Laagste	Fisiologies	Onmiddellike oorlewing en gerief	Beskutting, voedsel, slaap, en seks.

(Edwards, 1998:423)

Binne hierdie hiërargie het die mentor 'n behoefte aan veiligheid ($f=3$), liefde en om te behoort ($f=3$) en transendensie ($f=1$). Indien daar in die mentor se gebreksbehoefte voorsien en sy groeibehoeftes gestimuleer word, kan hy meer produktief aandag skenk en tyd afstaan aan sy mentee en sy gesin.

By die mentors wat aan hierdie ondersoek deelgeneem het, is bevind dat die meerderheid hulle aandag na hulle gesinne wend en nie soseer die aandag en fokus op hulleself rig nie. Gemeet aan Maslow se paradigma en hiërargie word in die deelnemers se *gebreksbehoefte* sowel as hulle *groeibehoeftes* voorsien.

6 Die mentorverhouding

Adolessente seuns het behoefte daaraan om gementor te word, maar daar is min mans wat bereid is om as mentors in te tree. Baie kennis en vaardighede gaan verlore weens volwassenes wat nie altyd bereid is om tyd en aandag te skenk aan die jonger geslagte nie. In die Westerse kultuur blyk dit meer algemeen voor te kom dat volwassenes geneig



is om bejaarde persone, wat oor baie kennis en lewenservaring beskik en hierdie kennis aan nuwer geslagte kan oordra, uit te sluit (Williams, 1994). Die voormalige Minister van Welsyn en Bevolkingsontwikkeling, Minister Williams, het dit soos volg verwoord: *Ek kry soms die indruk dat daar by die gemeenskap die persepsie bestaan dat 'n afgetrede of ouer persoon nie langer in staat is om 'n bydrae in die gemeenskap te maak nie* (Williams, 1994). Dit blyk dus dat die gemeenskap bejaardes, wat 'n belangrike rol as mentors kan vervul, marginaliseer en as potensiele mentors uitskakel. Die gevolg is dat opvolgende geslagte hierdie kennis en vaardighede sal moet oplees. Sodoende raak dit al minder persoonlik. *Interaction with supportive adults, to whom a young person can turn for guidance and nurturing, is a key to navigating the slippery path to productive adulthood* (Taylor & Bressler, 2000:xii). Die inspraak wat die volwassene op 'n jongmens se lewe het, kan groot veranderinge by die jongmens teweeg bring.

Slegs 60% van die deelnemers is bereid om seuns buite die gesin te mentor, 30% is nie bereid nie en 10% is onseker. Dertig persent van die deelnemers mentor egter reeds seuns buite die gesinsisteem. Hierdie tendens word ondersteun deur Dacey *et al.* (2004:229) deurdat hulle daarop wys dat die behoefte aan 'n mentor sterk is, maar dat min mans doelbewus intree as mentors, veral vir seuns buite die gesinsisteem.

Die meerderheid deelnemers is van mening dat hulle seuns mentor, omdat;

- hulle lief is vir die seuns;
- net die beste vir hulle wil verlang;
- bepaalde insette wil lewer – hulle voorberei, geestelik en emosioneel; en
- hulle wil hê dat die mentee 'n sukses van sy lewe moet maak.

Alhoewel die meerderheid deelnemers aangetoon het dat hulle bereid is om 'n seun buite sy gesin te mentor, het slegs 10% aangedui dat hulle ten gunste is daarvan dat iemand anders hulle seun mentor. Volgens die Likert-skaal van 0 (die laagste) tot 10 (die hoogste) het 40% van die deelnemers 'n 5 aangedui en 10% 'n 3. Die ander deelnemers het die vraag egter nie beantwoord nie, of as synde nie van toepassings nie, beantwoord. Verbatim aangehaal motiveer een van die deelnemers sy gevoelens rakende 'n buitepersoon as mentor vir sy seun soos volg: *As dit my seun se wens is, sal dit my goedkeuring wegdra*. Hieruit blyk dit dus dat die deelnemers versigtig is indien iemand anders hulle seun sou mentor, maar dat hulle dit nie geheel en al afkeur nie.



Rakende hulle insprake in hulle mentee se lewe het 50% van die deelnemers 'n 8 aangedui, 20% 'n 9, 20% 'n 10 en slegs 10% het nie op die vraag gereageer nie. Dieselfde Likert-skaal is gebruik van 0 tot 10 (waar 0 die laagste en 10 die hoogste is). Uit die resultate blyk dit dat die mentors oortuig is daarvan dat hulle 'n positiewe inspraak in hul mentees se lewe het.

7 Die mentee se belewing van die mentor en sy inspraak by hierdie mentor

Die mentor se behoeftes in hierdie natuurlike mentorverhouding is besonder emosioneel georiënteer en fokus op die basiese behoeftes van die seun. Die mentee, aan die ander kant, se behoeftes is meer gefokus op sekuriteit en aktiewe deelname.

Die mentee het sekere insprake by die mentor en kan die mentor se lewe sterk beïnvloed. Die navorser is van mening dat van die mentors nie hierdie gedeelte van die ondersoek beantwoord het nie as gevolg van die Hawthorne-effek. Hierdie stelling word ondersteun deurdat een van die deelnemers daarna verwys dat sy mentee uitsprake maak waardeur hy hom oor die vingers tik rakende persoonlike groei. 'n Enkele voorbeeld hiervan word verbatim aangehaal: *Hy voel baie sterk daaroor dat jy by jou woord moet hou, dat jy die dinge sal doen wat jy gesê het.*

Dit blyk dus dat die mentee op sy beurt ook 'n invloed op die mentor se lewe het, hom met tye korrigeer en tereg wys. Die mentee doen dit nie met 'n negatiewe bedoel nie, en die mentor kan dit positief as 'n hulpmiddel aanwend.

8 Gevolgtrekkings

Vanuit die voorgenoemde bevindinge is daar tot die volgende gevolgtrekkings gekom:

- Mentorskap eeuwelank reeds deur mans beoefen is nog voordat die woord *mentor* gebruik is.
- Die behoefte aan 'n mentor kom nie net in Suid-Afrika voor nie, maar ook in ander lande soos die VSA en China.
- Kinders wat gementor word, het 'n breër maatskaplike netwerk.
- Mentorskap is 'n nuwe en vreemde begrip aan die Weskus, waar hierdie studie onderneem is, met min mans wat seuns buite die gesin mentor.



- Die meerderheid mans wat seuns mentor wat aan die begin van adolessensie staan, ressorteer onder die groep wat die einde van die ouderdomskategorie *vroeë volwassenheid* bereik het.
- Wat betref die generasies, lê die meerderheid mentors op die grens tussen die *Boomers* en die *X-ers*.
- Dit blyk dat die mentor deel uitmaak van 'n stabiele gesin.
- Die mentors het óf net seuns óf 'n gelyke aantal seuns en dogters in die gesin. Geen deelnemer het meer dogters as seuns nie en geeneen het ook net dogters nie.
- Die meerderheid mentor-deelnemers is self verantwoordelik vir 'n inkomste in die gesin en werk nie vir 'n ander maatskappy of organisasie nie.
- Gesien vanuit 'n psigososiale perspektief blyk mentorskap met die adolessente seun nie korporatief- of beroepsgebonde te wees nie – eerder persoonlikheidsgebonde.
- Die persoonlikheid van die mentor het 'n direkte invloed op die mentorverhouding.
- Die mentors tree ferm op en stel duidelike grense, tog is hulle in hul optrede sagmoedig teenoor hulle mentees en handhaaf hulle positiewe dissiplinerings.
- Dit blyk dat die mentor min tyd saam met sy gesin deurbring, maar meer as wat die literatuur aandui.
- Geen deelnemer het 'n kriminele agtergrond nie.
- Die geestelike dimensie van die mentorverhouding speel 'n uiters belangrike rol in die oë van die mentee.
- Die geestelike dimensie is vir die mentor belangriker as wat die literatuur aandui.
- Volgens Maslow se hiërargie lê die mentors se behoeftes in die mentorverhouding op die tweede, derde en sesde vlak. Die behoefte aan veiligheid en sekuriteit, behoefte aan liefde en om te behoort, en die behoefte aan transendensie.
- Die redes waarom die deelnemers adolessente seuns mentor, is hulle liefde vir die seuns, hulle wil die beste vir die seuns hê en hulle wil die seuns geestelik en emosioneel voorberei sodat hulle 'n sukses van hul lewe kan maak.



- Meer as die helfte van die deelnemers is bereid om 'n seun buite die gesin te mentor, maar min van hierdie deelnemers mentor wel 'n seun buite die gesinsisteem. Dit word deur die literatuur ondersteun deurdat dit aandui dat min mans bereid is om seuns buite die gesinsisteem te mentor.
- Baie min van hierdie mentors is ten gunste daarvan dat iemand anders hul biologiese seuns mentor.
- Die mentors is oortuig daarvan dat hierdie mentorverhouding 'n positiewe bydrae lewer tot hul mentees se lewe.
- Die mentees blyk ook 'n invloed op die leefwyse van die mentor te hê.

9 Aanbevelings


Fokuspunte vir verdere navorsing sou kon wees:

- Om 'n profiel saam te stel van die vroulike mentor vir die dogter as mentee.
- Om die invloed wat die mentorverhouding met 'n persoon buite die gesinsisteem op die biologiese gesin uitoefen, na te gaan.
- Om 'n profiel saam te stel van mentors wat ander tale praat en ander geloofsoortuigings aanhang. Daar kan ook 'n vergelyking getrek word tussen die ooreenkomste en verskille wat voorkom in mentorverhoudinge binne hierdie verskillende kulture, rasse en geloofsoortuigings.
- Meer navorsing kan gedoen word rakende die invloed wat die mentee op die mentor het.

10 Samevatting

Hierdie artikel het gefokus op die profiel van die volwasse man wat in 'n mentorverhouding as mentor vir 'n adolessente seun intree. Om 'n beter profiel saam te stel is 'n fokusgroep benut sodat meer deelnemers by die ondersoek betrek kon word. Die data wat ingesamel is, is in die literatuur geïnkorporeer. Ooreenkomste, vergelykings en verskille is ook aangeteken. Die behoeftes van die mentors rakende die mentorverhouding is aan die hand van Maslow se hiërargie weergegee en uiteengesit.

Die mentor blyk 'n persoon te wees wat streng en ferm optree en duidelike grense aan sy mentee stel, maar dat hy ook 'n vriendelike, sagmoedige en spontane persoon is. Die mentor blyk ook 'n persoon te wees wat selfstandig en volwasse is met 'n stabiele huwelik en huishouding. Die mentor fokus daarop om die mentee met die nodige vaardighede,



morele waardes en kennis toe te rus sodat hy die volwasse lewenstydperk as standvastige jongman kan betree.

11 Aanbevole leeswerk

-  **Mind the gap!** – Greame Codrington & Sue Grant-Marshall.
-  **God's man in the family.** – Floyd McClung.
-  **Raising a modern-day knight.** – Robert Lewis.



Bibliografie

- ANON.** 2009. Study: Generation gap in U.S. largest since '60s. *Associated Press*: 29 June. [web:] http://www.msnbc.msn.com/id/31598018/ns/us_news-life/. Date of access: 1 August 2009.
- BABBIE, E.** 2007. The practice of social research. 11th ed. Belmont: Wadsworth.
- BEHR, B., CILLIERS, E. & MEYER, C.** 1988. Tiener in die kol. Pretoria: Sigma-Pers.
- BERNARDES, J.** 1997. Family studies: an introduction. London: Routledge.
- BOSMAN-SWANEPOEL, H.M. & WESSELS, P.J.** 1995. 'n Praktiese benadering tot die Wet op Kindersorg. 2^{de} uitg. Pretoria: Digma.
- BROWN, S.D.** 1999. Male career development in the formative years. (In Horne, A.M. & Kiselica, M.S., eds. Handbook of counseling boys and adolescent males: a practitioner's guide. California: Sage Publications. p. 55-53.)
- BYBEL.** 1983. Die Bybel: nuwe vertaling. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- CHEN, C., GREENBERGER, E., FARRUGGIA, S., BUSH, K. & DONG, Q.** 2003. Beyond parents and peers: the role of important non-parental adults (VIPS) in adolescent development in China and the United States. *Psychology in the Schools*, 40(1):35-50.
- CODRINGTON, G. & GRANT-MARSHALL, S.** 2004. Mind the gap! Johannesburg: Penguin Books.
- DACEY, J., KENNY, M. & MARGOLIS, D.** 2004. Adolescent development. 3rd ed. Ohio: Thomson Custom.
- DE BRUYN, P.J.** 1989. Die gesin: Wat sê die Bybel daarvan? Potchefstroom: PU vir CHO.
- DELPORT, C.S.L.** 2005. Quantitative data-collection methods. (In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L., eds. Research at grass roots: for the social sciences and human service professions. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik. p. 159-191.)
- DU PLESSIS, J.P.** 2003. Was 'n jaar maar net... Brief geskryf aan outeur. Potchefstroom. (Oorspronklike kopie in besit van outeur.) (Ongepubliseer.)
- EDWARDS, D.** 1998. Motivering en emosie. (In Louw, D.A. & Edwards, D.J.A., eds. Sielkunde: 'n inleiding vir studente in Suider-Afrika. 2^{de} uitg. Johannesburg: Heinemann. p. 397-447.)
- ERICKSON, B.M.** 1996. Men's unresolved father hunger: intervention and primary prevention. *Journal of family psychotherapy*, 7(4):37-62.



FOUCHÉ, C.B. & DELPORT, C.S.L. 2005. Introduction to the research process. (*In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L., eds. Research at grass roots: for the social sciences and human service professions. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik. p. 71-85.*)

GERDES, L.C., LOUW, A.E., VAN EDE, D.M. & LOUW, D.A. 1998. Vroeë en middelvolwassenheid. (*In Louw, D.A., Van Ede, D.M. & Louw, A.D., eds. Menslike ontwikkeling. 3^{de} uitg. Kaapstad: Kagiso Tersiêr. p. 477-593.*)

GURIAN, M. 1998. A fine young man: what parents, mentors and educators can do to shape adolescent boys into exceptional men. New York: Penguin Putnam.

LOUW, D.A., VAN EDE, D.M. & FERNS, I. 1998. Die middelkinderjare. (*In Louw, D.A., Van Ede, D.M. & Louw, A.D., eds. Menslike ontwikkeling. 3^{de} uitg. Kaapstad: Kagiso Tersiêr. p. 325-383.*)

MCCLUNG, F. 1994. God's man in the family. Eastbourne: Kingsway.

MEYER, W.F. & VAN EDE, D.M. 1998. Ontwikkelingsteorieë. (*In Louw, D.A., Van Ede, D.M. & Louw, A.D., eds. Menslike ontwikkeling. 3^{de} uitg. Kaapstad: Kagiso Tersiêr. p. 43-98.*)

NEUMAN, W.L. 2006. Social research methods: qualitative and quantitative approaches. 6th ed. Boston: Pearson Education.

PAPALIA, D.E., OLDS, S.W. & FELDMAN, R.D. 2006. A child's world: infancy through adolescence. 10th ed. New York: McGraw-Hill.

RHODES, J.E. 2002. Stand by me: the risks and rewards of mentoring today's youth. Cambridge: Harvard University Press.

SHAFFER, S.M & GORDON, L.P. 2005. Why boys don't talk and why it matters: a parent's survival guide to connecting with your teen. New York: McGraw-Hill.

SOUTH AFRICA. 2006. Children's Act, no 38 of 2005. Cape Town: Govern Press. (No. 28944).

STATISTICS SOUTH AFRICA. 2009. Quarterly labour force survey: quarter 2, 2009. (P0211). [web:]

<http://www.statssa.gov.za/Publications/P0211/P02112ndQuarter2009.pdf>. Date of access: 28 July 2009.

STEYTLER, J.P.D. 2007. Mentorskap in die maatskaplike funksionering van die seun in sy laat-middelkinderjare. Potchefstroom: Noordwes Universiteit, Potchefstroomkampus. (Verhandeling – MA).



TAYLOR, A.S. & BRESSLER, J. 2000. Mentoring across generations: partnerships for positive youth development. New York: Kluwer Academic/Plenum.

THOMPSON, R. A. 2006. Child development. (*In* Microsoft® Encarta® 2006.) [CD].

VAILL, J. 2003. Active not absent, fathers needed. *Cape Argus*: 11, 19 Feb. Available: SA Media. Date of access: 10 Dec. 2006.

VENTER, H.V. 2004. Die begeleiding van gesinne in die plaaslike kerk binne die konteks van die postmodernisme: 'n prakties-teologiese benadering. Potchefstroom: Noordwes Universiteit, Potchefstroom-kampus. (Verhandeling – M.Th.: Pastoraal).

WELTY, L.J. 1989. Side by side: mentoring guide for congregation youth ministry. Newton: Faith and Life Press.

WILLIAMS, A. 1994. Toespraak deur Minister A Williams, Minister vir Welsyn en Bevolkingsontwikkeling, by geleentheid van die departement van welsyn se amptelike viering van die internasionale dag van die bejaarde, 29/09/94. [web:] <http://www.info.gov.za/speeches/1994/311294008.htm>. Datum van gebruik: 3 Augustus 2009.

ZASTROW, C.H. & KIRST-ASHMAN, K.K. 2004. Understanding human behavior and the social environment. 6th ed. Belmont: Brooks/Cole.

Mnr. Johan Steytler is 'n PhD-kandidaat in die Vakgroep Maatskaplike Werk, Skool vir Psigososiale Gedragwetenskappe, Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus, Suid-Afrika.

Prof. Herman Strydom is Vakhoof in die Vakgroep Maatskaplike Werk, Skool vir Psigososiale Gedragwetenskappe, Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus, Suid-Afrika.



Artikel 2

Die profiel van die adolessente seun as mentee

JPD Steytler & H Strydom

ABSTRACT

Adolescent boys long to be mentored by an adult male. This influence of the mentor in the life of the adolescent brings forth great changes to let the adolescent experience a higher quality of life. The adolescent boy as mentee has certain needs within the mentor relationship, which the mentor has to understand and interpret correctly. This article focuses on the adolescent boy as mentee and indeed from the viewpoint of the adolescent.

Keywords

Adolescent boy
Mentee
Mentor relationship
Millennium child

OPSOMMING

Adolessente seuns het behoefte daaraan om deur 'n volwasse man gementor te word. Hierdie mentor se insprake in die adolessent se lewe bring groot veranderinge mee, met die gevolg dat die adolessent se lewensgehalte verbeter. Die adolessente seun as mentee het egter sekere behoeftes binne die mentorverhouding wat die mentor reg moet verstaan en interpreteer. Hierdie artikel fokus op die adolessente seun as mentee, en wel vanuit die adolessent se oogpunt.

Sleutelwoorde

Adolessente seun
Mentee
Mentorverhouding
Millennium kind



Teenage life

*Teenage life
Is like a knife
It comes and go's
To and fro
They live among us
And sometimes bust
Their ignorant
And arrogant
I write a few pages
About teenagers
Dangerous, superbad
And they jus wanna make ya mad!!
BUSTED!!*

Eduard Hughes-Treherne – 12 jaar

(Hughes-Treherne, 2008.)



1 Inleiding

Die adolessente seun het 'n behoefte daaraan om raakgesien te word vir die mens wat hy werklik is. Hierdie soeke na aanvaarding asook die innige begeerte dat 'n manspersoon hom moet help met rigting en begeleiding, moet bevredig word. Die Westerse kultuur en die Suid-Afrikaanse samelewing voorsien nie in hierdie behoeftes van die adolessente seun nie. Die moontlike gevolg is dat seuns ontoepaslike gedrag, byvoorbeeld misdaad, geweld en tienerouerskap, begin openbaar. Die media is ook geneig om minder op die positiewe eienskappe van die jeug te fokus en meer op negatiewe eienskappe (Noam, 2002:1). Hierdie negatiewe beeld wat oorgedra word, kan die groter samelewing kondisioneer om 'n negatiewe beeld van die adolessent te kry.

Farrar (2006:117) is van mening dat seuns meer in die teenwoordigheid van volwasse mans behoort te kom. Hy druk dit uit as: *How can a boy learn to be a man if he is always with women in his formative years? The answer is he is going to have a very difficult time learning to be a man when he is constantly in the presence of women. Young boys need women who love them and care for them. Godly women can have a wonderful influence on young boys. But he needs a man in his life to show him what masculinity looks like.* Die teenwoordigheid van seuns by volwasse mansgesprekke kan die seun help vorm ten opsigte van sy rol as toekomstige hoof van sy gesin.

Hierdie artikel is gerig op die adolessente seun (mentee) wat in 'n mentorverhouding met 'n volwasse man (mentor) staan. 'n Mentor is nie noodwendig die biologiese pa van die seun nie, maar kan 'n jeugwerker, onderwyser of 'n hegte ouer vriend wees. Die kerneienskappe wat basies in alle definisies van mentorskap aangetref word, is eerstens die meerdere kennis, wysheid en ondervinding van die mentor bo dié van die mentee. Tweedens voorsien die mentor riglyne wat die mentee tot verhoogde lewensgehalte aanspoor en laastens is daar 'n emosionele band wat deur vertroue gekenmerk word (Baber, 2005:1).

2 Probleemstelling

Adolessente word baie maklik gemarginaliseer en hul eienskappe veralgemeen. Dit is nie 'n nuwe verskynsel nie; dit kom dekades lank reeds voor. Socrates het in die 4de eeu voor Christus al die uitspraak gemaak: *Children today are tyrants. They contradict their parents, gobble their food, and terrorize their teachers* (Raubenheimer, 1997:27). Dit is



baie algemeen dat konflik tussen volwassenes en adolessente plaasvind. Die oorsake van hierdie konflik is alreeds nagevors en word nie by hierdie ondersoek betrek nie.

Samelewings en gemeenskappe het aansienlik verander, en volwassenes raak toenemend bekommerd oor die jeug. De Vries (1994:35) is van mening dat tieners hulle vandag in 'n moeilikheid bevind, en wat hulle nie weet nie, kan hulle letterlik doodmaak. Dit blyk dus dat die adolessent bemagtig moet word om in die gemeenskap te kan oorleef. Eksterne druk, asook die samelewing, bied al minder geleenthede vir adolessente om hulle eie drome te kan droom en om 'n doel in die groter maatskaplike sisteem te bereik (Spielberg, 1999:32). Dit kan moontlik daaraan toegeskryf word dat daar van adolessente verwag word om as jong volwassenes op te tree.

Weens die feit dat adolessente nog in die proses na volwasewording verkeer, en nog nie volwassenes is nie, weet hulle ook nie altyd hoe om reg op te tree nie. Seuns neig onder andere om hulle emosies te verberg en 'n front voor te hou dat alles met hulle goed gaan. Hierdie front maak dit egter moeilik om uitdagings en probleme by mans te identifiseer (Shaffer & Gordon, 2005:6). Hier teenoor is meisies deesdae die meer stabiele persone. Biddulph (1998:2) verduidelik dit soos volg: *Today it's the girls who are more sure of themselves, motivated, hardworking. Boys are often adrift in life, failing at school, awkward in relationships, at risk for violence, alcohol and drugs, and so on.* By seuns is dit nie die geval nie. Seuns, volgens Biddulph (1998:46), wil net altyd drie dinge weet:

1. Wie is in beheer van sake?
2. Wat is die reëls?
3. Sal daardie reëls regverdig toegepas word?

Uit die voorafgaande is die vraag wat dus ontstaan: *Hoe lyk die profiel van 'n adolessente seun wat in 'n natuurlike mentorverhouding staan?* Die doelstelling van hierdie ondersoek is dus om vas te stel hoe die profiel van die adolessente seun wat in 'n natuurlike mentorverhouding staan, lyk. Min navorsing fokus egter op die mentorverhouding vanuit die mentee se perspektief (DuBois, Neville, Parra & Pugh-Lilly, 2002:25). Om die nodige data vir die beantwoording van hierdie vraag in te samel, is verskeie vraeyste deur die deelnemers ingevul, is persoonlike onderhoude met die hulle gevoer en het hulle 'n interaktiewe bemagtigingsprogram saam met hulle mentors bygewoon. 'n Fokusgroep het meer data rakende die mentees opgelewer, waarvolgens 'n beter profiel van die mentee binne 'n natuurlike mentorverhouding saamgestel kan word.



3 Navorsingsmetodologie

Die navorsingsproses word gekenmerk deur die feit dat dit met 'n probleem begin en met 'n gevolgtrekking afsluit. Die data is logies en georden en gaan gepaard met 'n teoretiese stelling. Hierdie proses bevestig of verwerp dan die teoretiese stelling op grond van die data wat uit die ondersoek bekom is. Die gevolgtrekking, wat slegs data uit die ondersoek betrek, beantwoord dan die vraag (of lig die geïdentifiseerde probleem toe) (Fouché & Delport, 2005:72).

Data is bekom deurdat die deelnemers self-geadministreerde vraelyste ingevul het (Delport, 2005:168). Die vrae was deels gebaseer op 'n Likert-skaal en oopeindevrae (Neuman, 2006:207). 'n Empiriese ondersoek is uitgevoer, soos in Creswell (2009:203-216) se gemengde metodes vir kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing uiteengesit. Triangulering is bereik deur verskillende metodes toe te pas om ooreenstemmende bevindinge te toets (Babbie, 2007:113). Dit is bereik deurdat dieselfde vrae op verskillende wyses aan die deelnemers voorgehou is.

Etiese aspekte is nagekom deurdat skriftelike vrywaring en ingeligte toestemming van die minderjarige deelnemers en hulle ouers verkry is; die deelnemers se data vertroulik deur die navorser verwerk is; en geen identifiserende besonderhede van die deelnemers openbaar gemaak is nie. Verskille kom voor tussen die verskeie kulture internasionaal asook in Suid-Afrika. Dit is dus noodsaaklik dat kinders binne hulle eie kultuurverband hanteer moet word. Elke kultuur hanteer sy kinders op sy eie wyse (Bernardes, 1997:108). Hierdie studie fokus op Afrikaanssprekende Christenseuns in Suid-Afrika.

4 Behoeftes by adolessente seuns

Soos enige ander persoon, het adolessente seuns ook bepaalde behoeftes. Hierdie behoeftes is vervat in Maslow se behoeftehiërargie. Die meeste van hierdie behoeftes is al nagevors en word nie in hierdie studie ondersoek nie. Twee behoeftes wat oor die algemeen minder dikwels ondersoek word, is wel in die onderhawige studie ondersoek en word in hierdie artikel uiteengesit. Genoemde behoeftes sluit die behoefte aan 'n mentor en 'n mentorverhouding asook die vereistes en verwagtinge binne die mentorverhouding in.



4.1 Behoefte aan 'n mentor

Seuns het behoefte aan 'n persoonlike verhouding met 'n manspersoon. Indien daar nie in hierdie behoefte voorsien word nie, sê Erickson (1996:39) en Freeks (2004:23), sal hierdie seuns 'n pa-honger beleef. As hierdie pa-honger nie gestil word nie, blyk dit dat hulle meer geneig is tot laer psigososiale funksionering.

Posel en Davey (2006:48) se navorsing toon dat in 1998 meer as 50% van biologiese pa's in Suid-Afrika as afwesig beleef word deur hulle kinders. Slegs 8.4% van hierdie biologiese pa's is oorlede. Die pa-honger wat seuns beleef, hoef nie net deur die pa gestil te word nie, maar kan en word in sodanige gevalle deur 'n persoon buite die gesin vervul. Dit gebeur egter ook dat dit soms geensins vervul word nie. Die aktiewe biologiese pa kan nie altyd in al die behoeftes van die adolessente seun rakende 'n mentor voorsien nie; daarom is die werk van 'n mentor buite die gesinsisteem uiters belangrik.

Gedurende die ouderdom van 11 tot 14 jaar het Almeida en Galambos (1993:37) bevind dat pa's hulle kinders minder gedurende hierdie ouderdom aanvaar. Dit is ook die tydperk waarin die kind die meeste beïnvloedbaar is (Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998:457). Hierdie negatiewe boodskap van nie-aanvaarding deur 'n afwesige pa, wat indirek aan die kind oorgedra word terwyl hy op soek is na 'n pa-figuur, het 'n emosionele uitwerking op die kind. Dit kan hom met 'n emosionele wond laat. Indien hierdie wond nie vroegtydig hanteer en genees word nie, kan dit 'n negatiewe rimpeleffek tot gevolg hê deurdat hy nog groter emosionele skade kan ly of deurdat hy ontoepaslike gedrag begin toon.

Uit die behoeftebepaling het 72% van die deelnemers aangedui dat hulle behoefte het aan 'n mentor (Steytler, 2007:57). Binne die gesinsrangorde het die derde en latere kinders die sterkste behoefte aan 'n mentor. Persentasiegewys wissel dit tussen 83.3% en 100%. Die oudste seun het die tweede sterkste behoefte aan 'n mentor met 'n persentasie van 75%, terwyl die tweede seun die minste behoefte toon aan 'n mentorverhouding, met 'n persentasie van 58.3% (Steytler, 2007:58).

4.2 Verwagtinge en vereistes in 'n mentorverhouding

Indien die adolessente seun 'n mentor het, vind sekere gebeure binne hierdie mentorverhouding plaas. Weens die feit dat adolessente in die proses is om 'n eie unieke persoonlikheid te ontwikkel en die maklikste deur middel van waarneming leer, is dit van



kardinale belang dat die mentor bewus moet wees van wat en hoe hy sekere eienskappe of waardes aan sy mentee oordra. Hierdie mentorverhouding volg egter 'n sekere proses – van die eerste kontakgeleentheid tot 'n volwaardige mentorverhouding. Elke verhouding begin met kommunikasie.

Volgens die behoeftebepaling stel adolessente seuns sekere vereistes aan of koester bepaalde verwagtinge van 'n mentorverhouding (Steytler, 2007:86). Die vereistes of verwagtinge word van die belangrikste na die minder belangrikste gelys.

- Ondersteuning (f=60),
- rigtinggewing (f=43),
- luister ('n gewillig oor) (f=31),
- aktiewe deelname (f=16),
- nederigheid (f=13) en
- beskerming (f=8).

Beskerming is deur die deelnemers as emosionele beskerming eerder as fisiese beskerming aangedui (Steytler, 2007:84). Ander eienskappe wat aangedui is, maar teen 'n laer frekwensie, was *rolmodel*, *getrouheid*, *leierskap* en *liefdevolle optrede*. Uit hierdie inligting kan afgelei word dat adolessente seuns eerder emosionele behoeftes as fisiese behoeftes in die mentorverhouding het. Hierdie emosionele behoeftes kan egter met aktiewe deelname gekombineer word vir 'n verhoogde uitkoms vir die mentorverhouding.

5 Die bio-psigososiale eienskappe van die adolessente seun binne 'n mentorverhouding

Aannames word gemaak dat adolessente seuns wat in 'n mentorverhouding staan, gewoonlik in 'n hoërisiko-kategorie val. Hierdie hoë risiko's word hoofsaaklik gekenmerk deur twee faktore: individuele faktore soos gedragsprobleme, of maatskaplike faktore soos enkelouergesinne (Jolliffe & Farrington, 2007:5). Die deelnemers aan hierdie ondersoek is nie onderhewig aan hierdie kriteria nie. Die bio-psigososiale eienskappe van die adolessente seuns wat aan die ondersoek deelgeneem het, word soos volg uiteengesit.

5.1 Ouderdom

Die tydperk van adolessensie gaan gepaard met talle fisieke, geestelike, emosionele en psigiese veranderinge. Hierdie eienskappe is reeds baie nagevors en word nie hierby



ingesluit nie. Die fases waardeur die seun ontwikkel en die gedragspatrone wat daaruit voortspruit, bepaal die seun se behoefte en die aard van sy belewing van sy mentor.

Biddulph (1998:6-34) dui drie fases wat 'n seun deurmaak op pad na volwassenheid:

- **Fase 1** – Geboorte tot ses jaar
 - o Die seun behoort meestal aan die ma.
- **Fase 2** – Ses tot 14 jaar
 - o Die seun begin uit interne motivering leer wat 'n man is.
 - o Hy stel meer belang in sy pa en dié se aktiwiteite.
 - o Dit blyk dat daar 'n skielike wending voorkom in die seun se lewe ten opsigte van manlikheid.
 - o Hy moet die “sagteware” van 'n beskikbare manlike model ontvang om sy ontwikkeling af te rond (Biddulph, 1998:15).
- **Fase 3** – 14 jaar tot volwassenheid
 - o Hy benodig die invloed van 'n mentor om volwassenheid te kan bereik.
 - o Sy ma en pa moet effens terug staan vir 'n mentor.
 - o Die doel is om vaardighede, verantwoordelikheid en selfrespek aan te leer deur middel van intensiewer interaksie met volwasse gemeenskappe.
 - o Dit is die tydperk waarin die seun 'n lewe buite die gesin begin.
 - o *This is the time for the youngster to make 'glorious mistakes', and part of the mentor's job is to make sure the mistakes are not fatal* (Biddulph, 1998:30).

Die voorgenoemde studie oor adolessente seuns, wat nie in Suid-Afrika woon nie, blyk dieselfde resultate te toon as dié van die studie van Steytler (2007:99-103), naamlik deurdat seuns op hierdie ouderdom behoefte het aan 'n mentor en dat 'n mentorverhouding die lewensgehalte van die adolessent verhoog.

Sewe adolessente seuns is by die onderhawige ondersoek betrek (N=7). Adolessensie word na verwys as die tydperk van puberteit tot volwassenheid (Meyer, 1998:16; Zastrow & Kirst-Ashman, 2004:220). Seuns kan so vroeg as op die ouderdom van 12 jaar puberteit bereik. Volgens Bosman-Swanepoel en Wessels (1995:12) en Die Kinderwet, Wet 38 van 2005 (South Africa, 2006:20) is 'n persoon onder die ouderdom van 18 jaar 'n kind. Die deelnemers aan die ondersoek was tussen die ouderdomme 11 en 15 jaar. 'n Uiteensetting van die deelnemers se ouderdomme word in **Tabel 6** uiteengesit.



Tabel 6 – Mentee Ouderdomstabel

Ouderdom						
	11 Jaar	12 Jaar	13 Jaar	14 Jaar	15 jaar	Totaal
Frekwensie	f=3	f=2	F=1	f=0	f=1	N=7

Die meeste deelnemers aan die hierdie ondersoek was 12 jaar of ouer. Hamilton en Hamilton (2002:60) wys daarop dat adolessensie nie noodwendig 'n tyd van stres en spanning is nie, maar dat kulturele omstandighede hierdie spanning en veranderinge kan meebring.

5.2 Verhoudinge

Klem is veral geplaas op verhoudinge waarbinne die deelnemers gestaan het tydens die ondersoek om sodoende vas te stel in watter mate die mentorverhouding 'n invloed het op verhoudinge anders as dié met die mentor.

5.2.1 Romantiese verhoudinge

Die intree van adolessensie beteken ook die intree van romantiese verhoudinge. Tydens adolessensie begin seuns met ander oë na meisies kyk en meisies na seuns (Ward, 2004:42). Die voorkoms van skielike hormoonontploffing, of anders gestel, die toename in afskeiding van testosteroon by die seun, moet korrek tog sensitief aan hom oorgedra word. Die toename in die afskeiding van testosteroon het nie net 'n biologiese uitwerking op die seun nie, maar ook 'n groot emosionele invloed soos dat gedragspatrone en aggressievlakke fluktrueer (Gurian, 1998:32-36).

Een (f=1) van die deelnemers staan in 'n heteroseksuele romantiese verhouding. Geen deelnemer staan in 'n homoseksuele romantiese verhouding nie. Dit wil voorkom of die deelnemers nie hul mentors by hulle romantiese verhoudinge betrek nie.

5.2.2 Vriende

Vriende en vriendskappe is vir die adolessente seun baie belangrik. Die inspraak en invloed van vriende kan 'n geweldige sterk invloed op die adolessente seun se lewe hê wat óf positief óf negatief kan wees. *It appears that [for] boys, joking is a way of expressing intimacy among male friends* (Shaffer & Gordon, 2005:27). Die wyse waarom seuns hierdie styl aanlê om hulle emosies en gevoelens te toon kan moontlik toegeskryf word aan vrees vir etikettering of marginalisering. Tussen vriende en die portuurgroep



beleef die adolessente seun ook die ruimte en vryheid om hom te kan uitleef sonder om sy optrede te moet verduidelik of te moet verdedig.

Die ouderdomme van die deelnemers se hegte vriende is ondersoek. Vyf en tagtig punt sewe persent ($f=6$) van die deelnemers is meer met seuns bevriend as met dogters. Dit kan toegeskryf word aan die ontwikkelingsfase waarin hulle verkeer. Sewe en vyftig punt een persent ($f=4$) van die deelnemers se meeste vriende is ouer as hulle, 14.3% ($f=1$) is jonger, 14.3% ($f=1$) is dieselfde ouderdom as hulle en 14.3% ($f=1$) is hulle ouderdom of ouer. Hierdie tendens om vriende ouer as hulle te hê kan moontlik toegeskryf word daaraan dat mentees 'n vorm van sekuriteit uit die vriendskappe put soos dit in die geval van 'n mentorverhouding sou wees. Die deelnemers het egter aangedui dat 28.6% ($f=2$) van hulle naaste vriend van hulle eie ouderdom is, 42.8% ($f=3$) ouer is, 14.3% ($f=1$) jonger is en 14.3% ($f=1$) het beide ouer of jonger aangedui. Dit blyk dus dat die mentee se meeste en gehegste vriend(e) ouer is as hy of in sy portuurgroep val.

Veertien punt drie persent ($f=1$) van die deelnemers het aangedui dat hy reeds as mentor begin inspraak maak in die lewe van 'n ander seun. Weens die feit dat hierdie deelnemer 'n positiewe verskil in sy eie lewe ervaar as gevolg van die mentorverhouding, mag dit wees dat die deelnemer hierdie lewensverandering ook met ander wil deel. Die CFI-Hoër³-skaal van Perspektief Opleidingsentrum wat deur Steytler (2007:87) op adolessente seuns afgeneem is, toon dat seuns wat in 'n mentorverhouding staan, meer verantwoordelikheid vir ander mense aanvaar. Hierdie data ondersteun die bevinding dat die seun wat gementor word, ander mense ook tot hulp wil wees.

5.2.3 Volwassenes

Konflik tussen die adolessent en die volwassene is heel algemeen. 'n Enkele voorbeeld is die verhouding tussen die adolessent en die onderwyser. Indien die adolessent ervaar dat hy benadeel word, is die kans vir konflik baie groot. Biddulph (1998:53) vat saam deur dit soos volg uit te druk: *If a teacher is able to befriend such a boy and direct his energies in good ways, then the boy will thrive and be a plus in the school. If a teacher or parent ignores, backs off or is negative towards the boy, then the boy's pride will depend on defeating the adult and problems will compound.*

³ Kinderfunksioneringsinventaris – Hoërskool



Agt en twintig punt ses persent ($f=2$) van die deelnemers het gemeld dat hulle in 'n ernstige konfliktsituasie met 'n volwassene buite die gesin verkeer het. Terselfdertyd beleef die deelnemers ook volwassenes as 'n beskermingsmeganisme. Harry Stack Sullivan het 'n stel ontwikkelingsfases neergelê wat hy definieer ooreenkomstig *changing relational needs*. Ten opsigte hiervan sê hy: *The transition to adolescence in particular often involves a growing closeness to [an] individual outside the family, including intense friendships with peers and adult role models* (Rhodes, 2002:69). Die adolessente seun, ten spyte van konflik met volwassenes, kan 'n goeie en opregte verhouding met 'n volwassene buite die gesin aanknoop. Dit is egter belangrik dat die biologiese ouer of voog van die adolessente seun kennis moet dra van die verhouding en wie die betrokke volwassene is. Hoe langer hierdie opregte en eerlike verhouding tussen die adolessente seun en die mentor duur, hoe positiewer beleef die kind die verhouding (DuBois *et al.*, 2002:25).

5.2.4 Ander mentors

Volgens Christie (1997:66) het kinders 'n verskeidenheid volwasse modelle nodig. Uit die behoeftebepaling het dit ook geblyk dat seuns daarna hunker om 'n persoon te hê om na te volg – 'n mentor. Sewe en vyftig punt 1 persent ($f=4$) van die deelnemers het aangedui dat hulle meer as een mentor het, van wie een buite die gesinsisteem staan. Volgens die data van die 57.1% mentors, wat die biologiese pa van die seun is, het nie een van hierdie deelnemers se biologiese pa aangedui dat hierdie seun van hom 'n mentor buite die gesinsisteem het nie. Hierdie bevinding beklemtoon die feit dat ouers nie noodwendig altyd bewus is van ander persone wat as mentors vir hulle kinders intree nie. Dit blyk verder dat seuns nie hulle verhoudinge met ander volwassenes met hulle ouers bespreek nie. Rhodes (2002:3-4) voer verder aan dat daar mettertyd 'n baie gehegte en lojale band tussen die mentor en die mentee gesmee word. Ten opsigte van die mentorverhouding moet die belangrikheid van 'n eerbare en opregte verhouding dus sterk beklemtoon word.

5.3 Betrokkenheid by chemiese substansie

Die gebruik en misbruik van chemiese substansie onder adolessente is aan die toeneem (Strydom, 2008). Volgens die *Youth at Heart Development* (2009) eksperimenteer bykans 4 miljoen jongmense in Suid-Afrika met dwelms. Dit is 2 uit elke 3 jongmense. Volgens hierdie bron is 1 uit elke 6 jongmense, ongeveer 15%, reeds van dwelmmiddels afhanklik.



James en Gilliland (2005:271) is van mening dat alkoholmisbruik in die VSA met 15% afgeneem het, maar die vermoede is dat 1 tot 3 miljoen kinders en adolessente alkohol steeds misbruik of daaraan verslaaf is. *Excluding tobacco, there are about 32 million people in the United States alone who have some degree of serious dependency on drugs* (James & Gilliland, 2005:271).

Veertien punt drie persent ($f=1$) van die deelnemers aan die onderhawige studie het aangetoon dat hulle die een of ander vorm van chemiese substans gebruik. Die meeste substansie wat gebruik word, is tabak, gevolg deur alkohol. Een van die deelnemers beskou *Hubbly Bubbly* ook as 'n vorm van substansiemisbruik. Geen deelnemer was al ingeskakel by 'n rehabilitasiesentrum of program nie. Die lae betrokkenheid by substansie kan toegeskryf word aan die ouderdom van die deelnemers.

5.4 Tydsbesteding

Adolessente en kinders in die oorgangsfase na adolessensie bestee minder tyd saam met hulle gesinne. Meer aandag word op hulle portuurgroep en vriende gerig. Vaill (2003:11) is van mening dat die gemiddelde pa minder as 15 minute per dag saam met sy kinders deurbring. Boston Universiteit in die VSA het egter navorsing gedoen en het bevind dat die gemiddelde pa slegs 2.7 keer per dag kwaliteit interaktief met sy kind verkeer, met 'n gemiddeld van 37 sekondes elk (McClung, 1994:88). Gesien binne hierdie navorsing, blyk dit dat die gemiddelde hoeveelheid tyd wat die seun met sy pa deurbring, besonder min is.

Uit die data word afgelei dat die meeste deelnemers hulle tyd per week aan slaap, gevolg deur skool, sport en ontspanning afstaan. Besonder min tyd word egter aan gesinsverhoudinge gewy. Een deelnemer dui aan dat hy net 30 min per dag individuele aandag van sy pa ontvang.

Dit is dus duidelik dat die gemiddelde tyd wat die adolessente seun, wat gementor word, saam met sy gesin deurbring, meer is as wat in die literatuur aangedui word, maar dat dit steeds baie min is.

5.5 Geestelike welstand

In die VSA is vasgestel dat betrokkenheid by geloofsake onder jongmense aan die afneem is. Navorsing is deur die Associated Press (Anon, 2009) onderneem en daar is bevind dat slegs 44% van al die deelnemers tussen die ouderdomme 18 en 29 geloof as 'n groot deel



van hulle lewens beskou. Hierdie deelnemers is ouer as die deelnemers wat by hierdie ondersoek betrek is, maar die aanname word gemaak dat geloofsbetrokkenheid en beoefening onder jonger mense aan die afneem is.


In teenstelling met wat in die VSA bevind is, het al die deelnemers aan hierdie ondersoek volgens die Likert-skaal, waar 0 die minste aandui en 10 die hoogste, 'n telling van meer as 5 aangedui ten opsigte daarvan dat hulle mentorverhouding geestelik gedrewe is. Agt en twintig punt ses persent van die deelnemers het 'n 6 gemerk, 14.2% 'n 8, 28.6% 'n 9 en 28.6% 'n 10. Dit beteken dus dat die meerderheid deelnemers ervaar dat hierdie mentorverhouding geestelik gedrewe is.

Een van die deelnemers verwoord dit soos volg: *Hy is 'n dominee en wil meer Geestelik groei elke dag.* Die deelnemer verwys daarna dat die mentor behoefte daaraan het dat beide hy en die mentee daaglik in hulle verhouding met die Here moet groei. Farrar (2006:123) is van mening dat seuns saam met volwasse mans op Christelike terreine betrokke moet raak, soos die behoefte ook van genoemde deelnemer is. *Our sons need to be around masculine preaching and worship. They need to see masculine men in our pulpits, preaching like the masculine messengers of the Bible* (Farrar, 2006:123).

5.6 Kriminele oortredinge


Dit blyk dat betrokkenheid van adolessente by kriminele oortredings drasties toeneem. Volgens die *Centre for Justice and Crime Prevention* (2007) was daar teen September van genoemde jaar 883 kinders in Suid-Afrika vir misdade gevonnissen en 1 312 nie. Weens die feit dat hierdie 1 312 kinders nie gevonnissen is nie, is hulle heel waarskynlik weer in die samelewing opgeneem. **Tabel 7** gee 'n uiteensetting van kinders wat strafregtelik ondersoek is en **Tabel 8** vir die tipe misdaad wat deur kinders gepleeg is.

Tabel 7 en **Tabel 8** korreleer egter nie. Dit kan moontlik daaraan toegeskryf word dat sekere gevonnissde kinders nie in die gevangenis aangehou word nie, maar dat hulle tipe vonnis in die gemeenskap uitgedien moet word.

**Tabel 7 – Gevonnisse kinders**

(Centre for Justice and Crime Prevention, 2007).

Die meerderheid misdade wat in Suid-Afrika deur kinders gepleeg word, is aggressie. Seksuele misdade kan ook 'n vorm van aggressie wees. Geen deelnemers dui aan dat hulle betrokke was by enige kriminele aktiwiteite nie.

Tabel 8 – Misdaad gepleeg deur kinders

(Centre for Justice and Crime Prevention, 2007).

Dit blyk dus dat Suid-Afrikaanse adolessente seuns wat in 'n mentorverhouding staan, soos in ander Westerse lande, minder by misdaad betrokke is.



6 Belewing en insprake van die mentor

’n Mens leer nie hoe om fiets te ry deur boeke daaroor te lees nie. Jy leer deur self op die fiets te klim en sodoende ervaring op te doen. ’n Adolessent, wat die handleiding van ’n K53 bestuurderslisensie gelees het, se ouers weet dat wanneer die kind die eerste keer agter die stuur gaan inklim, hy nie veel gaan weet van wat slegs die praktyk hom kan leer nie. Dieselfde beginsels geld vir ’n mentorverhouding. Die mentor kan baie leer rakende mentorskap maar daar is sekere aspekte wat uniek is aan elke mentorverhouding en dit kan alleenlik deur ondervinding aangeleer word.

In die behoeftebepaling (Steytler, 2007:81-82) het die deelnemers aangedui dat die mentor hulle veral help met betrekking tot sekere keuses en dat die mentor hulle in moeilike tye help en ondersteun. Die deelnemers aan hierdie ondersoek het dieselfde rakende hulle mentor aangedui. Verbatim vermeld een deelnemer soos volg: *Help met besluite en probleme tot ’n groot mate.*

Die deelnemers se belewing van hulle mentors blyk positief en van groot waarde te wees. Een van die deelnemers verwoord dit soos volg: *Hy is ’n groot voorbeeld vir my en ek wil eendag soos hy wees.*

’n Meer breedvoerige uiteensetting van die belewing en insprake van die mentor op die mentee word in **Artikel 4** van hierdie afdeling uiteengesit.

7 Gevolgtrekking

Uit voorgenoemde bevindinge is daar tot die volgende gevolgtrekkings geraak:

- Min navorsing is gedoen rakende mentorskap wat fokus vanuit die mentee se perspektief.
- Die media dra by tot die marginalisering van adolessente.
- Adolessente seuns het behoefte aan ’n mentor en ’n mentorverhouding.
- Binne hierdie mentorverhouding stel die mentee sekere vereistes en koester hy bepaalde verwagtinge.
- Aannames word gemaak dat seuns wat in ’n mentorverhouding staan, gewoonlik in ’n hoërisiko-kategorie val.



- Suid-Afrikaanse seuns, soos ander seuns internasionaal, het behoefte aan 'n mentor. Dit blyk dus dat hierdie behoefte nie gekoppel word aan 'n streek of land nie, maar dat dit deel van die ontwikkeling van die mens uitmaak.
- Die deelnemers was almal heteroseksueel.
- Vriendskapsverhoudinge kan óf positiewe óf negatiewe invloede op die adolessente seun uitoefen.
- Dit blyk dat die meeste vriende van die mentee ouer is as hy, hy hoofsaaklik met seuns bevriend is en dat sy naaste vriend ook ouer is as hy.
- Hierdie deelnemers blyk by min konflik met volwassenes buite die gesinsisteem betrokke te wees.
- Kinders het 'n verskeidenheid volwassenes as modelle nodig.
- Die meerderheid mentees het meer as een mentor. Een van die biologiese pa's is egter nie bewus daarvan dat iemand as mentor vir sy seun intree nie.
- 'n Lae persentasie mentees is betrokke by die gebruik en misbruik van substansie.
- Die mentee bestee steeds min tyd by sy gesin, maar dit is meer as wat in die literatuur aangedui word.
- 'n Baie sterk klem en fokus word in die mentorverhouding op geestelike gerig. 'n Groot persentasie van die deelnemers dui aan dat hulle mentorverhouding Christelik gedrewe is.
- Hierdie mentees is nie by enige kriminele aktiwiteit betrokke nie.
- Die mentee beleef sy mentor as positief en van groot waarde.

8 Aanbeveling

Fokuspunkte vir verdere navorsing:

- Om 'n profiel van dogters weer te gee wat in 'n mentorverhouding staan.
- Om die profiel van adolessente mentees vanuit verskillende kulture, gelowe en rasse met mekaar te vergelyk. Hierdeur kan kultuursensitiewe programme ontwerp en aangepas word.
- Hierdie profiel van die deelnemers wat in 'n mentorverhouding staan, is opgestel uit deelnemers uit die diep platteland waar mentorskap 'n heel nuwe konsep is en



relatief onbekend. 'n Profiel kan opgestel word van deelnemers op die platteland sowel as van dié in die stedelike gebiede van Suid-Afrika.

9 Samevatting

Hierdie artikel het gefokus op hoe die profiel van adolessente seuns lyk wat reeds oor 'n geruime tydperk heen in 'n mentorverhouding staan. Om 'n beter profiel te kon weergee is ook van 'n fokusgroep gebruik gemaak. Hierdie data is deur die literatuur ondersteun, of verwerp, of dit het nuwe insigte aan die lig gebring.

'n Adolessente seun mentee vanuit die diep platteland blyk iemand te wees van wie die meeste vriende seuns is wat ouer is as hy. Hierdie mentee se hegte vriend blyk ook ouer as hy te wees. Hulle blyk minder betrokke te raak by konflik met volwassenes buite die gesinsisteem en het ook meer as een mentor. Hulle is minder betrokke by die gebruik van substansie en bots minder met die gereg. Die mentee heg waarde aan die inspraak wat die mentor in sy lewe het en dui aan dat die mentor 'n invloed het op sy geestelike lewe. Alhoewel die mentee aandui dat hy min tyd saam met sy gesin deurbring, is dit steeds meer tyd as wat die literatuur aandui.

10 Aanbevole leeswerk

-  **Youth Ministry: The basics and beyond.** – Deon Kitching & Duffy Robbins.
-  **Raising a modern-day knight.** – Robert Lewis.
-  **Family-Based youth ministry.** – Mark de Vries.
-  **The boys are back in town.** – Simon Carr.
-  **Mentoring boys.** – Steve Farrar.



Bibliografie

ALMEIDA, D.M. & GALAMBOS, N.L. 1993. Continuity and change in father-adolescent relations. *New directions for child development*, 62:27-40. Winter.

ANON. 2009. Study: Generation gap in U.S. largest since '60s. *Associated Press*: 29 June. [web:] http://www.msnbc.msn.com/id/31598018/ns/us_news-life/. Date of access: 1 August 2009.

BABBIE, E. 2007. The practice of social research. 11th ed. Belmont: Wadsworth.

BABER, K.M. 2005. Mentoring youth. UNH Centre on Adolescence. [web:] <http://www.adolescence.unh.edu/Mentoring%20-%20Formatted%2006.29.05.pdf>. Date of access: 3 October 2008.

BERNARDES, J. 1997. Family studies: an introduction. London: Routledge.

BIDDULPH, S. 1998. Raising boys: Why boys are different – and how to help them become happy and well-balanced men. Lane Cove: Finch Publishing.

BOSMAN-SWANEPOEL, H.M. & WESSELS, P.J. 1995. 'n Praktiese benadering tot die Wet op Kindersorg. 2^{de} uitg. Pretoria: Digma.

CENTRE FOR JUSTICE AND CRIME PREVENTION. 2007. Detailed data on child incarceration. <http://www.cjcp.org.za/crimestats/incarceration.htm>. Date of access: 6 July 2009.

CHRISTIE, L. 1997. Recruiting and training volunteers. (In Kitching, D. & Robbins, D., eds. Youth ministry: the basics and beyond. Youth specialists explore the challenges of youth ministry in the 21st century. Wellington: Youth Specialties (SA) publishing House. p. 66-80.)

CRESWELL, J.W. 2009. Research design: qualitative, quantitative, and mixed methods approaches. 3rd ed. California: SAGE Publications.

DE VRIES, M. 1994. Family-based youth ministry: reaching the been-there, done-that generation. Downers Grove: InterVarsity Press.

DELPORT, C.S.L. 2005. Quantitative data-collection methods. (In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L., eds. Research at grass roots: for the social sciences and human service professions. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik. p. 159-191.)

DUBOIS, D.L., NEVILLE, H.A., PARRA, G.R. & PUGH-LILLY, A.O. 2002. Testing a new model of mentoring. (In Rhodes, J.E., ed. New directions for youth development: a critical view of youth mentoring. California: Wiley Periodicals. p. 21-57.)



ERICKSON, B.M. 1996. Men's unresolved father hunger: intervention and primary prevention. *Journal of family psychotherapy*, 7(4):37-62.

FARRAR, S. 2006. Mentoring boys: what every son wants and needs from his father. Vereeniging: Christian Art publications.

FOUCHÉ, C.B. & DELPORT, C.S.L. 2005. Introduction to the research process. (In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L., eds. Research at grass roots: for the social sciences and human service professions. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik. p. 71-85.)

FREEKS, F. E. 2004. Die rol van die ontbrekende vaderfiguur in die Suid-Afrikaanse konteks. 'n Prakties-teologiese studie. Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. (Verhandeling – MA).

GURIAN, M. 1998. A fine young man: what parents, mentors and educators can do to shape adolescent boys into exceptional men. New York: Penguin Putnam.

HAMILTON, M.A. & HAMILTON, S.F. 2002. Why mentoring in the workplace works. (In Rhodes, J.E., ed. New directions for youth development: a critical view of youth mentoring. California: Wiley Periodicals. p. 59-89.)

HUGHES-TREHERNE, E.H. 2008. Teenage life. Gedig geskryf as skoolopdrag. Pretoria. (Elektroniese kopie in besit van outeur.) (Ongepubliseer.)

JAMES, R.K & GILLILAND, B.E. 2005. Crisis intervention strategies. 5th ed. Belmont: Thomson Brooks/Cole.

JOLLIFFE, D. & FARRINGTON, D.P. 2007. A rapid evidence assessment of the impact of mentoring on re-offending: a summary. Home Office Online Report 11/07. [web:] <http://www.homeoffice.gov.uk/rds>. Date of access: 1 July 2008.

MCCLUNG, F. 1994. God's man in the family. Eastbourne: Kingsway.

MEYER, W.F. 1998. Ontwikkelingsteorieë. (In Louw, D.A., Van Ede, D.M. & Louw, A.D., eds. Menslike ontwikkeling. 3^{de} uitg. Kaapstad: Kagiso Tersiër. p. 3-39.)

NEUMAN, W.L. 2006. Social research methods: qualitative and quantitative approaches. 6th ed. Boston: Pearson Education.

NOAM, G.G. 2002. Introduction. (In Rhodes, J.E., ed. New directions for youth development: a critical view of youth mentoring. California: Wiley Periodicals. p. 1-4.)

POSEL, D. & DEVEY, R. 2006. The demographics of fathers in South Africa: an analysis of survey data, 1993-2002. (In Richter, L. & Morrell, R., eds. Baba: men and fatherhood in South Africa. Cape Town: HSRC Press. p. 38-52)



RAUBENHEIMER, O. 1997. A profile of South African youth. (In Kitching, D. & Robbins, D., eds. Youth ministry: the basics and beyond. Youth specialists explore the challenges of youth ministry in the 21st century. Wellington: Youth Specialties (SA) publishing House. p. 27-41.)

RHODES, J.E. 2002. Stand by me: the risks and rewards of mentoring today's youth. Cambridge: Harvard University Press.

SHAFFER, S.M & GORDON, L.P. 2005. Why boys don't talk and why it matters: a parent's survival guide to connecting with your teen. New York: McGraw-Hill.

SOUTH AFRICA. 2006. Children's Act, no 38 of 2005. Cape Town: Govern Press. (No. 28944).

SPIELBERG, W. 1999. A cultural critique of current practices of male adolescent identity formation. (In Horne, A.M. & Kiselica, M.S., eds. Handbook of counseling boys and adolescent males: a practitioner's guide. California: Sage Publications. p. 25-34.)

STEYTLER, J.P.D. 2007. Mentorskap in die maatskaplike funksionering van die seun in sy laat-middelkinderjare. Potchefstroom: Noordwes Universiteit, Potchefstroomkampus. (Verhandeling – MA).

STRYDOM, D. 2008. Tieners drink meer as ooit. *Die Burger*. 13 Maart. [web:] <http://www.dieburger.com/Stories/News/17.0.224277084.aspx>. Datum van gebruik: 6 Julie 2009.

THOM, D.P., LOUW, A.E., VAN EDE, D.M. & FERNS, I. 1998. Adolessensie. (In Louw, D.A, Van Ede, D.M. & Louw, A.E., eds. Menslike ontwikkeling. 3^{de} uitg. Kaapstad: Kagiso Tersier. p. 387-474.)

VAILL, J. 2003. Active not absent, fathers needed. *Cape Argus*: 11, 19 Feb. Available: SA Media. Date of access: 10 Dec. 2006.

WARD, E. 2004. Lewensvaardighede vir die laerskoolkind: 'n Gestaltriglyn. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika. (Skripsie – MD: Spel terapie).

YOUTH AT HEART DEVELOPMENT. 2009. Dwelm misbruik. <http://www.heart.org.za/content/view/30/1/lang,afrikaans/>. Datum van gebruik: 6 Julie 2009.

ZASTROW, C.H. & KIRST-ASHMAN, K.K. 2004. Understanding human behavior and the social environment. 6th ed. Belmont: Brooks/Cole.



Mnr. Johan Steytler is 'n PhD-kandidaat in die Vakgroep Maatskaplike Werk, Skool vir Psigososiale Gedragwetenskappe, Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus, Suid-Afrika.

Prof. Herman Strydom is Vakhoof in die Vakgroep Maatskaplike Werk, Skool vir Psigososiale Gedragwetenskappe, Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus, Suid-Afrika.



Artikel 3

'n Bemagtigingsprogram in mentorskap gerig op die mentor en die adolessente seun

JPD Steytler & H Strydom

ABSTRACT

Children grow up in a society where challenges become more extreme and dangerous day by day. It appears that increasingly fewer boys who need to become King, Prophet and Priest of the family have a mentor that guide them in the process to manhood. This activity orientated empowerment program is directed at the mentor and the protégé and sketches a paradigm of a mentor relationship that could lead to improved quality on life. This empowerment program focuses on the characteristics of men and on emotional intelligence, generation gaps and the mentor relationship.

Keywords

Empowerment program
Generation gaps
Emotional Intelligence
Mentor relationship

OPSOMMING

Kinders word groot in 'n samelewing waar die uitdagings daaglik al hoe groter en gevaarliker word. Dit blyk dat al hoe minder seuns wat Koning, Priester en Profeet van die gesin moet wees, 'n mentor het om hulle in die proses na man-wees te begelei. Hierdie aktiwiteitsgeoriënteerde bemagtigingsprogram is gerig op die mentor en die mentee en skets 'n paradigma van 'n mentorverhouding wat kan lei tot verhoogde lewensgehalte. Hierdie bemagtigingsprogram fokus op die eienskappe van mans en op emosionele intelligensie, generasiegapings en die mentorverhouding.

Sleutelwoorde

Bemagtigingsprogram
Generasiegapings
Emosionele intelligensie
Mentorverhouding



Iemand het eendag gesê dat die pad wat ons loop nie so belangrik is nie. Dit is die mense saam met wie ons loop wat die roete werklik bepaal. Ek dink die afdraaipadjies is onbeplande ophouding en die ongelukke langs die pad word dikwels bepaal deur ons metgeselle op die pad, maar so ook die optel nadat een geval het. Hoe langer jy stap hoe kleiner die groep, elke terugslag sien jy werklike karakters en as die stap aangaan is daar al minder wat saamstap op die minder lekker pad. Die tyd vlieg op die pad van die lewe is baie vinniger as wat ons kan beseef en agt jaar terug het ek iemand raakgeloop, wat saam met my begin stap het. Hoewel ek dikwels afgedraai het, het hy my ondersteun en bygestaan en toe verskillende draaie loop en gelukkig bymekaar uitkom was dit wonderlik en ek sal ewig dankbaar wees vir die wyse waarop hy my help stap het en die pad gewys het. Dankie.

Ek weet die pad gaan nog aan en ek vertrou dat ons nog lank gaan saamstap.

Thanx vir 'n ware pel van 8jaar, hoop dit bou net voort.

God Bless

Wynand Britz – 21 jaar

(Britz, 2004)



1 Inleiding

Hierdie artikel fokus op ’n bemagtigingsprogram in mentorskap gerig op die mentor en die mentee⁴ met die oog op verhoogde lewensgehalte. Mentorskap is meer as om net die volgende generasie mense lewensvaardigheid te laat aanleer, dit behels ook dat verhoudinge opgebou word wat op sigself lei tot persoonlike groei vir beide persone (Taylor & Bressler, 2000:ix). Die artikel lewer geleenthede vir persoonlike groei vir die man en die adolessente seun ten opsigte van beide se psigososiale funksionering.

As gevolg van die veranderinge in die samelewing en die blootstelling aan verskeie elemente en omstandighede, byvoorbeeld chemiese substansie of hormoonherstrukturering by adolessente seuns, is dit noodsaaklik dat die uitwerking van die veranderinge vir beide die mentor en die mentee uiteengesit word.

Die doelstelling van die artikel is om ’n interaktiewe bemagtigingsprogram te ontwerp om die verhouding wat tussen die mentor en mentee bestaan, te versterk. Die program is ontwerp deur gesamentlik ’n literatuurstudie en ’n empiriese ondersoek te loods met die doel om beide die mentor en die mentee te bemagtig in die mentorverhouding wat dan kan lei tot verhoogde lewensgehalte. *What’s needed is something that will engage the spirit of a boy and pull him headlong into some creative effort or passion that gives his life wings* (Biddulph, 1998:23). Om hierdie doelstelling te kan bereik is sekere doelwitte nagestreef. Die doelwitte was om vanuit die behoeftebepaling, wat ondersteun is deur ’n literatuurstudie, ’n interaktiewe bemagtigingsprogram saam te stel om volwasse mans en seuns in ’n versterkte mentor-mentee verhouding te bemagtig.

2 Probleemstelling

Internasionaal word heelwat klem gelê op die mentorverhouding tussen ’n seun en sy mentor waarin die mentor nie noodwendig die biologiese pa is nie. In Suid-Afrika is die tendens dat heelwat gefokus word op die rol van die pa in die gesin en die tipe man wat die samelewing vereis, maar veel minder op mentorskap. Die navorser kon nie ’n aktiwiteit-georiënteerde bemagtigingsprogram opspoor wat die behoeftes in ’n mentorverhouding wat gerig is op beide die seun as mentee en die volwasse man as mentor ondervang nie.

⁴ Mentee word ook na verwys as Protégé. Sien Begripsomskrywing – Afdeling A



Tydens konferensies wat in Suid-Afrika gehou word rakende die man soos die *Mighty Men* konferensies van Angus Buchan en *1000 Manne-kamp* van die Doxa Deo⁵-gemeentes val die klem sterk op wie en wat die man is. Dit is noodsaaklike aspekte wat onder die loep geneem word, maar die verhoudingsproses wat tussen ouer en jonger mans moet verloop, kom nie altyd aan bod nie. Jolliffe en Horne (1999:4) druk dit soos volg uit: *Society needs a greater focus on teaching young males what mature masculinity is, with that teaching coming in part from men who have achieved it.* Die uitdaging lê egter nie net by die identifisering van die probleem nie, maar ook by die hantering van die uitdagings.

Die woord *adolescent* is van Latynse oorsprong – die werkwoord *adolescere* – wat beteken om in volwassenheid in te groei (Zastrow & Kirst-Ashman, 2004:220). Die beskrywing van hierdie lewensfase waarin die seuns as deelnemers hulle tans bevind, dui daarop dat hulle in 'n belangrike oorgangs- en ontwikkelingsfase van hulle lewe verkeer. Hulle het reeds in hierdie tydperk volwasse leiding, rigting en ondersteuning nodig.

So vroeg as in 1984 het Brenner eienskappe en kennis waaroor die volwasse persoon moet beskik, geïdentifiseer om die kans op sukses met kinders te verhoog (Brenner, 1984:8). Genoemde eienskappe en kennis is die volgende:

- 'n Volwassene moet kennis dra van
 - o wat dit is wat spanning by die kind veroorsaak,
 - o watter meganismes die kind aanlê om te cope,
 - o verskillende alternatiewe wat oorweeg kan word,
 - o beskikbaarheid van hulpbronne en
 - o statutêre prosedures.
- 'n Volwassene moet waardering hê vir
 - o die kind se perspektief,
 - o die kind se keuse ten opsigte van sy coping-meganisme en
 - o die kompleksiteit van elke kind se situasie.
- Die vaardighede waaroor 'n volwassene beskik, is dat hy:
 - o met kinders moet kan werk,
 - o hartlik en maklik kan kommunikeer en

⁵ Doxa Deo Gemeente – Noordkampus, Pretoria, Suid-Afrika



- o vertrouwe by die kind kan inboesem ter wille van die skep van oop kommunikasiekanale.
- ’n Volwassene moet bewus wees van
 - o sy eie oortuigings en raamwerk asook
 - o die kind en sy gesin se oortuigings en raamwerke.

Gesien in die lig van bostaande omskrywing is dit belangrik dat hierdie eienskappe, al is dit baie jare gelede opgeteken, steeds die basis moet vorm van die verhouding tussen die mentor en die mentee. Die verhouding moet egter van so ’n aard wees dat daar oop kommunikasie en vertrouwe is. Biddulph (1998:30) omskryf die emosionele band wat tussen die mentor en mentee bestaan, soos volg: *A mentor is more than a teacher or a coach: a mentor is special to the child and the child is special to him.*

’n Aktiwiteit-georiënteerde bemagtigingsprogram is saamgestel met inagneming van dit waaraan beide die mentee en die mentor behoefte het ten opsigte van ’n mentorverhouding. Die verstaan van elkeen se emosies word bepaal deur elke persoon se emosionele intelligensie en daar is gefokus op die twee groepe se leefwêreld. Dit is gedoen met die oog daarop om die generasiegaping te kan oorbrug. Die deelnemers betree mekaar se leefwêreld en die mentor help die mentee dan om sy eerste tree na volwassenheid te gee.

3 Navorsingsmetodologie

’n Navorsingsproses word gekenmerk daaraan dat dit met ’n probleem begin en met ’n gevolgtrekking afsluit. Die data is logies en georden en gaan gepaard met ’n teoretiese stelling. Hierdie proses bevestig of verwerp dan die teoretiese stelling op grond van die data wat uit die ondersoek bekom is. Die gevolgtrekking, wat slegs op grond van data uit die ondersoekgemaak is, beantwoord dan die navorsingsvraag (of lig die geïdentifiseerde probleem toe) (Fouché & Delport, 2005:72).

❖ Behoeftebepaling

Die behoeftebepaling is beide kwalitatief en kwantitatief van aard. Die deelnemers aan die kwantitatiewe gedeelte van hierdie ondersoek was afkomstig uit geselekteerde skole binne spesifieke areas. Die deelnemers aan die kwalitatiewe gedeelte van hierdie



ondersoek is deur middel van ’n nieraarskynlikheid-seleksietipe kwotasteekproef uit die kwantitatiewe deelnemers geselekteer (Steytler, 2007:9).

❖ *Bemagtigingsprogram*

Die bemagtigingsprogram is enersyds gebaseer op bevindings en gevolgtrekkings rakende die behoeftes van adolessente seuns en volwasse mans ten opsigte van ’n mentorverhouding soos blyk uit data wat uit die vraelys en onderhoude bekom is, en ook uit die literatuurstudie. Die deelnemers wat by die ondersoek betrek is, is volgens ’n nieraarskynlikheid-seleksie sneeubaltipe-steekproef geïdentifiseer (Babbie, 2010:193-194; Schutt, 2008:153-154).

Die program is aangebied in die vorm van groepwerk wat daaraan gekenmerk word dat mense uit ’n spesifieke groep weens ’n gemeenskaplike saak daaraan deelneem (Babbie, 2010:100, 101). Weens die feit dat geloofsoortuigings, kulture, taal en geslagte verskil, fokus hierdie ondersoek op ’n spesifieke groep deelnemers. McKinney (2008:346, 347) wys daarop dat kultuursensitiewe navorsing uiters versigtig hanteer moet word.

Die program is beide kwalitatief en kwantitatief van aard, wat gelyktydig hanteer is. Creswell (2009:213-215) verwys daarna as die gelyktydig triangulerende strategie. Die ondersoek is beide beskrywend en verkennend van aard weens die feit dat die onderwerp goed gedefinieer is, ’n hoër kennisvlak rakende die onderwerp verkry is en ’n nuwe veld ondersoek is (Fouché & De Vos, 2005:106).

Die belangrikste etiese aspekte wat nagekom is, is dat deelnemers nie skade aangedoen is nie, ingeligte toestemming verkry is (Sien **Addendum 1, 2 en 3.**) en privaatheid en vertroulikheid gehandhaaf is. Etiese aspekte is breedvoeriger in **Afdeling A** uiteengesit.

4 Profiel van die deelnemers

Die deelnemers is in twee kategorieë ingedeel. Die eerste groep is die adolessente seuns ($N_1=4$) as mentees en die tweede, die volwasse mans ($N_2=4$) as mentors. Agt deelnemers is by die bemagtigingsprogram betrek ($N=8=N_1+N_2$). Twee van die deelnemers het hulle weens werksverpligtinge voordat die program ten einde geloop het, daaraan onttrek. Hulle het nie die laaste drie kontakssessies bygewoon nie en die data is dienoreenkomstig bereken.



4.1 Die adolessente seun as die mentee

Die seuns wat as deelnemers by die ondersoek betrek is, was almal tussen 12 en 15 jaar oud en val in die ontwikkelingskategorie *adolessensie* (Meyer, 1998:16). Adolessensie beteken om in volwassenheid in te groei (Zastrow & Kirst-Ashman, 2004:220). Binne die generasiekategorieë is hierdie deelnemers almal *Millenniums* (Codrington & Grant-Marshall, 2004:19).

Hierdie deelnemers ($N_1=4$) staan elk reeds in 'n mentorverhouding met 'n volwasse man en word voortaan na verwys as mentees of 'n protégés.

4.2 Die volwasse man as die mentor

Die volwasse mans wat as deelnemers by die ondersoek betrek is, se ouderdomme was 38 jaar ($f=3$) en 39 jaar ($f=1$). Volgens Gerdes *et al.* (1998:478) val al die deelnemers aan die einde van die groepering van vroeë volwassenheid. Gesien die generasies, soos in Codrington en Grant-Marshall (2004:19) verduidelik, lê die deelnemers op die grens tussen die *Boomers* en die *X-ers*, gegewe dat die oorgangstydperk twee jaar voor en twee jaar in die volgende groepering val.

In elke geval was die mentors die biologiese pa van die mentee. Van die vier mentors ($N_2=4$) wat aan die ondersoek deelgeneem het, is slegs 1 betrokke by 'n mentorverhouding met 'n ander seun, en een ander deelnemer het aangedui dat hy betrokke sal raak by 'n mentorverhouding met 'n ander seun. Van al die deelnemers was slegs een ($f=1$) bereid om in te stem dat iemand anders sy seun mag mentor, maar op voorwaarde dat die persoon 'n pad saam met die Here loop. Die tendens dat slegs een deelnemer aangetoon het dat iemand anders sy seun mag mentor en ook dat slegs een deelnemer aangetoon het dat hy tans met 'n persoon buite die gesinsisteem 'n pad loop, word ook in die literatuur ondersteun deurdat daarin aangedui is dat min mans bereid is om 'n seun buite sy gesinsisteem te mentor (Dacey *et al.*, 2004:229).

Steinmann (2006:Voorwoord) noem dat 'n mentor opreg moet wees, dat hy oor die vaardigheid moet beskik om hom maklik met die ander persoon te kan vereenselwig en dat hy die ander persoon goed moet laat voel oor homself, maar om hom ook te inspireer tot verhoogde lewensgehalte. Hierdie redes voer hy aan om aan te toon waarom dit so



kritiek is dat mentorskap 'n kombinasie van 'n professionele en persoonlike verhouding moet wees.

5 Die mentorverhouding

Vergeleke met die VSA is die konsep *mentorverhouding* in Suid-Afrika nog iets nuuts en nog min nagevors. Na beraming is daar in die VSA ongeveer 3 miljoen jongmense betrokke by 'n formele mentorverhouding en nog meer by 'n nieformele mentorverhouding (Rhodes & DuBois, 2008:254). Suid-Afrika se jeug, soos dié in die VSA, kan baat vind by 'n opregte standvastige mentorverhouding. *Big Brothers Big Sisters South Africa* bestaan slegs 9 jaar in Suid-Afrika. Hierdie tipe mentorverhouding is egter georganiseer, of anders gestel, formeel, en het nie natuurlik ontstaan nie.

Die wese van 'n ware mentorverhouding is dat die mentor en mentee oop en opreg in 'n wissellende ek/jy-gesprek kan tree (Head, Reiman & Thies-Sprinthall, 1992:7). Die mentor moet op sy gemak wees daarmee om die mentee tereg te wys indien dit nodig is sonder om hom daardeur opstandig te maak. Die mentor moet ook kan sit en luister en ag slaan daarop as die mentee hom op sy beurt tereg wys. Opregtheid en eerlikheid sonder enige bybedoelings is van die uiterste belang. Clutterbuck (2005:2) is van mening dat die mentorverhouding beide taak- en sosio-emosionele opvoeding insluit.

Rhodes *et al.* (2002:11-14) verwys na verskillende soorte mentorverhoudinge. Hierdie tipes is die tradisionele **een-tot-een** verhouding, die **basisgerigte** benadering soos mentorskap in skole, **groepmentorskap** en laastens die **E-mentorskap**, of anders gestel, die elektroniese mentorskap via die internet. Elkeen van hierdie soorte mentorverhoudinge word hieronder ooreenkomstig die SWOT⁶-analise soos deur Pearce (2007:25) beskryf, uiteengesit. Die data in die vier kolomme is uit Rhodes *et al.* (2002:11-14) aangehaal.

Met die tradisionele een-tot-een mentorverhouding is die aandag van die mentor direk gerig op 'n spesifieke mentee. Die behoeftes van die individu word in ag geneem.

⁶ *Strength, Weaknesses, Opportunity, Threads*



Tradisionele een-tot-een verhouding

S	• <i>Adult provides guidance, instruction and encouragement aimed at developing the competence and character of the protégé.</i> • <i>Wide variety of leisure and career oriented discussions and activities.</i> • <i>Considerable flexibility.</i>
W	• <i>Chronic shortage of volunteers</i> • <i>Commitment from the mentors</i>
O	• <i>New approaches in the hopes of attracting and expanding the influence of new volunteers.</i>
T	• <i>The flexibility of this approach, intimidates others.</i>

Met die tradisionele een-tot-een mentorverhouding is die aandag van die mentor direk gerig op 'n spesifieke mentee. Die behoeftes van die individu word in ag geneem. 'n Voorbeeld van hierdie tipe mentorverhouding is 'n volwasse man wat 'n jonger seun mentor sonder dat dit gekoppel word aan 'n spesifieke groep. *Big Brothers Big Sisters South Africa* is een van die georganiseerde nie-natuurlike mentorprogramme in Suid-Afrika wat ook op 'n een-tot-een verhouding konsentreer.

Basisgerigte benadering

S	• <i>Volunteers who are older.</i> • <i>More likely to be members of ethnic minorities.</i> • <i>Expanding the pool of mentors.</i> • <i>Half as costly as traditional mentoring.</i> • <i>Convenience the school structure.</i>
W	• <i>Less educated mentors.</i> • <i>School based mentoring did not persist beyond the duration of the school year.</i> • <i>Mentors spent half as much time with the youth.</i>
O	• <i>More focused as the one-on-one.</i> • <i>Very strong academically focused.</i>
T	• <i>Connected according the school calendar.</i> • <i>Terminate the program during holidays and during that time the behaviour problems increase.</i> • <i>Relationship is less intensive</i> • <i>Very little social activities.</i>

Die basisgerigte mentorverhouding is afhanklik van 'n plek of organisasie waarby beide partye betrokke is. Dit kan 'n organisasie of plek wees soos 'n kerk, skool, sportveld of werksplek. 'n Voorbeeld is 'n onderwyser wat 'n spesifieke kind doelbewus mentor wat nie



as sodanig met akademiese aangeleenthede verband hou nie. Die mentorverhouding is egter gekoppel aan skoolure en vind nie na skoolure of gedurende vakansies plaas nie.

Groepmentorskap

<i>S</i>	<i>Mentor provides guidance and advice on peer interaction and social conflict.</i>
<i>W</i>	<i>Group size make it difficult.</i> <i>Relationship is less intensive.</i>
<i>O</i>	<i>May have social impacts that one-to-one does not have.</i>
<i>T</i>	<i>Attendance of members makes it difficult how to spend the time together.</i>

Groepmentorskap vind makliker plaas as dit gekoppel is aan 'n organisasie, maar dit is nie noodwendig altyd nodig dat 'n organisasie daaraan gekoppel hoef te wees nie. Persoonlike aandag kom voor, maar indien daar meer aandag geskenk word aan een persoon as aan ander in die groep, kan dit tot negatiewe persepsies lei. Sportafrigting, soos dit in die rolprent van *Coach Carter* uitgebeeld word, is 'n goeie voorbeeld van groepmentorskap deurdat die afrigter die jong basketbal-span as groep mentor op gebiede wat buite die grense van basketbal val.

E-Mentorskap

<i>S</i>	<i>Online-pen pals.</i> <i>Sustain contact between meetings (Every mentor can do this).</i>
<i>W</i>	<i>On-line relationships – exclusively.</i> <i>No studies have examined whether e-mail mentoring can effectively substitute face-to-face interactions.</i>
<i>O</i>	<i>E-mail exchanges can serve as a useful adjunct to ongoing relations.</i>
<i>T</i>	<i>Researchers doubt whether such ties can consistently emerge in the absence of the adult's physical presence.</i>

E-mentorskap kan baie gevaarlik wees, aangesien die mentee nie die liggaamstaal van die mentor kan lees nie en dalk nie eens die mentor as persoon ontmoet of regtig ken nie. E-mentorskap vind plaas deur die gebruik van koue media soos die internet en elektroniese geselskamers soos *Skype* of *MXit*⁷.

⁷ MXit Lifestyle – Instant messenger



Verskillende mentorverhoudinge hou verskillende voordele in – sommige meer as ander en sommige is nog nie werklik getoets nie. Vir doeleindes van hierdie studie word gebruik gemaak van die tradisionele een-tot-een mentorverhouding.

Biddulph (1998:75) is van mening dat sekere eenvoudige aspekte aan ’n vader-seunverhouding (mentorverhouding) gekoppel is wat seuns help in hul groei tot man-wees. Hy verwoord dit soos volg: *Most boys love to be physically active, to have fun with their father. They like to accompany you on adventures and experience in the big, wide world, all the while feeling secure because dad seems so huge and capable. They love to hear stories about your life, meet your friends and see what you do for a living and they love you to teach them things – anything really.*

Hierdie aspekte wat Biddulph uitlig, kan, as dit met die een-tot-een mentorverhouding geïntegreer word, moontlik tot verhoogde lewensgehalte vir die mentee lei. Stone (2004:1-2) het die woord MENTOR opgebreek en aan elke letter ’n betekenis toegeken. Die betekenis van elke letter dra by tot die mentorverhouding. Genoemde betekenis is soos volg:

M is for model – to serve as role model

E is for encouragement – role as cheerleader or advocate

N is for nurture – to identify his mentee’s unique skills and capabilities – to make the most of these talents

T is for teacher – providing constructive feedback

O is for organization – to lead through the organization, avoiding political minefields

R is for reality – to bring reality to the protégé dreams and creating an action plan that makes them within reach.

Die tipe mentorverhouding gepaard met die wyse van hantering van die mentorverhouding bepaal grootliks die uitkomst van die verhouding.

6 Groepwerk

Die deelnemers is by ’n program betrek wat in die vorm van groepwerk aangebied is. Die deelnemers het deel uitgemaak van hierdie groep weens ’n gemeenskaplike saak (Babbie, 2010:100-101). Groepwerk word daaraan gekenmerk dat dit ’n doelgesentreerde aktiwiteit is met ’n spesifieke uitkomst wat sekere aktiwiteite kan insluit om die



uitkomste te bereik (Barker, 2003:404; Toseland & Rivas, 2005:12). Groepwerk word geklassifiseer as óf terapeuties (*treatment*) óf doelgerig (*task*) (Toseland & Rivas, 2005:15).

Die groepwerkproses is in vyf fases onderverdeel (Du Preez, 1995:156-161; Van Der Westhuizen, 2009:25). Die eerste is die voorbereidingsfase waartydens al die voorbereiding vir die groepwerk getref word. Die tweede is die aanvangsfase. Groepwerksessies neem gedurende hierdie fase 'n aanvang. Die derde is die oorgangsfase waartydens die individu begin deel uitmaak en deelneem aan die groep. Die werkfase is die vierde fase. Gedurende hierdie fase is die ongemaksvlakke baie laag en die deelnemers neem veel meer spontaan deel. Die lede van die groep begin gedurende hierdie fase meer intimiteit ervaar. Die laaste is die termineringsfase. Die groepwerk word tydens hierdie fase afgesluit. Evaluering vind ook plaas gedurende hierdie kontakssessie (Du Preez, 1995:156-161; Van Der Westhuizen, 2009:25-26).

Om die doelwit van hierdie program te kon verwesenlik is daar van doelgerigte groepwerk gebruik gemaak. Die groep het bestaan uit die fasiliteerder – dit is die navorser, twee medegroepwerkers wat waargeneem het en die deelnemers – dit is die mentors en die mentees. Die groepwerk is sodanig aangebied dat beide die mentors sowel as die mentees verstaan het waaroor elke aspek gehandel het. Die deelnemers het ook binne hierdie groepwerk aan verskeie aktiwiteite deelgeneem. Die medegroepwerkers het die fasiliteerder ook gedurende aktiwiteite bygestaan. Die aktiwiteite is aangebied met die nodige voorsorg- en veiligheidsmaatreëls. Weens die feit dat die bemagtigingsprogram in groepwerk aangebied is, is die kontakssessies volgens die fases van groepwerk ingedeel.

7 Programuiteensetting

Die aanbieding van die aktiwiteit-georiënteerde bemagtigingsprogram het gedurende 'n naweek op 'n plaas in die Velddrif-gebied aan die Weskus plaasgevind. Verskeie aktiwiteite is tydens die program benut om dit wat in die kontakssessies bespreek is, te toets, te demonstreer asook in te oefen. Daar moet in gedagte gehou word dat die deelnemers geruime tyd reeds in hierdie mentorverhouding staan en mekaar goed ken.



Die program fokus op daardie areas wat moontlik struikelblokke binne 'n gevestigde mentorverhouding kan oplewer.

Die program is so ontwerp en aangebied dat die deelnemers konstruktiewe tyd saam deurgebring het. Dit is deels bereik deurdat die deelnemers onderskeidelik as mentor en mentee 'n tent gedeel het en byna alle georganiseerde aktiwiteite saam uitgevoer het. Die aspekte is gekies soos dit uit die behoeftebepaling voortgespruit het en ook uit die literatuurstudie. Neethling en Rutherford (1999:9) noem dat die kreatiewe ouer [mentor] 'n paar dinge moet besef. Hierdie aspekte is;

- Elke kind het die potensiaal om sukses te kan behaal.
- Die meeste beperkings wat die kind ondervind, het die ouer/onderwyser/mentor geskep – grootliks deur etikettering.
- Die sleutel tot verandering en ontwikkeling lê nie in verandering van gedrag nie, maar in die verandering van die DENKE van die kind.
- Daar is nie net een vorm van intelligensie nie, maar verskeie intelligensies – die kind moet gelei word om sy unieke intelligensie te ontdek.
- Elke kind moet 'n visie met trekkrag hê – die toekoms moet opwindend wees.
- Die kind moet die drasties veranderende omgewing as opwindend, 'n uitdaging, beleef – nooit as oorweldigend nie.
- Elke kind en ouer het unieke breinvoorkeure wat sy gedrag, keuses, leer- en onderrigvoorkeure asook emosionele ervaring bepaal.

Skematiese voorstelling 1 is die uiteensetting van die aspekte wat bespreek is en Skematiese voorstelling 2 is die uiteensetting van die proses wat gevolg is om die aspekte in die mentorverhouding te inkorporeer.




Skematiese voorstelling 1 – Aspekte en besprekings tydens die kontakssessies

Kontakssessies	Bespreking
1. Ontmoeting en oriëntering a. Voorstelling b. Programuiteensetting c. Etiese aspekte d. Voortoetsing	• Kamp opslaan • Kenmekaar • Uitdeel van studiemateriaal
2. Generasiegaping a. Leefwêreld van beide groepe b. Kommunikasie style en -patrone c. Taal d. Verhoudings	• Waarom tree die ander party so op? • Waardeur hy moet gaan • Is dit reg?
3. Emosionele intelligensie a. Eienskappe van jouself b. Selfbeeld c. Beleving van emosies d. Interpretasie van emosies e. Het ek wat dit vereis?	• Identiteitsverwarring kom algemeen voor • Help hoe om te reageer op sekere gebeurtenisse • Inherent, gaan oor jouself
4. Manlikheid a. Stigmatisering van die man b. Samelewingsfaktore c. Afwesige manlike mentors d. Afwesige pa e. Inisiëringsproses	• Man se plek in die sameleving • Eienskappe van die man • Vergifnis en verandering
5. Mentorverhouding a. <i>Commitment</i> - Verbintenis b. Gee en ontvang c. Fellowship - Kameraadskap d. Kort- en langtermyn e. Vertroue	• Johannes 12:1-8, 18:1-5 • Wat dit jou gaan kos • Tydelik of permanent • <i>Volg my...</i>
6. Terugvoer, samevatting en afsluiting a. Samevatting van die programuitkomst b. Program is geëvalueer c. Opvolgonderhoude d. Natoetsing word oor 2 maande heen gedoen	• Evalueringsvorms is ingevul • Datums vir onderhoude is bevestig.

Die mentor asook die mentee moet die verband insien tussen die inligting wat hy ontvang en sy rol as man. Dit sluit morele standaarde en gedragswyses in. 'n Skematiese uiteensetting van hoe die aspekte inpas om 'n geheelbeeld van die program te vorm word deur die navorser in **Skematiese voorstelling 2** weergegee.



Skematiese voorstelling 2 – Mentorprogram-proses



Die **mentorverhouding** (Geel) is die doelstelling wat bereik moet word. **Emosionele intelligensie**, **manlikheid** en **generasiegaping** (Blou) is die doelwitte ter versterking van die mentorverhouding en **aktiewe deelname**, **luister**, **rigtinggewing**, **ondersteuning** en **beskerming** (Rooi) is behoeftes ten opsigte van 'n mentorverhouding soos deur seuns geïdentifiseer (Steytler & Strydom, 2008:48). Hierdie behoeftes is deur middel van aktiwiteite in die program geïnkorporeer. Die aktiwiteite het deel uitgemaak van die program.

Die mentorverhouding bestaan reeds en word in die skematiese voorstelling dus voor, tydens en na die program aangedui (die geel gedeelte). Die rooi area dui die behoeftes van die mentees aan rakende die mentorverhouding. Weens die feit dat die behoeftes na gelang van ouderdom verander (Steytler, 2007:63, 86), wissel die inhoud en die tipes aktiwiteite binne hierdie area. Die aspekte wat in blou uitgebeeld word, dra by tot versterking van die mentorverhouding.

8 Aanbieding van die bemagtigingsprogram

Die oorhoofse doelstelling was om 'n bemagtigingsprogram te ontwikkel om volwasse mans en adolessente seuns te bemagtig rakende 'n versterkte mentor-mentee verhouding. Hierdeur kan die mentor die mentee beter begelei tot verhoogde lewensgehalte. Die mentee word ook deur die proses bemagtig ten opsigte van sy kennis en beleving van sy mentor en insgelyks ook van ander volwassenes. Tydens die kontakssessies is inligting op verskeie wyses aan die deelnemers oorgedra. Hierdie



inligting is dan aan die hand van verskeie aktiwiteite getoets en ingeef. Die aktiwiteite is van so ’n aard dat die verskillende komponente van die kontakssessies nie altyd ooglopend voorkom nie. Dit is gedoen om die kans tot manipulerings van die uitkomst van die aktiwiteite te verlaag. Die vaardigheid om ’n effektiewe mentor te wees, is nie altyd ’n vanselfsprekende eienskap by alle mentors nie (Anon, 2007:8). Hierdie bemagtigingsprogram is ’n hulpmiddel om onder andere hierdie vaardigheid aan hulle oor te dra ter versterking van die mentorverhouding. Een-tot-een onderhoude is ook met elke deelnemer gevoer. Tydens hierdie onderhoude is data bekom rakende persoonlike gevoelens en belewenisse van die mentorverhouding.

In die paragrafe wat volg, word ’n uiteensetting gegee van die doelwitte, programinhoud en kontakssessies. Tydens die verskillende kontakssessies is verwys na die ander kontakssessies om die oorhoofse doelstelling konstant deur te trek. Van die bewysings van die deelnemers word verbatim aangehaal en die aktiwiteite het nie direk na elke sessie plaasgevind nie. Dit is op so ’n wyse aangebied dat die deelnemerpere waardevolle tyd saam kon deurbring om die inhoud van die kontakssessies te kon bespreek. Na afloop van elke kontakssessie het elke deelnemer ’n evalueringsvorm ingevul deur middel waarvan hulle die programinhoud geëvalueer het.

Terugvoer word kortliks ten opsigte van die programuitkomst gegee. Volledige terugvoer oor die bemagtigingsprogram word in **Artikel 4** van hierdie afdeling uiteengesit.

8.1 Kontakssessie 1 – Ontmoeting en oriëntering

8.1.1 Doelwitte

- Om die deelnemers aan mekaar voor te stel.
- Om die kamp-opset en uiteensetting van die program aan die deelnemers deur te gee.
- Om die basis of agtergrond van die belangrikheid van die program aan die deelnemers weer te gee.
- Om ’n paradigma vir ’n vertrouensverhouding te skets.
- Om die werkswyse van die bemagtigingsprogram weer te gee.
- Om die nodige vraelyste uit te deel en die inhoud van die vrae te verduidelik.



8.1.2 Inhoud

Gedurende hierdie kontakssessie het die navorser hom sowel as die medegroepwerkers aan die deelnemers voorgestel. Die rol en taak van die medegroepwerkers is ook aan die deelnemers voorgehou. Die deelnemers is aan die res van die groep voorgestel deurdat die mentee sy mentor aan die groep voorgestel het en die mentor sy mentee.

Die agtergrond rakende die rede vir die ondersoek is aan die deelnemers voorgehou om enige onduidelikheid uit die weg te ruim. Die behoeftes van adolessente seuns soos in die literatuurstudie geïdentifiseer, gepaard met die behoeftes van die mentors is voorgehou, sowel as die hantering van die verskillende behoeftes.

’n Verskeidenheid mediademonstrasies is visueel aan die deelnemers getoon. Elkeen van hierdie snitte het betrekking op een van die aspekte wat behandel is. Dit is aan die deelnemers voorgehou as deel van die paradigma waarin die program verloop. Daar is ook telkens in die loop van die program na hierdie uittreksels verwys.

Die deelnemers het twee vraelyste ontvang om in te vul. Die eerste was die voortoets. (Sien **Addendum 8.**) Die tweede een wat elkeen ingevul het, was ’n selfontwerpte vraelys waarin hy sy verhouding met sy mentor/mentee moes beskryf. (Sien **Addendums 9 en 10.**) Hierdie vraelys was gedeeltelik gebaseer op die Likert-skaal-formaat (Neuman, 2006:207). Oopantwoord-vrae het ook voorgekom.

8.1.3 Terugvoer

Na afloop van hierdie kontakssessie was die deelnemers se gemaklikheidsvlakke beter en hulle het meer spontaan opgetree. Beide die deelnemers en die medegroepwerkers het makliker met mekaar gesels. Die deelnemers het na hul blootstelling aan die visuele materiaal ook ’n beter begrip van die program ontwikkel.

8.2 Kontakssessie 2 – Generasiegaping

Far too frequently, youth and adults are further separated by parents and other adults who simply cannot appreciate or even understand the world in which their children live or the strange ways in which they see their children trying to find significance (Welty, 1989:17).



8.2.1 Doelwitte

- Om kommunikasiegapings wat as gevolg van generasiegapings ontstaan het, te identifiseer en uit te lig en moontlike oorbruggingsmetodes aan die hand te doen.
- Om deur middel van aktiwiteite die belangrikheid van taal, kommunikasie, wedersydse idees en metodes uit te lig en te hanteer.
- Om die vaardigheid van luister, prosesseer en gepaste reaksie uit te lig en te toets.
- Om die belangrikheid van die verhouding vanuit die verskillende generasies uit te wys.

8.2.2 Inhoud

Die eerste kontakssessie wat hanteer is, is dié rakende die generasiegaping. Hierdie kontakssessie is eerste hanteer weens die moontlikheid dat konflik maklik kan plaasvind as gevolg van generasies wat verskillend na sekere aspekte kyk. Die aktiwiteite wat deel uitmaak van hierdie bemagtigingsprogram kan lei tot konflik en is uiters sorgvuldig ingewerk. Deur die deelnemers bloot te stel aan ’n geleentheid wat kan lei tot konflik, is hulle die geleentheid gegun om dit eers te oorweeg binne die raamwerk van die ander persoon se generasie-eienskappe en dan daarvolgens op te tree.

8.2.3 Bespreking

Die verskillende eienskappe van die verskillende groeperings generasies soos dit deur Codrington en Grant-Marshall (2004:74) uiteengesit is, is bespreek. Die mentors is die geleentheid gegun om mee te deel wat hulle as struikelblokke en as positief beleef met betrekking tot die generasiegaping tussen hulle en hul mentee. Verskillende kommunikasiestyle, leefwyses, lewenspatrone en lewensfases van die verskillende groepe is bespreek.

Riglyne ten opsigte van hoe die gaping moontlik oorbrug kan word, is aan die deelnemers deurgegee. Die belangrikheid en eienskappe van die mentorverhouding is aan die deelnemers oorgedra. Die toepassing van die kontakssessie is aan die hand van aktiwiteite getoets.

8.2.4 Terugvoer

Die deelnemers het aan die einde van die kontakssessie ’n evalueringsvorm ingevul. (Sien **Addendum 12.**) Volgens die Likert-skaal waar 1 die negatiefste en 10 die positiefste aandui, het 75% (f=6) ’n 8 aangedui, 12.5% (f=1) ’n 10 en 12.5% (f=1) ’n 7. Al die



deelnemers (N=8) het hierdie aspek dus beoordeel as dat dit 'n positiewe bydrae tot die mentorverhouding lewer.

Die deelnemers het heel spontaan aan die bespreking deelgeneem. Deur waarneming het die medegroepwerkers opgemerk dat die deelnemers aandagtig luister en aan die bespreking deelneem. Enkele van die deelnemers se verbatim aanhalings is soos volg;

- ✍ Verstaan nou beter hoe verskillende generasies werk en hoe om dit toe te pas.*
- ✍ Dit is interessant oor die generasie gapings en hoe hulle van mekaar verskil.*
- ✍ Ek is nie heeltemal soos my generasiegaping nie.*

Dit blyk dus uit die verbatim aanhalings dat die deelnemers se begrip rakende die verskille wat daar is binne die generasies voorkom, uitgebrei het. Dit blyk verder ook dat die deelnemers onderskeid kan tref tussen die literatuur se weergawe rakende hulle generasies en dit wat hulle self in hierdie verband beleef.

8.3 Kontakssessie 3 – Emosionele intelligensie

8.3.1 Doelwitte

- Om die deelnemers hulle eie emosies asook dié van ander beter te laat verstaan.
- Om die deelnemers hulle eie optredes rakende emosionele aspekte in oënskou te laat neem en daarvolgens te begin reageer.

8.3.2 Inhoud

Die tweede kontakssessie handel oor emosionele intelligensie. Dit is die vermoë om jou eie gedagtes en gevoelens te kan identifiseer, dit te verstaan en te beheer. Verder het dit ook te make met hoe jy jou gevoelens gepas aan ander kan oordra, empatie met ander se emosies kan toon en ook te make daarmee of jy daartoe in staat is om op emosionele vlak 'n verhouding met 'n ander persoon te kan deel (De Klerk & Le Roux, 2003:7). Indien die mentor en mentee sy eie emosies beter verstaan en hanteer asook dié van die ander party, is die navorser van mening dat dit die mentorverhouding sal versterk en ook die persoon sal help om verhoogde lewensgehalte te ervaar.

8.3.3 Bespreking

Verskillende soorte emosies asook die oorsprong van die uitbarsting van sekere emosies is aan die deelnemers gekommunikeer. Ten einde die mentorverhouding te versterk is dit noodsaaklik dat beide partye deelnemers hul eie emosies asook die van die ander



party reg moet verstaan en interpreteer. Vier eienskappe van emosionele intelligensie is bespreek. Hierdie eienskappe is die behoefte aan aanvaarding, aan liefde, aan erkenning en aan sekuriteit (Behr *et al.*, 1988:26-32).

Die deelnemers is gevra om elkeen 'n lewenskaart van hulleself op te stel waarin hulle hul karaktereieenskappe en hul belewing en interpretering van hul lewe uitbeeld (Herbst & De La Porte, 2006:17). Om die moontlike oorsprong van hul belewing van emosies te kan verstaan en uit te lig het die deelnemers beide 'n genogram en ekokaart van hulle lewens opgestel (Cournoyer, 2000:47). Die data wat uit die drie hulpmiddele bekom is, skets dan 'n moontlike prentjie aan die deelnemers ten opsigte van waarom hulle sekere emosionele gedrag openbaar.

8.3.4 Terugvoer

Die deelnemers het aan die einde van die kontakssessie 'n evalueringsvorm ingevul. (Sien **Addendum 12.**) Volgens die Likert-skaal waar 1 die negatiefste en 10 die positiefste aandui, het 12.5% ($f=1$) 'n 6 gemerk, 25% ($f=2$) 'n 7, 12.5% ($f=1$) 'n 8, 37.5% ($f=3$) 'n 9 en 12.5% ($f=1$) 'n 10. Die meerderheid deelnemers het dus 'n sterk aanduiding gegee dat hulle die aspek as baie goed takseer het. Al die deelnemers ($N=8$) het hierdie spesifieke aspek, naamlik emosionele intelligensie, beleef het as dat dit 'n positiewe bydrae tot die mentorverhouding lewer.

Enkele van die deelnemers se verbatim aanhalings was soos volg;

- ✍ *Emosies speel 'n groot rol in die mentorverhouding.*
- ✍ *Baie geleer van 'n onderwerp waarvoor ek nog nooit voorheen spesifiek aandag aan gegee het nie.*
- ✍ *Altyd interessant om te besef dat IK so 'n klein rol speel in jou totale intelligensie.*

Die deelnemers wys daarop dat hierdie aspek uiters min aandag in hul lewens geniet het, maar dat dit eintlik 'n groot rol speel in die mentorverhouding. Dit blyk dus uit die deelnemers se terugvoer dat hierdie aspek in die toekoms in hulle mentorverhouding meer aandag gaan geniet.

8.4 Kontakssessie 4 – Manlikheid

Wherever you see a gang of boys looking unruly, you know the adult leadership is failing (Biddulph, 1998:46).



8.4.1 Doelwitte

- Om die rol en posisie van die man in die samelewing uit te lig.
- Om die invloed van die afwesige pa uiteen te sit.
- Om die noodsaaklikheid van mans as mentors onder die aandag te bring.
- Om die belangrikheid van die inisiëringsproses van seun na volwasse man te beklemtoon.

8.4.2 Inhoud

In sisteme waarin seuns in 'n samelewing groot word waar psigososiale omstandighede soos 'n afwesige pa 'n rol speel, is die kans sterk dat hierdie siklus van laer psigososiale omstandighede hom gaan herhaal (Steytler & Strydom, 2007:36). Die belangrike rol wat die man in die samelewing vervul, sowel as sekere manlike eienskappe is tydens hierdie kontakssessie bespreek. Klem is gelê op opregtheid, eerlikheid en morele waardes.

Weens 'n tydsaspek is die belangrikheid van die inisiëringsproses van seun tot volwasse man aan die seuns verduidelik, maar dit is nie sterk beklemtoon nie.

8.4.3 Bespreking

Die eerste gedeelte van die gesprek het gehandel oor die invloed en gevolge van die afwesige pa. Hierdie aspek is uiters sensitief hanteer, aangesien die mentors wat deelgeneem het die mentees se biologiese pa's was. Die gesprek is ondersteun deur dit uit literatuur (Erickson, 1996:39; Gurian, 1998:50; Steytler, 2007:33-38) toe te lig. Heelwat tyd is aan hierdie aspek afgestaan.

Die rol van die man, die stigmatisering asook die marginalisering van die man in die samelewing is bespreek. Terugverwysing na uittreksels uit die verskillende visuele media wat in die eerste kontakssessie aan die deelnemers gewys is, is ook gebruik om die konsep en gevolge van sekere besluite en keuses aan die deelnemers te demonstreer.

8.4.4 Terugvoer

Aan die einde van die kontakssessie het die deelnemers 'n evalueringsvorm ingevul. (Sien **Addendum 12.**) Twee van die deelnemers het hulle weens werksverpligtings voor die aanvang van hierdie kontakssessie reeds onttrek. Volgens die Likert-skaal waar 1 die negatiefste en 10 die positiefste aandui, het 16.66% (f=1) 'n 7 gemerk, 50% (f=3) 'n 8 en 33.33% (f=2) 'n 9. Die meerderheid deelnemers het 'n besonder sterk aanduiding gegee



dat hulle die aspek as baie goed takseer. Honderd persent van die deelnemers (N=6) het aangetoon dat hulle hierdie aspek as 'n positiewe bydrae tot die mentorverhouding beleef het. Hierdeur kan afgelei word dat die program 'n positiewe verandering in die mentorverhouding teweeggebring het.

Enkele van die deelnemers se verbatim aanhalings is soos volg (spelfoute is gekorrigeer):

- ✍ *Vir die afgelope twee jaar as ek my pa vra om saam met my te speel was hy te moeg, maar ek dink hy sal nou baie meer met my speel.*
- ✍ *Stop die bouse kringloop van familie na familie.*

Uit een verbatim aanhaling blyk dit dat, alhoewel die biologiese pa die kind se mentor is, hy steeds nie kwaliteit tyd saam met sy seun as mentee deurgebring het nie – iets wat wel 'n sterk behoefte by die mentee is. Wat die tweede verbatim aanhaling betref, blyk dit dat die deelnemers besef dat die verskynsel dat die pa afwesig is, moontlik herhaal gaan word, maar dat dit in hulle verhouding stopgesit kan word.

8.5 Kontakssessie 5 – Mentorverhouding

Over the course of their time together, the mentor and protégé often develop a special bond of mutual commitment, respect, identification, and loyalty which facilitates the youth's transition into adulthood (Rhodes, 2002:3-4).

8.5.1 Doelwitte

- Om die verhouding te versterk.
- Om die kommunikasiekanaal wedersyds oop te hou en te benut.
- Om die begrip van gee en neem tuis te bring.
- Om te beklemtoon dat vriendskap vertrouwe verg.
- Om mentorskap as 'n kort- of langtermynvriendskap te beklemtoon.
- Om die mentor se voorbeeld as vriend uit te lig.

8.5.2 Inhoud

Die laaste aspek is tydens hierdie kontakssessie met die deelnemers hanteer. Die kontakssessie beklemtoon die uitwerking van 'n hegte vriendskap. Weens die feit dat die mentorverhouding vir die studie die tradisionele een-tot-een verhouding is, is die kans sterk dat dit kan uitloop op 'n hegte vriendskap of dat 'n hegte vriendskapsband reeds gesmee is. Die verskil tussen slegs 'n mentor of vriend, en 'n mentorsvriend is uitgelig.



8.5.3 Bespreking

Die verskil tussen ’n vriendskap en ’n mentorverhouding is aan die deelnemers verduidelik. Kerneienskappe wat deel uitmaak van die verhouding is aan die hand van voorbeelde en deur visuele materiaal gedemonstreer. Die deelnemers het elkeen ’n plastiek weermag-mannetjie ontvang as simbool van hulle onderneming aan mekaar om mekaar te ondersteun en by te staan.

Vertroue en verbintenis (*commitment*) rakende vriendskap is hanteer deur deelname aan die aktiwiteite.

8.5.4 Terugvoer

Aan die einde van die kontakssessie het die deelnemers ’n evalueringsvorm ingevul. (Sien **Addendum 12.**) Twee van die deelnemers het hulle weens werksverpligtinge reeds voor die aanvang van die vorige kontakssessie aan die program onttrek. Volgens die Likert-skaal waar 1 die negatiefste en 10 die positiefste aandui, het 66.66% (f=4) ’n 8 gemerk, 16.66% (f=1) ’n 9 en 16.66% (f=1) ’n 10. Die meerderheid deelnemers het ’n baie sterk aanduiding gegee dat hulle die aspek as baie goed beleef het. Al die deelnemers (N=6) het hierdie aspek beoordeel as dat dit ’n positiewe bydrae tot die mentorverhouding lewer.

Een van die deelnemers se verbatim aanhaling is soos volg (spelfoute is gekorrigeer):

Hierdie kamp was baie goed vir my. Ek dink my pa [mentor] sal nou meer tyd saam met my spandeer en ek wil saam met hom rondry en goed doen sodat hy weet ek is aan sy kant.

Uit hierdie verbatim aanhaling blyk dit dat die mentee-deelnemer meer kwaliteit tyd saam met sy mentor gaan deurbring. Dit is dus duidelik dat die deelnemers gaan poog om die mentorverhouding te versterk.

8.6 Kontakssessie 6 – Terugvoer, samevatting en afsluiting

8.6.1 Doelwitte

- Om elke deelnemer se beleving van die bemagtigingsprogram met die ander te deel.
- Om die bemagtigingsprogram af te sluit.



- Om die laaste gedeelte van die ondersoek wat oor ’n tydperk van twee maande moet verloop, te bespreek.
- Om die programinhoud op te som.

8.6.2 Inhoud

Die deelnemers is die geleentheid gegun om terugvoer te gee oor hoe hulle die program in sy geheel gevind het. Hulle het elk ook ’n vraelys ingevul waarin hulle die program en aktiwiteite kon evalueer. (Sien **Addendum 13.**)

8.6.3 Terugvoer oor oorhoofse program

Volgens die Likert-skaal waar 1 die negatiefste en 10 die positiefste aandui, het 37.5% (f=3) ’n 8 gemerk, 37.5% (f=3) ’n 9 en 25% (f=2) ’n 10. Al die deelnemers het ’n baie sterk aanduiding gegee dat hulle die program baie goed gevind het en dat dit ’n positiewe bydrae tot die mentorverhouding lewer. Een honderd persent (N=8) van die deelnemers beveel die program vir ander mentors en mentees aan. Dit blyk dus dat die program baie waarde tot die mentorverhouding toegevoeg het.

Volgens die Likert-skaal rakende die aktiwiteite van die oorhoofse program waar 1 die negatiefste en 10 die positiefste is, het 12.5% (f=1) ’n 8 gemerk, 75% (f=6) ’n 9 en 12.5% (f=1) ’n 10. Volgens die hoë waardes op die skaal blyk dit dus dat die behoefte aan aktiewe deelname soos dit in die behoeftebepaling en literatuur voorkom, deur die empiriese ondersoek ondersteun word.

Enkele van die deelnemers se verbatim aanhalings is soos volg;

- ✍ *Dit was vir my ’n wonderlike ervaring om met my mentor ander mense te leer ken en om te sien hoe ek en my mentor oor die weg kom.*
- ✍ *Daar was soveel goed wat ek verkeerd gedoen het en die program het my geleer wat om te sê en wat nie.*
- ✍ *Ons het albei baie geleer om mekaar beter te verstaan, hoekom ons so optree en hoe om dit te hanteer. Mens leer ook baie deur na ander pare te kyk en ook hul opmerkings en insette te hoor en sien.*
- ✍ *Dit is ’n kamp wat ’n pa met elke een van sy kinders moet bywoon, waar hulle in ’n gejaagde lewe weer tyd gaan kry om saam iets te doen.*
- ✍ *Ek dink dit [die program] is uitstekend. Ek wens dit kan op ’n jaarlikse basis met pa’s en seuns en ma’s en dogters gedoen word.*



Uit hierdie verbatim aanhalings blyk dit dat hierdie aktiwiteit-georiënteerde bemagtigingsprogram die geleentheid geskep het waarbinne die mentor en die mentee nader aan mekaar kon groei. Die feit dat persoonlikhede verskil en dat elke generasie unieke gedrag toon wat uniek hanteer moet word, is ook deur die deelnemers uitgelig. Uit die verbatim aanhalings blyk dit dat die mentors behoefte het daaraan dat hierdie program op ’n meer gereelde basis moet plaasvind. Dit blyk ook uit die laaste verbatim aanhaling dat die mentors dit verkies dat die program enkelgeslag moet bly, mans by seuns en dames by dogters.

9 Gevolgtrekking

Uit voorgenoemde bevindinge is daar tot die volgende gevolgtrekkings geraak:

- Sekere eienskappe en kennis waaroor volwassenes moet beskik om op meer geslaagde wyse met kinders te kan werk, is jare gelede reeds geïdentifiseer, maar is nie noodwendig in ’n mentorverhouding geïnkorporeer nie.
- ’n Persoonlike en hegte band kan tussen ’n mentor en ’n mentee in ’n mentorverhouding bestaan.
- Die meerderheid van die mentorverhoudinge in hierdie studie staan aan die beginfase deurdat die meerderheid mentee-deelnemers tans puberteit betree en die einde van die laat-middelkinderjare bereik het.
- Die mentors het almal die einde van die groepering vroeë volwassenheid bereik, en lê op die grens tussen die *Boomers* en die *X-ers*.
- Volgens die generasie-groepering is die meeste mentees Millennials.
- Die literatuur word ondersteun deurdat daar slegs een mentor is wat seuns buite die gesinsisteem doelbewus mentor.
- Die meerderheid biologiese pa’s in hierdie studie as mentor wil nie hê dat iemand anders hulle seun mentor nie.
- Die literatuur word ondersteun deurdat seuns uit die verre platteland geneig is om hulle biologiese pa as mentor te beskou.
- Indien ’n persoon buite die gesin die seun mentor, het die biologiese ouers behoefte daaraan dat die persoon ’n geruime tyd reeds ’n pad met die Here moes geloop het.



- Daar is verskeie soorte mentorverhoudinge en ’n mentee en mentor kan by meer as een van die verskillende soorte mentorverhoudinge betrokke wees.
- ’n Bepaalde proses kan gevolg word wat sekere kontakssessies insluit, gekombineer met aktiwiteite, om die mentorverhouding te versterk met die oog op verhoogde lewensgehalte.
- In ’n mentorverhouding is generasieverskille onbekend en word nie aangeroei in ’n mentorverhouding nie. Hierdie versuim kan tot konflik en misverstande lei.
- Emosionele intelligensie is ’n aspek wat nie aandag geniet nie, maar dit speel ’n duidelike rol in ’n mentorverhouding.
- Deelnemers het in die loop van die program introspeksie gedoen en persoonlike uitdagings geïdentifiseer.
- Die program het die deelnemers se leefwêreld van die ander party aan hulle blootgelê, en hulle het daarop gereageer.
- Die volwassene as mentor het behoefte daaraan om meer tyd saam met sy mentee deur te bring.

10 Aanbevelings

Fokuspunte vir verdere navorsing:

- Die ontwikkeling van ’n aktiewe bemagtigingsprogram vir die adolessente dogter en die vroulike mentor.
- Die uitwerking van hierdie bemagtigingprogram op ’n basisgerigte- en groepmentorskap soos in skole.
- Die bewusmaking van die invloed wat ’n mentor op die adolessente seun in die gemeenskap het.
- ’n Opvolgprogram in mentorskap.
- Hierdie program was slegs vir Afrikaanssprekende mans en seuns, en wel vanuit ’n Christelike perspektief, aangebied. ’n Program kan ontwikkel word om ook ander rasse, kulture en gelowe te betrek.
- Dieselfde program kan vir mentors en mentees aangebied word waar die mentees sorgbehoewend is – kinders dus wat in pleegsorg is of wat in ’n kinderhuis of jeugsorgsentrum woon.



11 Samevatting

Hierdie afdeling van die proefskrif is die uiteensetting van die aktiwiteit-georiënteerde bemagtigingsprogram in mentorskap. Beide die mentor en die mentee is by die ondersoek betrek, en die program is ook vir beide aangebied. Die profiel van die deelnemers is kortliks weergegee, asook vier tipes mentorverhoudinge. Elkeen van die tipes is aan die hand van die SWOT-analise uiteengesit.

Die mentorskapproses vir die program is voorgehou en hoe elkeen van die verskillende kontakssessies inskakel. Sekere eienskappe en vaardighede wat meer by die een generasie voorkom as by die ander een was aanvanklik vir beide die mentor en die mentee onduidelik. Die bespreking van hierdie verskille tussen die generasies het duidelikheid vir deelnemers gebring. Die mentor is ook nie ten gunste daarvan dat iemand anders sy seun mentor nie. In teenstelling met die literatuur waarvolgens die tendens voorkom dat baie min mans beskikbaar is as eksterne mentors, was die mentor-deelnemers aan hierdie studie meer geneë om wel as mentor vir iemand buite die gesinsisteem in te tree.

Beide die mentor en die mentee is positief oor die interaksie wat in die program plaasvind en oor die avontuur wat met die fisiese aktiwiteite gepaard gaan.

12 Aanbevole leeswerk

-  **Raising a modern-day knight.** – Robert Lewis.
-  **The character of a man.** – Bruce Marchiano.
-  **Wild at heart.** – John Eldredge.
-  **The way of the wild heart.** – John Eldredge.
-  **The 7 habits of highly effective people.** – Stephen Covey.

13 Aanbevole DVD's

-  **King Arthur**
-  **The Guardian**
-  **Coach Carter**
-  **The Ultimate gift**



Bibliografie

- ANON.** 2007. There is an art to being a good mentor. *Star*: 8, 7 Jun. Available: SA Media.
- BABBIE, E.** 2010. The practice of social research. 12th ed. Belmont: Wadsworth.
- BARKER, B.L.** 2003. The social work dictionary. 5th ed. Baltimore: Port City Press.
- BEHR, B., CILLIERS, E. & MEYER, C.** 1988. Tiener in die kol. Pretoria: Sigma-Pers.
- BIDDULPH, S.** 1998. Raising boys: Why boys are different – and how to help them become happy and well-balanced men. Lane Cove: Finch Publishing.
- BRENNER, A.** 1984. Helping children cope with stress. Toronto: D.C. Heath and Company.
- BRITZ, W.** 2004. Wat is vriendskap... Brief geskryf aan outeur. Potchefstroom. (Oorspronklike kopie in besit van outeur.) (Ongepubliseer.)
- CLUTTERBUCK, D.** 2005. Establishing and maintaining mentoring relationships: an overview of mentor and mentee competencies. *SA Journal of human resource management/SA Tydskrif vir menslikehulpbronbestuur*, 34(3):2-9.
- CODRINGTON, G. & GRANT-MARSHALL, S.** 2004. Mind the gap! Johannesburg: Penguin Books.
- COURNOYER, B.** 2000. The social work skills workbook. 3rd ed. Belmont: Brooks/Cole.
- CRESWELL, J.W.** 2009. Research design: qualitative, quantitative, and mixed methods approaches. 3rd ed. California: SAGE Publications.
- DACEY, J., KENNY, M. & MARGOLIS, D.** 2004. Adolescent development. 3rd ed. Ohio: Thomson Custom.
- DE KLERK, R & LE ROUX, R.** 2003. Emosionele intelligensie vir kinders en tieners: 'n praktiese gids vir ouers en onderwysers. Kaapstad: Human & Rousseau.
- DU PREEZ, M.S.E.** 1995. Maatskaplike groepwerk: teorie en praktyk. Johannesburg: Kearsland Press.
- ERICKSON, B.M.** 1996. Men's unresolved father hunger: intervention and primary prevention. *Journal of family psychotherapy*, 7(4):37-62.



FOUCHÉ, C.B. & DE VOS, A.S. 2005. Problem formulation. (*In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L., eds. Research at grass roots: for the social sciences and human service professions. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik. p. 100-110.*)

FOUCHÉ, C.B. & DELPORT, C.S.L. 2005. Introduction to the research process. (*In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L., eds. Research at grass roots: for the social sciences and human service professions. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik. p. 71-85.*)

GERDES, L.C., LOUW, A.E., VAN EDE, D.M. & LOUW, D.A. 1998. Vroeë en middelvolwassenheid. (*In Louw, D.A., Van Ede, D.M. & Louw, A.D., reds. Menslike ontwikkeling. 3^{de} uitg. Kaapstad: Kagiso Tersiër. p. 477-593.*)

GURIAN, M. 1998. A fine young man: what parents, mentors and educators can do to shape adolescent boys into exceptional men. New York: Penguin Putnam.

HEAD, F.A., REIMAN, A.J. & THIES-SPRINTHALL, L. 1992. The reality of mentoring: complexity in its process and function. (*In Bey, T.B. & Holmes, C.T., eds. Mentoring: contemporary principles and issues. Athens: University of Georgia. p. 5-24.*)

HERBST, A. & DE LA PORTE, A. 2006. Memory work: telling your story through life maps. Pretoria: CB Powel Bible Centre.

JOLLIFFE, D. & HORNE, A.M. 1999. Growing up male: the development of mature masculinity. (*In Horne, A.M. & Kiselica, M.S., eds. Handbook of counseling boys and adolescent males: a practitioner's guide. California: Sage Publications. p. 3-23.*)

MCKINNEY, R. 2008. Research with minority and disadvantage groups. (*In Grinnell, R.M. & Unrau, Y.A., eds. Social work research and evaluation: foundations of evidence-based practice. 8th ed. New York: Oxford University Press. p.345-366.*)

MEYER, W.F. 1998. Ontwikkelingsteorieë. (*In Louw, D.A., Van Ede, D.M. & Louw, A.D., reds. Menslike ontwikkeling. 3^{de} uitg. Kaapstad: Kagiso Tersiër. p. 3-39.*)

NEETHLING, K. & RUTHERFORD, R. 1999. Oopkop ouers: skep 'n opwindende toekoms vir kinders en tieners. Vanderbijlpark: Carpe Diem Boeke.

NEUMAN, W.L. 2006. Social research methods: qualitative and quantitative approaches. 6th ed. Boston: Pearson Education.

PEARCE, C. 2007. Ten steps to carry out a SWOT analysis. *Nursing management*, 14(2):25, May.

RHODES, J.E. 2002. Stand by me: the risks and rewards of mentoring today's youth. Cambridge: Harvard University Press.



RHODES, J.E. & DUBOIS, D.L. 2008. Mentoring relationships and programs for youth. *Current directions in psychological science*, 17(4):254-258, August.

RHODES, J.E., GROSSMAN, J.B. & ROFFMAN, J. 2002. The rhetoric and reality of youth mentoring. (In Rhodes, J.E., ed. *New directions for youth development: a critical view of youth mentoring*. California: Wiley Periodicals. p. 9-20.)

SCHUTT, R.K. 2008. Sampling. (In Grinnell, R.M. & Unrau, Y.A., eds. *Social work research and evaluation: foundations of evidence-based practice*. 8th ed. New York: Oxford University Press. p.135-156.)

STEINMANN, N. 2006. Fundamentals for effective mentoring: raising giant killers. Randburg: Knowres.

STEYTLER, J.P.D. 2007. Mentorskap in die maatskaplike funksionering van die seun in sy laat-middelkinderjare. Potchefstroom: Noordwes Universiteit, Potchefstroomkampus. (Verhandeling – MA).

STEYTLER, J.P.D. & STRYDOM, H. 2007. Die leemte wat deur die afwesige vader veroorsaak word by die seun in sy laat-middelkinderjare. *SA-eDUC Journal*, 4(1):29-39, November.

STEYTLER, J.P.D. & STRYDOM, H. 2008. Die rol van ’n mentor vir seuns tydens die oorgangsfase van die laat-middelkinderjare na adolessensie. *KOERS*, 73(1):33-53.

STONE, F. 2004. The mentoring advantage: creating the next generation of leaders. Chicago: Dearborn Trade.

TAYLOR, A.S. & BRESSLER, J. 2000. Mentoring across generations: partnerships for positive youth development. New York: Kluwer Academic/Plenum.

TOSELAND, R.W. & RIVAS, R.F. 2005. An introduction to group work practice. New York: Pearson.

VAN DER WESTHUIZEN, M. 2009. Evaluation of the REds program in the North-West Province. Potchefstroom: North-West University, Potchefstroom Campus. (Dissertation – MA: Social Work).

WELTY, L.J. 1989. Side by side: mentoring guide for congregation youth ministry. Newton: Faith and Life Press.

ZASTROW, C.H. & KIRST-ASHMAN, K.K. 2004. Understanding human behavior and the social environment. 6th ed. Belmont: Brooks/Cole.



Mnr. Johan Steytler is 'n PhD-kandidaat in die Vakgroep Maatskaplike Werk, Skool vir Psigososiale Gedragwetenskappe, Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus, Suid-Afrika.

Prof. Herman Strydom is Vakhoof in die Vakgroep Maatskaplike Werk, Skool vir Psigososiale Gedragwetenskappe, Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus, Suid-Afrika.



Artikel 4

Die uitwerking van 'n bemagtigingsprogram op die mentorverhouding tussen die mentor en die adolessente seun

JPD Steytler & H Strydom

ABSTRACT

Natural mentors are not always equipped with the skills a mentor relationship requires. They are also not always equipped to understand or correctly interpret the needs and longings their mentees have. This empowerment program was presented in the form of a camp – a combination of theoretical sessions and adventure activities. This article reports on the results and values of the empowerment program.

Keywords

Mentor relationship evaluation
Empowerment program evaluation
Interactive program

OPSOMMING

Natuurlike mentors is nie altyd toegerus met die vaardighede wat 'n mentorverhouding vereis nie. Hulle is ook nie altyd toegerus om die eise en behoeftes wat hulle mentees aan hulle stel, te verstaan of reg te interpreteer nie. Hierdie bemagtigingsprogram is aangebied in die vorm van 'n kamp – 'n kombinasie van teoretiese lesings en avontuuraktiwiteite. Hierdie artikel gee die resultate en waardes van die bemagtigingsprogram weer.

Sleutelwoorde

Mentorverhouding-evaluering
Bemagtigingsprogram-evaluering
Interaktiewe program



Meer as...

Jy is 'meer as' welkom in my geselskap

Jy is 'meer as' net 'n vriend (Buszi)

Jy is 'meer as' nederig (Alles opgeoffer)

Jy is 'meer as' slim (Wysheid)

Jy is 'meer as' amazing (A-Amazing)

Jy is 'meer as' ryk (God)

Jy is 'meer as' ervare (Around the worlds hemisphere in 2 years)

Jy is 'meer as' 'n Christen (Wedergebore)

Jy is 'meer as' Shnazzy (Tsss!)

Jy is 'meer as' verbrande hout (He!He!)

Jy het 'meer as' een bynaam – Steadie, Johantjie, Steapler, Buszi, Oom Johan (Hulle erken jou)

Jy is 'meer as' meer as 'n impak (Radical change)

As ek maar net in jou skaduwee kon staan (He!He!)

Jy was en is steeds wonderlik

Wilhelm Heyns – 13 jaar

(Heyns, 2002)



1 Inleiding

In hierdie artikel word op die uitkomste van die aktiewe bemagtigingsprogram in mentorskap gefokus. Nie alle mense is natuurlike mentors nie, en nie almal wat reeds 'n mentor vir 'n jong mens is, is noodwendig bevoeg om dit te doen nie. Die aktiewe bemagtigingsprogram het reeds gefokus op die areas wat nie altyd aandag geniet nie, maar tog deel uitmaak van die kern van die mentorverhouding.

Volgens Jolliffe en Horne (1999:16) is mentorskap een van die enkele belangrikste verhoudinge wat jongmense kan hê. Dit bly steeds belangrik en dit is steeds 'n groot behoefte by seuns (Steytler & Strydom, 2008:49). Dit blyk uit die tekort aan manlike mentors wat doelbewus as mentors in 'n natuurlike mentorverhouding intree, dat hulle nie toegerus is om adolessente seuns in mentorverhoudinge te bemagtig nie. *It's (mentoring) complexity can be seen in the needs of both mentors and protégés, developmental issues each individual faces, and the complexity of mentors' roles. The process of mentoring is reflected not only in the various phases of mentoring, but also in the developmental processes inherent within mentoring itself* (Head et al., 1992:19).

Die doelstelling van hierdie artikel is om die uitkomste van die bemagtigingsprogram aan die hand van die literatuur en die empiriese ondersoek te evalueer. Data is ingesamel deurdat die deelnemers verskeie vraelyste tydens en na die aktiewe bemagtigingsprogram ingevul en die navorser 'n persoonlike onderhoud met elkeen van hulle gevoer het.

Die bevindinge van hierdie artikel word in kronologiese volgorde uiteengesit. Die behoeftebepaling word eerste voorgelê, gevolg deur die voortoets van die ondersoek. Na die voortoets word die bemagtigingsprogram en fokusgroep uiteengesit en daar word afgesluit met die herevaluering. Die natoets het gedurende die herevaluering plaasgevind en dit word ook so in die artikel uiteengesit.

2 Probleemstelling

Die term *Mentorskap* is in Suid-Afrika nog 'n relatief nuwe begrip, veral gesien vanuit 'n psigososiale perspektief. Korporatief is dit al meer bekend waar een persoon 'n ander doelbewus en gestruktureerd in 'n spesifieke rigting bemagtig. Gestruktureerde



mentorskap soos die *Big Brothers Big Sisters South Africa* is nog relatief nuut, maar die konsep van 'n natuurlike mentor met 'n persoon buite die gesin is nog vreemder en veel minder in Suid-Afrika ondersoek.

Die tekort aan manlike mentors in Suid-Afrika wat doelbewus as mentors intree, bring mee dat ons jeug daaronder ly. Soos seuns 'n behoefte het aan 'n manlike mentor, so kan dogters ook 'n behoefte hê aan 'n vroulike mentor. Om verskeie redes voorsien die biologiese pa nie altyd in hierdie behoefte by seuns aan 'n mentor nie. Een van hierdie redes is dat die pa afwesig kan wees. Soms het adolessente seuns behoefte daaraan dat 'n persoon wat nie deel van die gesinsisteem uitmaak nie, vir hulle as mentors moet optree. Sommige mans wat intree in 'n mentorverhouding is nie altyd toegerus om hierdie rol as mentor te kan vervul nie. Dit kan toegeskryf word aan aspekte soos generasieverskille, gebrekkige emosionele intelligensie (wat veerkragtigheid insluit) en oningeligtheid oor die rol van die man in die samelewing.

Tydens die proses van bemagtiging van die mentor moet eienskappe van die mentee ook in berekening gebring word. Gurian (1998:54) verwys na hierdie eienskappe (veranderings) by die mentee as die tweede formatiewe jare. Veranderinge wat hierdie formatiewe jare insluit, is onder andere fisiologiese groei, hormoonherstrukturering, kognitiewe groei en hunkering na onafhanklikheid. Hierdie veranderinge moet op die regte wyse en met die nodige morele waardes en standaarde teenoor die adolessente seun uitgeleef en aan hom oorgedra word. Weens die feit dat die adolessente seun die beste leer deur gedrag waar te neem, soos Louw (1998:486) dit stel, kan die mentor sekere gedrag en morele waardes nie van die mentee verwag nie, tensy hy dit self uitleef. Om hierdie waardes in die mentor se eie lewe te vestig is dit noodsaaklik dat hy sy mentorverhouding volgens 'n sekere wyse moet laat verloop. Schacter-Shalomi en Miller (1995:200-202) het vyf riglyne neergelê ten opsigte van hoe 'n mentorverhouding moet benader word, naamlik:

1. *Listen with great spaciousness of heart and mind to your mentee's genuine concerns before attempting to share your wisdom.*
2. *Don't impose but evoke your mentee's innate knowing.*
3. *Don't try to impress your mentee by claiming to be perfect; be your searching, tentative, very human self instead.*
4. *Respect and call forth your mentee's uniqueness.*



5. *Recognize that like everything else under the sun, mentoring has its seasons.*

Gesien vanuit 'n organiseringsoogpunt het mentorskap 'n vaste begin- en eindtyd, maar by 'n natuurlike mentorverhouding is daar geen sprake van 'n vaste einddatum nie. Die verhouding neem wel later 'n ander vorm aan, maar solank daar kontak is, bly die mentor-menteeverhouding steeds in 'n sekere mate voortbestaan.

Etlike fases in die lewe van enige man word aan bepaalde gebeurtenisse gekoppel. Dit is dus belangrik dat die mentor hierdie gebeurtenisse duidelik onder die adolessente seun se aandag moet bring. Hierdie bekendmakingsproses staan bekend as *inisiëring*. Hierdie inisiëringsproses bring nie mee dat die seun nou vervang moet word met 'n volwasse man en die seun in die man sterf nie (Jolliffe & Horne, 1999:22). As dit wel sou gebeur, het die hele inisiëringsproses gefaai. Die seun in die man leef voort, maar die man is die een wat deur homself asook deur die samelewing erken moet word.

'n Bemagtigingsprogram is saamgestel waarin sekere aspekte bespreek is. Hierdie aspekte is in bepaalde aktiwiteite en vaardighede geïnkorporeer. Die uitkomste van die program, wat aan die probleemstelling gekoppel is, word ten slotte geëvalueer.

3 Navorsingsmetodologie

As kwalitatiewe benadering is onderhoude met agt (N=8) deelnemers gevoer. 'n Gedeelte van die ondersoek was ook kwantitatief van aard. Creswell (2009:213-215) verwys na die gelyktydige gebruikmaking van kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing as die gelyktydig triangulerende strategie. Hierdie strategie word toegepas om sekere leemtes wat deur die ander meegebring is, te beperk. Vier van die deelnemers was mentors en vier mentees. Data is aan die hand van self-geadministreerde vraelyste (Delpont, 2005:168) asook 'n getoetste vraelys van die *National Mentoring Center* van die VSA wat deur die deelnemers ingevul is, ingewin. Hierdie vraelys is as sowel voortoets as natoets gebruik. Die vraelys van die *National Mentoring Center* se dataverwerking is volgens die voorgeskrewe handleiding verwerk. Hierdie handleiding is beskikbaar by http://ppv.org/ppv/publications/assets/130_publication.pdf.

Die self-geadministreerde vrae is deels op die Likert-skaalformaat en deels op oopvraagstelling gebaseer (Neuman, 2006:207). Hierdie vraelys is gedurende die werkfase van die doelgerigte groepwerk aan die deelnemers voorgehou. Na afloop van



die program is verskeie onderhoude met die deelnemers gevoer. Die deelnemers het twee maande na afloop van die program 'n herevalueringsvraelys ingevul. 'n Gedeelte van hierdie vraelys het die vrae van die *National Mentoring Centre* van die VSA ingesluit. (Sien **Addendums 8 en 11.**)

'n Fokusgroep word gehou om 'n spesifieke teikensisteem te betrek (Smithson, 2009:359). Die teikensisteem van hierdie ondersoek is mentors en mentees wat aan sekere voorvereistes voldoen. Hierdie voorvereistes sluit geslag, taal en geloofsoortuigings in. 'n Fokusgroep is gehou waarby dieselfde inhoud van die kontakssessies van die bemagtigingsprogram geïnkorporeer is om meer kwantitatiewe data vir die ondersoek in te win. Die data word óf ondersteun óf verwerp, of nuwe insigte tree na vore uit deur die literatuurstudie wat onderneem is. Triangulering is bereik om ooreenstemmende bevindinge te toets deur verskillende metodes toe te pas (Babbie, 2007:113; Engel & Schutt, 2008:116).

Weens die groot diversiteit in Suid-Afrika met sy talle kultuurverskille is 'n meer gefokusde studie onderneem deurdat die deelnemers die dieselfde taal besig en dieselfde geloofsbeskouing huldig. Volgens Bernardes (1997:108) word kinders binne elkeen se unieke kultuur verskillend grootgemaak.

4 Bevindinge

Die bevindinge word uiteengesit in opvolgende sub-temas. Die sub-temas is eerstens die behoeftebepaling gevolg deur die voortoets, daarna volg die programbevindinge, gevolg deur die natoets en herevaluering.

4.1 Behoeftebepaling

4.1.1 Redes vir 'n mentorverhouding

Seuns het aansienlike behoefte aan 'n vaderfiguur, waaraan voldoen moet word (Havenga, 2002:76; Richter & Smith, 2006:156; Ward, 2004:51). Die biologiese pa vervul egter nie altyd hierdie vaderfiguurrol nie, met die gevolg dat seuns hulle dan tot 'n persoon buite die gesin wend. Party adolessente seuns handhaaf egter 'n besonder noue verhouding met hul biologiese pa, maar daar kan steeds sekere areas wees wat nie deur die biologiese pa gedek word nie. Volgens Louw (1998:488) vind distansiëring plaas



tussen die kind en die ouer tydens die kind se adolessente jare, maar versterking tree weer gedurende laat-adolessensie in. Indien die seun dan nie 'n vaderfiguur het om na op te sien nie, oftewel 'n afwesige pa het, kan hy 'n pa-honger beleef (Erickson, 1996:39; Freeks, 2004:23).

Volgens Rhodes (2002:11, 28) is volwasse mans minder geneë om as mentors vir seuns buite die gesin in te tree. Hierdie stelling is egter in teenstelling met die empiriese ondersoek waarin 50% (f=2) van die mentors, wat by die program ingeskakel het, aangedui het dat hulle bereid is om 'n seun buite die gesin te mentor en 50% (f=2) van die fokusgroep-deelnemers ook aangedui het dat hulle 'n seun buite die gesin sal mentor. Dit blyk egter nie 'n oorheersende meerderheid te wees wat as mentor sal intree nie, maar dit is nietemin 50% van die deelnemers.

Slegs 12.5% (f=1) van die deelnemers (N=8) het aangedui dat iemand anders sy seun mag mentor, maar met die voorwaarde dat hy die persoon eers self moet ontmoet. Een van die deelnemers het egter nie die vraag beantwoord nie, maar spreek sy gevoelens uit deur dit soos volg te verwoord:

✍ Ek is nie naïef om te dink dat net ek my kind se mentor is nie. Maar as ek wil hê iemand anders moet 'n mentor wees vir my kind, wil ek hê dat so 'n persoon ten eerste 'n kind van die Here sal wees.

Die geestelike gedreweheid van die mentorverhouding word besonder sterk beklemtoon.

4.1.2 Verwagtinge wat aan die mentor in die mentorverhouding gestel word

Stone (2004:11) het 'n paar riglyne neergelê ten opsigte van hoe 'n mentor aktief betrokke kan bly by sy verhouding met sy mentee. Hierdie riglyne sluit onder andere die volgende aspekte in:

- Stel hoë verwagtinge.
- Stel 'n voorbeeld.
- Stel wyse raad beskikbaar.
- Toon opregte belangstelling in jou mentee.
- Demonstreer 'n sin vir humor.
- Inspireer jou mentee en moedig hom aan.
- Wees bereid om ander se sienswyses te aanvaar.



- Beoefen geduld en wees vriendelik.
- Verskaf 'n leerondervinding.
- Staan tyd daaraan af om na jou mentee te luister.
- Daag gedrag uit en kanaliseer denke in 'n meer produktiewe rigting.

Hierdie riglyne toon sterk ooreenkoms met die behoeftes van adolessente seuns ten opsigte van 'n mentorverhouding soos dit in die behoeftebepaling omskryf is (Steytler & Strydom, 2008:45-49). Die mentor is egter in die ideale posisie om die mentee te help om ongebalanseerde eienskappe in sy lewe te kan teëwerk en te kan uitsorteer. Dit sluit aspekte soos positiewe verhoudinge, plekke, waardes en aktiwiteite in wat vir die mentee tot voordeel kan strek (Probst, 2006:13). Weens die feit dat adolessente nog in hierdie lewensfase konformeer en nog ontvanklik is, is die invloed van ander persone uiters belangrik vir die vorming van hul eie identiteit.

Die mentor moet egter self ook sekere vaardighede aanleer en kennis opdoen. Hy moet, soos dit in die behoeftebepaling en deur Rhodes (2002:58) gestel is, erkenning gee aan die mentee. Gebrek aan erkenning kan die betrokke partye uit mekaar laat dryf. Rhodes (2002:41) druk dit soos volg uit: *Improvements in adolescents' sense of self-worth could be understood as an internalization of their mentors' positive appraisals of them.* Dit is dus vanselfsprekend dat erkenning in die mentorverhouding belangrik is.

4.1.3 Kommunikasie in die mentorverhouding

In die behoeftebepaling is bevind dat kommunikasie tussen die mentor en die mentee van die allergrootste belang is. Geslaagde kommunikasie gaan gepaard met 'n suksesvolle verhouding (Dean, 1997:117). Een van Suid-Afrika se Afrikaanse idioome wat 'n groot invloed op die jong adolessent het, is dat kinders nie moet sit en tande tel nie. Hierdie uitdrukking verwys daarna dat kinders onwelkom is in die geselskap van volwassenes. Dit skep egter 'n leemte deurdat die kind nie leer hoe volwassenes kommunikeer nie. Kinders leer egter die beste deur waarneming. Die hoeveelheid tyd wat 'n pa met sy kinders deurbring, is egter uiters min. *A few years ago, Boston University asked fathers how many time they spent with their children. The fathers guessed they probably spent an average of fifteen to twenty minutes a day with their kids, but when the school taped hidden microphones to the children, it was discovered that the average father had 2.7 contacts a day with his children for a total of 37 seconds on average* (McClung, 1994:88).



Die hoeveelheid tyd wat die mentor daaraan bestee om met die mentee te kommunikeer, is dus waardevol.

Adolessente bring baie van hulle tyd alleen deur en het gevaarlik min kontak met volwassenes (De Vries, 1994:36). Genoemde outeur brei dan ook verder hierop uit met die volgende opmerking: *Teenagers are increasingly isolated from the adult world. And even when young people are "with" adults, it is usually in a large group setting in which the teenagers are being entertained, informed or directed by those adults, leaving little opportunity for the dialogue and collaboration required for youth to learn adult values.* Gesien in die lig van die voorgaande is dit belangrik dat die mentor die mentee by volwasse geselskap moet betrek. Gedurende hierdie interaksie leer die mentee sekere vaardighede aan wat hy nie by sy portuurgroep of by die skool kan leer nie. Dit is gevolglik belangrik dat die volwasse mentor sy waardes wat hy vir die mentee voorhou, self ook in die teenwoordigheid van sy mentee moet uitleef.

4.1.4 Die uitwerking van die mentorverhouding

Rhodes (2002:35) het tot die gevolgtrekking gekom dat 'n mentor sy mentee se ontwikkeling op drie belangrike wyses beïnvloed.

1. *By enhancing social skills and emotional well-being.*
2. *By improving cognitive skills through dialogue and listening.*
3. *By serving as a role model and advocate.*

In die behoeftebepaling is sekere deurlopende eienskappe en behoeftes wat in 'n mentorverhouding voorkom, soos kommunikasie en luister, geïdentifiseer. Hierdie eienskappe is doelbewus geïnkorporeer in die bemagtigingsprogram.

Een van die grootse risiko's in 'n mentorverhouding is dat die mentor hom tot die verhouding verbind en dit dan nie deurvoer nie (Welty, 1989:35). Dit kan by die mentee die gevoel van verwerping laat en ook 'n boodskap na hom uitstuur dat hy nie goed genoeg is nie.

Van die belangrikste eienskappe van 'n mentor is om nie net die mentee te beweeg nie, maar hom ook te motiveer. Beweging kom voor wanneer die mentee 'n taak verrig ter wille van voordeel wat hy daaruit kan trek of dalk net om 'n onaangename gevolg te voorkom (Mol, 2005:6). Daar is egter niks fout om 'n mentee tot optrede te beweeg nie,



maar die verantwoordelikheid lê dan steeds by die mentor en nie by die mentee nie (Mol, 2005:8). Motivering is die inherente behoefte wat die mentee het om 'n sekere gedrag te uit of werk te verrig en dan daarvolgens op te tree. Mol (2005:10) is van mening dat om werk op so 'n wyse te ontwerp dat dit 'n bron van trots vir die werkers word, die sleutel tot motivering is, en dat die doeltreffendste leiers dié is wat die geheim ontdek het om die trots van hul ondergeskiktes in te span.

Die resultaat van die mentorverhouding moet die mentor en die mentee motiveer om inherent waardegedrewe positief op te tree.

4.2 Voortoe

Die *National Mentoring Center* se meetinstrument wat vir die ondersoek gebruik is, word ook deur die *Big Brother Big Sisters* georganiseerde mentorskapprogramme gebruik. (Sien **Addendum 8**.) Die meetinstrument word gebruik om die gehalte van die mentor-menteeverhouding te meet. Die data is ooreenkomstig die uiteensetting in die handleiding verwerk (Jucovy, 2002:9-22).

Hierdie meetinstrument meet drie kernaspekte in die mentorverhouding. Onder die eerste aspek word vasgestel of die mentorverhouding op die mentee of op die mentor gerig is. Onder die tweede aspek word die emosionele verbintenis van die mentee of mentor gemeet en laastens word die mentee of mentor se ontevredenheidsvlak binne die mentorverhouding gemeet. Die mentor én die mentee het die meetinstrument vanuit hulle elkeen se eie perspektief ingevul. Die resultate word in Tabelvorm uiteengesit. Een van die mentors het hierdie vraelys nie ingevul nie. Die resultate is dus afkomstig van drie mentors en vier mentees.

4.2.1 Mentee- of mentorgesentreerde verhouding

Gegewe die skaal dui 4.0 sterk mentor- of menteegesentreerd aan, en 1.0–2.99 nie sterk mentor-of menteegesentreerd nie. (Sien **Tabel 9**.)

Nie een van die menteedeelnemers se resultate het laer as drie gelê nie, terwyl nie een van die mentordeelnemers 'n getal bo 3 gemerk het nie. Dit blyk dus dat die mentors die mentorverhouding nie baie mentorgesentreerd beleef nie, maar dat die mentees die verhouding wel so beleef. Aan die hand van hierdie riglyn blyk dit verder dat die mentee



Tabel 9 – Mentee- of mentorgesentreerde verhouding

Deelnemer	Frekwensie	Skaaltelling
Mentor 1	13/5	2.6
Mentor 2	14/5	2.8
Mentor 3	10/5	2
Mentorgemiddeld	37/15	2.47
Mentee 1	18/5	3.6
Mentee 2	16/5	3.2
Mentee 3	15/5	3
Mentee 4	15/5	3
Mentee gemiddeld	64/20	3.2
Totale gemiddeld	101//35	2.89

N=7

nie noodwendig altyd die mentor se voorkeure en belange op die hart dra nie maar dat dit meer die geval is by die mentor dat hy die mentee se voorkeure en belange op die hart dra.

4.2.2 Emosionele verbintenis

Gegewe die skaal, dui 4.0 'n hoë vlak van emosionele verbintenis, en 1.0–2.9 nie 'n baie hoë vlak van emosionele verbintenis aan nie. Mentee 4 het een item nie beantwoord nie en die berekening is daarvolgens verwerk.

Tabel 10 – Emosionele verbintenis

Deelnemer	Frekwensie	Skaaltelling
Mentor 1	27/8	3.38
Mentor 2	29/8	3.63
Mentor 3	28/8	3.5
Mentorgemiddeld	84/24	3.5
Mentee 1	26/8	3.25
Mentee 2	30/8	3.75
Mentee 3	27/8	3.38
Mentee 4	24/7 ⁸	3.43
Mentee gemiddeld	107/31	3.45
Totale gemiddeld	191/55	3.47

N=7

⁸ Mentee 4 het een vraag uitgelaat en die resultate is daarvolgens verwerk.



Hierdie gedeelte van die meetinstrument toon hoe emosioneel betrokke die persoon by die verhouding is. Dit sluit die emosionele aspekte in soos genot, gelukkig, kwaad en verveeld. Met 'n geringe verskil van 0.05 dui die resultate aan dat die mentors meer emosioneel by die mentorverhouding betrokke is as die mentees. (Sien **Tabel 10**.)

4.2.3 Ontevredenheidsvlak

Gegewe die skaal, dui 1.0 – 1.49 baie tevrede met die mentorverhouding, en 2.5 en hoër baie ontevrede met die mentorverhouding aan. Hoe laer die vlak is, hoe meer tevrede is die mentor of mentee met die verhouding.

Volgens **Tabel 11** is daar slegs een deelnemer ($f=1$) wat 'n hoë vlak van ontevredenheid toon en een deelnemer ($f=1$) wat weer 'n hoë vlak van tevredenheid toon. Een deelnemer ($f=1$) se reaksie lê egter op die grens van net bo 'n hoë vlak van tevredenheid. Alhoewel 'n hoë vlak van ontevredenheid egter by een mentee voorgekom het, het hulle gemiddeld getoon dat hulle tevrede is met die mentorverhouding. (Sien **Tabel 11**.)

Tabel 11 – Ontevredenheidsvlak

Deelnemer	Frekwensie	Skaaltelling
Mentor 1	11/6	1.83
Mentor 2	14/6	2.33
Mentor 3	13/6	2.17
Mentorgemiddeld	38/18	2.11
Mentee 1	8/6	1.33
Mentee 2	16/6	2.67
Mentee 3	11/6	1.83
Mentee 4	9/6	1.5
Mentee gemiddeld	44/24	1.83
Totale gemiddeld	82/42	1.95

$N=7$

Ses kontakssessies is in die loop van die program aangebied om die oorhoofse doelstelling te ondersteun. Dit is bereik deur 'n bemagtigingsprogram saam te stel wat die mentorverhouding vir verhoogde lewensgehalte versterk. Verbatim aanhalings van die deelnemers word gereeld in die verslag weergegee. (Sien onder andere Artikel 4; Afdelings 4.1.1, 4.3 en 4.4.) Die spelling van woorde in die aanhalings is gekorrigeer en waar woorde vir leesbaarheid ingelas is, word dit tussen hakies aangedui.



If someone is to mentor another person, that individual must not only be able to offer advice but determine the best help to offer (Stone, 2004:2).

4.3 Bemagtigingsprogram

Die bemagtigingsprogram was interaktief van aard sodat die mentor en mentee saam die mentorverhouding opnuut kon beleef. Die bemagtigingsprogram is gekoppel aan ondervindingsleer soos dit in Kitching (1997:7) uiteengesit is deurdat dit die mentor én die mentee aktief by sowel die program as mekaar betrek. Die deelnemers is in situasies geplaas waarin hulle moes saamwerk en sekere toerusting moes deel. Om dit te kon uitvoer moes die deelnemers onder andere as mentor-mentee 'n tent deel.

Kontaksessie 1 is ontwerp vir logistieke doeleindes en Kontaksessie 6 was vir die afsluiting en die samevatting. Die bespreking van hierdie twee kontaksessies is in **Artikel 3** van hierdie afdeling uiteengesit. Die aspekte wat in kontaksessies 2 tot 5 tydens die bemagtigingsprogram behandel is, was generasiegaping, emosionele intelligensie, manlikheid en die mentorverhouding. Elkeen van die aspekte is dan met behulp van verskeie aktiwiteite ingeoefen en uitgetoets.

Die deelnemers (N=8) se terugvoer rakende die bemagtigingsprogram was besonder positief. Verbatim aanhalings van die deelnemers was:

- ✍ *Ek dink die program is vol genoeg, in ag genome dat ons min groepies was. Sou 'n groter groep kamp, sal aktiwiteite langer duur, veral as daar probleme onder mekaar is wat aangespreek moet word.*
- ✍ *Dit was vir my 'n wonderlike ervaring om met my mentor ander mense te leer ken en om te sien hoe ek en my mentor oor die weg kom. Verder was alles baie interessant.*
- ✍ *Ons het albei baie geleer om mekaar beter te verstaan, hoekom ons so optree en hoe om dit te hanteer. Mens leer ook baie deur na ander pare te kyk en ook hul opmerkings en insette te hoor en sien.*

Dit blyk dus dat genoegsame inligting by die program ingesluit is wat die deelnemers prakties kon gaan toepas. Verder blyk dit ook dat die deelnemers te vinde daarvoor was dat die aantal deelnemers wat die bemagtigingsprogram bygewoon het maar min was. Hierdeur is meer persoonlike kontak tussen die deelnemers en die fasiliteerders bewerkstellig.



4.3.1 Kontakssessie 2 – Generasiegaping

Die term *generasiegaping* verwys na die min begrip of oneffektiewe kommunikasie wat tussen volwassenes en kinders bestaan (Louw, 1998:468). Hierdie tendens kom egter generasies lank reeds voor. Alhoewel daar van die Millennium-generasie – gebore in 1990 en later – op 'n jonger ouderdom reeds verwag word om volwasse te wees, is die navorser steeds van mening, soos De Vries (1994:54) dit stel, dat *Perhaps the most tragic shift over the past fifty years has been that we have begun to treat adolescents as adults rather than as children in transition toward adulthood*. Weens die feit dat daar verwag word dat adolessente vinniger volwasse moet word, beteken dat die mentor die mentee moet help binne die mentee se generasie in die proses na volwassenheid.

Om die belangrikheid van effektiewe kommunikasie aan die deelnemers te demonstreer, het elkeen van hulle 'n hulpmiddel ontvang wat hulle moes voltooi. Daar was 'n tydperk aan die voltooiing van die hulpmiddel gekoppel. Na die vasgestelde tydperk moes hulle ophou om die hulpmiddel te voltooi en hulle resultate aan die res van die groep voorhou. Die werkswyse van die hulpmiddel is aan hulle verduidelik en hulle moes dit weer voltooi binne dieselfde tydperk. Die deelnemers het daarna baie beter gevaar en die hulpmiddel het sy doel gedien. 'n Tweede hulpmiddel is ook gebruik om dit net op 'n ander wyse weer te demonstreer. Verbatim aanhalings van die deelnemers rakende hierdie onderwerp was:

- ✍ *Dit was vir my baie positief en interessant. Ek het in die begin nie verstaan nie, maar later was ek by.*
- ✍ *Lekker om sekere eienskappe van die generasie in jouself waar te neem.*
- ✍ *Nie altyd so eenvoudig dat elke persoon in 'n bepaalde generasie ingedeel kan word nie. Opvoeding en mentorskap het ook 'n belangrike inpak meer as [die] jaar waarin [jy] gebore is.*

Dit blyk dat die deelnemers die belangrikheid van die verskille tussen die generasies beter verstaan. Verder blyk dit dat die deelnemers vanuit 'n breër perspektief kyk na die verskille tussen die mentors en die mentees en dit nie slegs toeskryf aan die verskille binne die generasies nie. Hierdie beskouing van die deelnemers lewer 'n positiewe bydrae tot die mentorverhouding.



4.3.2 Kontakssessie 3 – Emosionele intelligensie

Emosionele intelligensie dui op die wyse waarop 'n mens emosies hanteer, daarop reageer, ander se emosies verstaan en toepaslik daarop reageer. Die belangrikheid om emosies uit te druk en die gevolge daarvan is aan die deelnemers voorgehou. Die deelnemers het elkeen 3 folio's ontvang waarop elkeen sy lewenskaart, ekokaart en genogram kon uitbeeld. Een van die deelnemers verwoord dit as (spelling is gekorrigeer):

☞ *Dit is baie goed om daardie emosionele goed te teken want dit laat my dink aan al my foute en aan almal [wat] ek geken het.*

Dit blyk dat die lewenskaart, die ekokaart en die genogram hul doel gedien het deurdat die deelnemers ondersoek gaan instel het rakende hulle verlede en positief daarop gereageer het.

4.3.3 Kontakssessie 4 – Manlikheid

Sekere eienskappe van die man word deur oorlewering van die een geslag na die ander oorgedra. Hierdie eienskappe is nie noodwendig altyd goed en positief nie. Die oorgelewerde opvatting dat seuns nie mag huil nie, dra daartoe by dat mans as volwassenes ook nie altyd hul emosies kan toon nie. Op sigself kan dit bydra tot huwelikskonflik of selfs inherente konflik by die man. De Vries (1994:35) verwoord dit soos volg: *Our culture sends its kids into adulthood ill-prepared for the increasing demands of our complex society.* Adolessente word dus nie noodwendig deur die kultuur waarin hulle is, vir die toekoms voorberei nie.

By die kontakssessie wat gehandel het oor manlikheid is die term *die afwesige pa* en die gevolge daarvan, soos dit in die behoeftebepaling ondersoek is, weergegee. Verbatim aanhalings van die deelnemers is soos volg: (Een woord is uitgewis om leesbaarheid te vergemaklik.)

- ☞ *Die rol wat 'n pa in 'n seun se lewe speel, en dat 'n pa moet oplet wat hy sê vir sy seun.*
- ☞ *Ek het geleer dat jy moet nie dat verkeerde dinge 'n invloed laat begin maak op jou lewe nie.*



Dit blyk dat die deelnemers die belangrikheid van kommunikasie en die wyse van kommunikasie beter verstaan. Verder blyk dit dat die deelnemers die betekenis van die begrip *keuses* verstaan en daarop gaan reageer.

4.3.4 Kontakssessie 5 – Mentorverhouding

Die mentorverhouding is die goue draad wat regdeur die ondersoek gebruik is en daar is gereeld lig op die onderwerp gewerp. Fokus is gerig op hoe om die verhouding te versterk en daar is duidelik daarop gewys dat dit nie 'n eenmalige kontakssessie is nie maar dat die mentor hom tot die lewe van die mentee verbind. Die mentor moet aktief betrokke raak by die lewe van die mentee en nie net 'n buitestaander wees nie. 'n Verbatim aanhaling van een van die deelnemers is soos volg:

Ek het geleer dat almal het 'n mentor nodig, seun of dogter.

Dit blyk dat die deelnemers die belangrikheid van 'n mentorverhouding begryp. Die belangrikheid van hierdie aspek van die mentorverhouding is met elke kontakssessie beklemtoon.

4.3.5 Aktiwiteite

Weens die feit dat adolessente minder tyd saam met volwassenes deurbring en meer gebruik maak van onpersoonlike kommunikasiestyle soos die internet of geselskamers het die media 'n groter geleentheid om sekere waardes en norme aan hulle oor te dra (De Vries, 1994:51). Dit is dus belangrik dat die mentor sekere doelbewuste fisiese aktiwiteite saam met die mentee beoefen. Hierdeur word daar na die totale psigososiale welsyn van die mentee omgesien. Dit voorsien ook in die mentee se behoefte aan fisieke aktiwiteite saam met die mentor soos in die behoeftebepaling vasgestel is.

Tydens die aktiwiteite wat in die program opgeneem is, is sekere verwagtinge aan die mentors gestel ten opsigte van hulle werkswyse met die mentees. Die instruksie is gegee dat die mentors nie raad aan die mentees mag gee nie, maar slegs die verskillende opsies mag uitwys. Die mentee moet dan self die keuses uitoefen. Slegs 25% ($f=1$) van die mentordeelnemers kon vir 'n deel van die aktiwiteit daarin slaag voordat hy die mentee instruksies begin gee het. Mol (2005:37) is van mening dat talle werknemers binne die korporatiewe wêreld nie 'n verantwoordelike sin openbaar nie weens die feit dat hulle nie toegelaat word om self besluite te neem nie. Dit is dus noodsaaklik dat die mentor



opsies aan sy mentee moet kan uitwys en dat die mentee die keuses self moet uitoefen. Deur so te werk te gaan ontwikkel die mentee 'n verantwoordelike insin.

Die aktiwiteite was in twee kategorieë ingedeel. Die eerste kategorie aktiwiteite is in die program ingeskryf as deel van elke kontakssessie wat sekere reaksies uitlok en spesifiek op sekere elemente van die mentorverhouding fokus. Die tweede kategorie aktiwiteite kon die deelnemers in hulle eie tyd doen en is ook nie opgeneem in enige van die kontakssessies nie. Al die aktiwiteite in beide kategorieë het egter betrekking gehad op die mentorverhouding as sodanig.

Kategorie een se aktiwiteite was *paintball*, nagwandeling, kopkrappers (*mindtwisters*) en teikenskiet. Kategorie twee se aktiwiteite was al dié van kategorie een, en ook kettie skiet, slingervel gooi, pyl en boog skiet, visvang, *RISK* bordspel en *Rubik Cubes* uitsorteer. Die aktiwiteite verskaf 'n groot mate van genot en is nie ter wille van vermaak uitgevoer nie. Brink (1997:143) lig die verskille uit tussen pret of genot en vermaaklikheid: *Entertainment is a show. Fun is being involved in and committed to a specific group of young people for whom you care.*

Sewe en dertig punt vyf persent ($f=3$) van die deelnemers het aangedui dat hulle ander aktiwiteite by kategorie een van die program sou wou insluit. Dit sluit onder andere in kano vaart, 'n kognitiewe spel, visvang, fietsry en bergklim. Hulle was egter nie negatief met betrekking tot die aktiwiteite wat hulle moes uitvoer nie. Slegs een van die deelnemers het aangedui dat slegs een van die aktiwiteite min betrekking gehad het op die program.

Verbatim aanhalings van die deelnemers was:

- ☞ *Al die aktiwiteite was van toepassing op die doel van die kamp en baie goed onderwerpgerig. Die lesings was goed aangebied en wat veral goed saam met die kamp ingeval het, was die ligging en dat almal die aktiwiteite saam kon ervaar en geniet.*
- ☞ *Ek het die aktiwiteite geniet en dit was lekker om my idees met ander te deel en met hul te kommunikeer.*



- ☞ *Wat 'n gesukkel. [Kopkrapper] Tog baie geleer. Jy begin vir jouself en vir mekaar lekker lag as julle besef dat die planne nie so lekker werk nie. Goed om ook te erken dat jy nie 'n idee het hoe om dit op te los nie.*
- ☞ *[Kopkrappers] Elkeen het insette gelewes en idees gegee. Jy besef ook dadelik met hierdie spel dat daar nie net een regte idee is nie.*
- ☞ *Dit was lekker gewees om saam met my pa [mentor] vis te vang en die paintball was die beste dag van my lewe... die loop was baie pret! Dit het vir ons nader aan mekaar gebring!*
- ☞ *Het waarlik 'n verandering gehad ~~aan~~ [in] my en my seun [mentee] se verhouding. Aktiwiteite was interessant en leersaam. Meer tyd moes aan aktiwiteite gespandeer geword het.*

Gesien teen die verbatim aanhalings van die deelnemers kon hulle die teorie van die kontakssessies en die aktiwiteite by mekaar uitbring en die ooreenkomste uitlig. Dit blyk volgens die verbatim aanhalings dat die aktiwiteite die mentorverhouding versterk het. Die rol van die mentor is om nie 'n program koördineerder te wees nie, maar iemand wat saam met die mentee dinge meemaak en beleef wat hy altyd sal onthou – Kodak-oomblikke.

4.4 Herevaluering

Na verloop van twee maande het die deelnemers 'n herevalueringsvraelys ingevul. (Sien **Addendums 11** en **8**.) Die areas wat met die herevaluering ondersoek is, word in subtemas bespreek. Genoemde subtemas is kommunikasie, die bemagtigingsprogram-kontakssessies en die natoets. Verbatim aanhalings van die deelnemers word aangebied om duidelikheid oor die inhoud te verkry. Etiese riglyne is nagekom deurdat geen identifiserende besonderhede van die deelnemers genoem word nie. Taal is gekorrigeer vir leesbaarheid en verbeteringe word tussen hakies aangedui.

4.4.1 Kommunikasie

Van die agt persone (N=8) wat aan die bemagtigingsprogram deelgeneem het, het 87.5% (f=7) aangedui dat die kommunikasie tussen hulle verbeter het. Die verbetering in die kommunikasie blyk ook 'n verandering in die mentorverhouding te bewerkstellig deurdat die een deelnemer dit verwoord as [Ons] *praat meer, doen meer dinge saam, maak grappe [en] verstaan mekaar beter*. Ander verbatim aanhalings van die deelnemers is:



- ✍ *Ek glo ons is nog meer attent daarop om beter te kommunikeer en sensitief vir mekaar te wees.*
- ✍ *Kommunikeer makliker en gesels gemaklik oor enige iets.*
- ✍ *Hy luister na my en sê vir my wat ek verkeerd doen en ek waardeer dit baie.*

Weens die feit dat die deelnemers meer konstruktief met mekaar kommunikeer, meer sensitief optree teenoor die ander party en gemakliker met mekaar kommunikeer, blyk dit dat die verhouding verstewig en verdiep het.

4.4.2 Bemagtigingsprogram-kontakssessies

Slegs 2 van die deelnemers het aangedui dat hulle geen veranderinge by die ander party waarneem wat direk betrekking het op wat tydens die kontakssessies behandel is nie. Die aanduiding wat hierdie deelnemers gegee het, word egter deur hulleself in die daaropvolgende items wat hulle beantwoord het, weerspreek.

Die deelnemers slaan meer ag op die ander party se generasie. Eienskappe wat kenmerkend is van elkeen se generasie blyk meer aandag te geniet. Dit blyk ook dat elkeen die ander party meer binne dié se generasie hanteer. Verbatim aanhalings van die deelnemers sluit in:

- ✍ *Hy verstaan waar ek vandaan kom en in 'n ander tyd grootgeword het. [Ek] respekteer sy sienings al stem ek nie altyd saam nie.*
- ✍ *Moet hom begin meer as 'n jongman waarneem.*

Dit blyk dat die deelnemers na afloop van die program meer geneig is om na mekaar te luister, mekaar meer te respekteer en die mentor die mentee meer binne sy lewenstydperk begin hanteer.

Na afloop van die program het die meerderheid deelnemers sekere persoonlike en emosionele veranderinge by die ander party begin opmerk. Hierdie veranderinge kan toegeskryf word aan 'n verdieping in die verhouding, 'n verbetering in kommunikasie en 'n verhoogde vertrouensvlak. Die verandering in die mentorverhouding word deur Rhodes (2002:3-4) uitgelig, naamlik dat die mentorverhouding met verloop van tyd verdiep, 'n unieke band tussen die deelnemers gesmee word en gemeenskaplike verbintenisse,



respek, identifisering en lojaliteit tussen hulle ontwikkel het wat die mentee in sy oorgangsproses na volwassenheid help.

Hierdie veranderings wat opgemerk is, word verbatim aangehaal. Die name van die deelnemers is om vertroulikheidsredes weggelaat.

- ✍ *Ek dink [mentee] het baie kalmte na die hele proses van die program.*
- ✍ *Ek glo dat vir [mentee] dit baie spesiaal was dat ons twee kon wegbreek en alleen wees. Dit bring 'n band tot stand.*
- ✍ *Ek en my pa [mentor] is nie net pa en seun nie, maar vriende ook.*

Dit blyk dat daar 'n verdieping in die verhouding plaasgevind het en dat daar meer vertroue tussen die mentor en die mentee tot stand gekom het.

4.4.3 Natoets

Die vrae van die *National Mentoring Centre* is na twee maande weer aan die deelnemers voorgehou. Die data word in tabelvorm uiteengesit. Een van die mentor deelnemers het nie die voortoets ingevul nie, en sy data word ook in die natoets vir tabeldoeleindes weggelaat weens die feit dat dit nie met vorige data vergelyk kan word nie. Met die aanvang van die natoets was een van die menteedeelnemers (Mentee 3) in 'n hewige konflik met sy mentor gewikkel, en sy data is subjektief teenoor die konflik aangeteken. Weens die feit dat die konfliksituasie die betroubaarheid van sy data beïnvloed het, is dit wat betref die natoets nie in berekening gebring nie.

4.4.3.1 Mentee- of mentorgesentreerde verhouding

Vyf van die vrae op die vrae lys fokus daarop om vas te stel of die mentorverhouding op die mentee of die mentor gesentreer is. Hierdie vyf vrae se data word in **Tabel 12** uiteengesit en vergelyk met die data soos in **Tabel 8** weerspieël.

Tabel 12 toon dat die gesentreerdheid binne die mentorverhouding wel verander het. Gegewe die skaal, dui 4.0 sterk mentor- of menteesentreerd aan, en 1.0–2.99 nie sterk mentor- of menteesentreerd nie. Na afloop van die program het die mentorverhouding met 0.24 punte verhoog. Volgens die gegewe skaal was die mentorverhouding voor die aanvang van die program nie sterk mentor- of



menteesentreerd nie maar dit was na afloop van die program meer mentor- of menteesentreerd.

Tabel 12 – Herevaluering van mentee- of mentorgesentreerde verhouding

Deelnemer	Frekwensie	Natoetstelling	Voortoetstelling
Mentor 1	16/5	3.2	2.6
Mentor 2	13/5	2.6	2.8
Mentor 3	14/5	2.8	2
Mentorgemiddeld	43/15	2.87	2.47
Mentee 1	18/5	3.6	3.6
Mentee 2	15/5	3	3.2
Mentee 3	-	-	3
Mentee 4	18/5	3.6	3
Mentee gemiddeld	51/15	3.4	3.2
Totale gemiddeld	94/30	3.13	2.89

Volgens hierdie deelnemers se mening rakende die items van die voor- en natoets met betrekking tot hierdie afdeling het slegs 1 deelnemer by 1 item aangetoon (3.3%) dat dit wat in die item aangedui word, nooit voorheen voorgekom het nie. Hierdie gebeurlikheid wat volgens die deelnemer nooit voorheen plaasgevind het nie, was:

- *My mentor/mentee dink aan baie interessante en lekker dinge om te doen (f=1).*

Gevollik het net een deelnemer by een item (3.3%) aangedui dat 'n sekere aspek in die item verswak het. Genoemde item was:

- *Ek en my mentor/mentee doen dinge wat ek regtig wil doen (f=1).*

Veertien keer (46.7%) is daar deur die deelnemers (N=6) gesamentlik aangedui dat die area wat die items dek, dieselfde gebly het. Die deelnemers het egter ook 14 keer aangedui (46.7%) dat sekere van die aspekte wat in die items genoem word, verbeter het. Dié was:

- *My mentor/mentee vra my amper altyd wat ek wil doen (f=3).*
- *My mentor/mentee is altyd geïnteresseerd in wat ek graag wil doen (f=2).*
- *Ek en my mentor/mentee doen dinge wat ek regtig wil doen (f=3).*
- *Ek en my mentor/mentee doen baie dinge dieselfde (f=3).*
- *My mentor/mentee dink aan baie interessante en lekker dinge om te doen (f=3).*



Die data uit die natoets ondersteun die deelnemers se positiewe beleving van die verbetering in die mentee- of mentorgesentreerde aspek van die mentorverhouding.

4.4.3.2 Emosionele verbinteniss

Agt van die items op die vraelys fokus op die emosionele verbintenis tussen die mentor en die mentee. Die data afkomstig van hierdie agt items word in **Tabel 13** uiteengesit. Die vorige telling is afkomstig van **Tabel 9**. **Tabel 13** toon dat daar 'n verbetering in die emosionele verbintenis in die mentorverhouding ingetree het. Gegewe die skaal, dui 4.0 op 'n hoë vlak van emosionele verbintenis, en 1.0–2.9 op nie baie hoog nie. Na afloop van die program het hierdie aspek van die mentorverhouding met 0.28 punte verhoog.

Tabel 13 – Herevaluering van emosionele verbinteniss

Deelnemer	Frekwensie	Natoetstelling	Voortoetstelling
Mentor 1	30/8	3.75	3.38
Mentor 2	32/8	4	3.63
Mentor 3	29/8	3.63	3.5
Mentorgemiddeld	91/24	3.79	3.5
Mentee 1	27/8	3.38	3.25
Mentee 2	31/8	3.88	3.75
Mentee 3	-	-	3.38
Mentee 4	31/8	3.88	3.43
Menteegemiddeld	89/24	3.71	3.45
Totale gemiddeld	180/48	3.75	3.47

Volgens die gegewe skaal was daar voor die aanvang van die program reeds 'n hoë vlak van emosionele verbintenis. Na afloop van die program het dit egter verder verhoog.

Volgens die deelnemers se mening rakende die items van die voor- en natoets met betrekking tot hierdie afdeling, het vier items met 'n totale frekwensie van 21 keer (43.75%) nooit voorheen voorgekom nie en geen item dui op 'n verswakking nie. Hierdie items was:

- *As ek by my mentor/mentee is, voel ek hartseer* (f=6).
- *Ek voel kwaad as ek by my mentor/mentee is* (f=6).
- *Ek voel teleurgesteld as ek by my mentor/mentee is* (f=6).
- *Ek is verveeld as ek by my mentor/mentee is* (f=3).



Volgens hierdie deelnemers (N=6) se mening rakende bogenoemde items blyk dit dat hulle meestal saamstem oor watter items nie in hulle verhouding voorkom nie. (Sien paragraaf 4.3.3 rakende deelnemers se uiteensetting.) Dit blyk dus dat die algemene beleving binne die mentorverhoudinge dieselfde is.

Die deelnemers het met 'n frekwensie van 15 (31.25%) aangedui dat die aspek wat die items dek, dieselfde gebly het en met 'n frekwensie van 12 (25%) dat die aspekte verbeter het. Items wat volgens die deelnemers verbeter het, was:

- *Ek voel belangrik as ek by my mentor/mentee is* (f=3).
- *Ek is verveeld as ek by my mentor/mentee is* (f=1).
- *Ek is gelukkig as ek by my mentor/mentee is* (f=3).
- *As ek by my mentor/mentee is, voel ek spesiaal* (f=2).
- *As ek by my mentor/mentee is, voel ek opgewonde* (f=3).

Die verbetering ten opsigte van hierdie aspek kom volgens die deelnemers se mening minder voor as wat dit dieselfde gebly het. Die teendeel van die deelnemers se mening is egter deur die data bevind, deurdat die emosionele verbintenis versterk is. Dit blyk dus dat die deelnemers reeds die emosionele verbintenis wat verbeter het as die nuwe minimum standaard aanvaar en nie besef dat die emosionele verbintenis tog verbeter het nie.

4.4.3.3 Ontevredenheidsvlak

Ses van die items op die vraelys fokus op die ontevredenheidsvlak van die mentor of mentee binne die mentorverhouding. Hierdie ses items se data word in **Tabel 14** uiteengesit. Die voortoetstelling is afkomstig van **Tabel 10**. **Tabel 14** toon dat die ontevredenheidsvlak afgeneem het met 0.17 punte. Gegewe die skaal, dui 1.0–1.49 op baie tevrede met die verhouding terwyl 2.5 en hoër op baie ontevrede met die mentorverhouding dui.

Volgens hierdie skaal blyk die deelnemers tevrede te wees met die mentorverhouding. 'n Groot verbetering in hierdie aspek van die verhouding is egter by die mentors gemeet. Dit kan moontlik toegeskryf word daaraan dat die mentee en die mentor mekaar beter leer verstaan het.



Tabel 14 – Herevaluering van ontevredenheidsvlak

Deelnemer	Frekwensie	Natoetstelling	Voortoetstelling
Mentor 1	9/6	1.5	1.83
Mentor 2	14/6	2.33	2.33
Mentor 3	10/6	1.67	2.17
Mentorgemiddeld	33/18	1.83	2.11
Mentee 1	8/6	1.33	1.33
Mentee 2	16/6	2.67	2.67
Mentee 3	-	-	1.83
Mentee 4	7/6	1.17	1.5
Mentee gemiddeld	31/18	1.72	1.83
Totale gemiddeld	64/36	1.78	1.95

Volgens die deelnemers se mening rakende die items in die voor- en natoets met betrekking tot hierdie afdeling, is vyf aspekte uitgelig wat nie in die verhouding voorkom nie met 'n totale frekwensie van 11 (30.6%). Genoemde aspekte is:

- *My mentor/mentee dryf spot met my op maniere waarvan ek nie hou nie (f=5).*
- *Partykeer belowe my mentor/mentee my dat ons dinge gaan doen en dan doen ons dit nooit nie (f=1).*
- *Dit voel of ek nie my mentor/mentee kan vertrou met geheime nie. Hy sal my ouers/vriende/gesin daarvan vertel (f=2).*
- *Ek wens my mentor/mentee wil my meer vra oor hoe ek daaroor voel en daaroor dink (f=1).*
- *As my mentor/mentee my raad gee, voel ek of ek stupid is (f=2).*

Slegs 2 items met 'n frekwensie van 1 elk (5.6%) wys daarop dat hierdie aspekte volgens die vrae verswak het, naamlik:

- *As my mentor/mentee my raad gee, voel ek of ek stupid is (f=1).*
- *Ek wens my mentor/mentee wil my meer vra oor hoe ek daaroor voel en daaroor dink (f=1).*

Teen 'n frekwensie van 16 keer (44.4%) is aangedui dat die aspekte wat in die items aangeraak is, dieselfde gebly het. Volgens die deelnemers se mening het slegs 3 aspekte 'n verbetering getoon met 'n totale frekwensie van 7 keer (19.4%). Die vrae wat volgens die deelnemers verbeter het, was:

- *Dit voel of ek nie my mentor/mentee kan vertrou met geheime nie. Hy sal my ouers/vriende/gesin daarvan vertel (f=2).*



- *Ek wens my mentor/mentee wil my meer vra oor hoe ek daaroor voel en daaroor dink (f=1).*
- *Ek wens my mentor/mentee het my beter geken (f=4).*

Dit blyk dus dat die deelnemers van mening is dat die meerderheid aspekte wat deur die items gedek word, dieselfde gebly het, gevolg deur sekere aspekte wat nooit voorgekom het nie. Hierdie beleving van die deelnemers is egter weereens in teenstelling met die data uit die resultate deurdat daar wel 'n verbetering in die gemiddelde verhouding ingetree het.

Dit blyk dus dat, volgens die data soos dit in **Tabelle 12, 13 en 14** uiteengesit is, daar 'n verbetering in die mentorverhouding ingetree het.

5 Waarde van die bemagtigingsprogram

Na aanleiding van die program en die data van die deelnemers blyk dit dat die deelnemers besonder baie waarde heg aan die program. Al die deelnemers het aangedui dat die program vir hulle besonder baie waarde ingehou het.

Die deelnemers verwoord dit soos volg:

- ✍ *Ek dink dat dit meer maal moet gebeur. Om herinner te word aan die ontwikkeling van 'n verhouding is altyd belangrik. Ek glo dat daar elke keer net nog meer groei sal plaasvind.*
- ✍ *Ons het geleer om mekaar beter te verstaan – voel sterker oor mekaar!*
- ✍ *Om mekaar beter te verstaan en te dink hoe hy gaan voel as ek iets sê of eerder stil bly.*
- ✍ *Dit help my om my mentor te verstaan en dit was interessant.*
- ✍ *Ons verstaan mekaar nou beter.*

Gevolgtrek blyk dit dat die meerderheid deelnemers voor die aanvang van die bemagtigingsprogram mekaar minder verstaan het. Die waarde wat die deelnemers aan hierdie program heg blyk hoofsaaklik te wees rakende kommunikasie. Om mekaar beter te kan verstaan.



6 Gevolgtrekking

Uit voorgenoemde bevindinge is tot die volgende gevolgtrekkings geraak:

- Mentors is nie altyd met die nodige vaardigheid en kennis rakende die mentorverhouding toegerus nie.
- Adolessente seuns wat 'n goeie verhouding met hulle biologiese pa handhaaf, kan hulle ook geneë voel om 'n mentor buite die gesinsisteem te hê.
- Meer mans is bereid om seuns buite die gesin te mentor as wat die literatuur meld alhoewel dit skaars 50% van die deelnemers was.
- Baie min mans is te vinde daarvoor dat iemand anders hulle seun mag mentor.
- Indien iemand buite die gesin die seun mentor, wil die biologiese ouers die persoon eers ontmoet.
- Die geestelike dimensie van die mentorverhouding word baie sterk deur die mentors beklemtoon.
- Beide die mentors en die mentees ondervind probleme daarmee om onder druk opsies vir mekaar uit te wys sonder om keuses namens die ander party uit te oefen.
- Sekere Suid-Afrikaanse uitdrukkings en gebruike kan 'n negatiewe uitwerking op die adolessente seun het deurdat kinders en adolessente dikwels uitgeskakel word uit volwasse gesprekke.
- Seuns word te selde by volwasse waardegedrewe mangesprekke betrek.
- Die mentee moet gemotiveer en nie net beweeg word nie.
- Die uitwerking van die mentorverhouding moet beide die mentor en die mentee motiveer om inherent waardegedrewe te lewe.
- Die deelnemers het die bemagtigingsprogram baie positief beleef en blyk waarde te heg aan die uitkomste daarvan.
- Die mentor moet die mentee hanteer as 'n persoon wat nog in die proses na volwassenheid verkeer en nie as een wat reeds 'n volwassene is nie.
- Die mentee dra nie altyd die behoeftes en voorkeure van die mentor op die hart nie, terwyl die mentor dit wel meermale ten opsigte van die mentee doen.



- Mentors is emosioneel meer by die mentorverhouding betrokke as wat dit die geval met die mentees is.
- Mentees is in die algemeen meer tevrede met die mentorverhouding as die mentors.
- Fisiese aktiwiteite speel 'n baie groot rol in die mentorverhouding.
- Die aktiwiteite wat met die teorie geïntegreer was, het 'n doelbewuste uitwerking gehad.
- Die program het die deelnemers gehelp om hulle mentorverhouding óf sterker mentee- óf sterker mentorgesentreerd te fokus.
- Die emosionele verbintenis in die mentorverhouding het met verloop van die program verhoog.
- Die ontevredenheid binne die mentorverhouding het afgeneem.
- Die bemagtigingsprogram het 'n positiewe uitwerking op die mentorverhouding gehad en die deelnemers het baie waarde daaraan.

7 Aanbeveling

Fokuspunte vir verdere navorsing:

- Aanbieding van verskillende bemagtigingsprogramme soos vir dogters en vroulike mentors, enkelgeslag, maar met verskeie kulture wat by dieselfde program inskakel en gesinsgerigte mentorskapprogramme.
- Meer fokusgroepe kan gehou word om die groter gemeenskap bewus te maak van die belangrikheid van die mentorverhouding.

8 Samevatting

Hierdie afdeling weerspieël die uitwerking van die bemagtigingsprogram, of die deelnemers baat gevind het by die bywoning van die bemagtigingsprogram en of die program waarde toegevoeg het tot die mentorverhouding.

Voor die aanbieding van die bemagtigingsprogram het dit geblyk dat die mentordeelnemers nie volkome toegerus was vir die aspekte wat behandel is nie, maar dat hulle na afloop van die program meer op hierdie areas fokus. Van die deelnemers het erken dat hulle aan sekere van die aspekte nooit aandag geskenk het nie.

Die uitwerking van 'n bemagtigingsprogram op die mentorverhouding tussen die mentor en die adolessente seun

Artikel 4



Die resultate van die deelnemers toon dat die mentor hom meer tot die lewe van die mentee verbind as wat dit die geval met die mentee is. Dit word afgelei van die feit dat die mentor beleef dat die mentee nie altyd sy belange en behoeftes op die hart dra nie, die mentors emosioneel meer betrokke is by die mentorverhouding en die ontevredenheidsvlak van die mentors hoër is as dié van die mentees. Hierdie tendens by die menteedeelnemers kan egter toegeskryf word aan hulle ouderdom deurdat hulle emosioneel nog meer afhanklik is van hulle mentors. Die mentors beskou die mentees moontlik ook reeds as volwassenes, terwyl hulle nog in die proses verkeer om volwasse te word.

Na afloop van die bemagtigingsprogram het al drie van hierdie aspekte verbeter, naamlik eerstens, die mate waarin die mentorverhouding mentee-of mentorgesentreerd is, tweedens, die mate waarin die emosionele verbintenis tussen die mentor en die mentee versterk is en derdens of die ontevredenheidsvlak in die mentorverhouding afgeneem het. Beide die mentor en die mentee is positief oor die interaksie wat tydens die program plaasgevind het en het besonder baie waarde aan die program.



Bibliografie

- BABBIE, E.** 2007. The practice of social research. 11th ed. Belmont: Wadsworth.
- BERNARDES, J.** 1997. Family studies: an introduction. London: Routledge.
- BRINK, V.** 1997. Creative fun – The way to a young person's heart. (In Kitching, D. & Robbins, D., eds. Youth ministry: the basics and beyond. Youth specialists explore the challenges of youth ministry in the 21st century. Wellington: Youth Specialties (SA) publishing House. p. 143-154.)
- CRESWELL, J.W.** 2009. Research design: qualitative, quantitative, and mixed methods approaches. 3rd ed. California: SAGE Publications.
- DE VRIES, M.** 1994. Family-based youth ministry: reaching the been-there, done-that generation. Downers Grove: InterVarsity Press.
- DEAN, K.W.** 1997. Reclaiming the public: a communication approach to building relationships in youth ministry. (In Kitching, D. & Robbins, D., eds. Youth ministry: the basics and beyond. Youth specialists explore the challenges of youth ministry in the 21st century. Wellington: Youth Specialties (SA) publishing House. p. 109-117.)
- DELPORT, C.S.L.** 2005. Quantitative data-collection methods. (In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L., eds. Research at grass roots: for the social sciences and human service professions. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik. p. 159-191.)
- ENGEL, R.J. & SCHUTT, R.K.** 2008. Conceptualization and measurement. (In Grinnell, R.M. & Unrau, Y.A., eds. Social work research and evaluation: foundations of evidence-based practice. 8th ed. New York: Oxford University Press. p. 105-133.)
- ERICKSON, B.M.** 1996. Men's unresolved father hunger: intervention and primary prevention. *Journal of family psychotherapy*, 7(4):37-62.
- FREEKS, F. E.** 2004. Die rol van die ontbrekende vaderfiguur in die Suid-Afrikaanse konteks. 'n Prakties-teologiese studie. Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. (Verhandeling – MA).
- GURIAN, M.** 1998. A fine young man: what parents, mentors and educators can do to shape adolescent boys into exceptional men. New York: Penguin Putnam.
- HAVENGA, A.S.** 2002. Maatskaplike intervensie in die instandhouding van die vader-kindverhouding na egskeiding. Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. (Verhandeling – MA).



HEAD, F.A., REIMAN, A.J. & THIES-SPRINTHALL, L. 1992. The reality of mentoring: complexity in its process and function. (*In* Bey, T.B. & Holmes, C.T., eds. Mentoring: contemporary principles and issues. Athens: University of Georgia. p. 5-24.)

HEYNS, W. 2002. Meer as... Gedig geskryf aan outeur as jeugwerker in Jacobsdal, 18 November. Jacobsdal. (Oorspronklike kopie in besit van outeur.) (Ongepubliseer.)

JOLLIFFE, D. & HORNE, A.M. 1999. Growing up male: the development of mature masculinity. (*In* Horne, A.M. & Kiselica, M.S., eds. Handbook of counseling boys and adolescent males: a practitioner's guide. California: Sage Publications. p. 3-23.)

JUCOVY, L. 2002. Measuring the quality of mentor-youth relationships: a tool for mentoring programs. Northwest Regional Educational Laboratory.

KITCHING, D. 1997. A new paradigm: the basics and beyond. (*In* Kitching, D. & Robbins, D., eds. Youth ministry: the basics and beyond. Youth specialists explore the challenges of youth ministry in the 21st century. Wellington: Youth Specialties (SA) publishing House. p. 1-12.)

LOUW, A. 1998. Ontwikkelingsielkunde. (*In* Louw, D.A. & Edwards, D.J.A., eds. Sielkunde: 'n inleiding vir studente in Suider-Afrika. 2^{de} uitg. Johannesburg: Heinemann. p. 451-512.)

MCCLUNG, F. 1994. God's man in the family. Eastbourne: Kingsway.

MOL, A. 2005. Maak wenners van jou mense: die sleutel tot motivering in die werkplek. Kaapstad: Struik Christelike Boeke.

NEUMAN, W.L. 2006. Social research methods: qualitative and quantitative approaches. 6th ed. Boston: Pearson Education.

PROBST, K. 2006. Mentoring for meaningful results: asset-building tips, tools, and activities for youth and adults. Minneapolis: Search Institute.

RHODES, J.E. 2002. Stand by me: the risks and rewards of mentoring today's youth. Cambridge: Harvard University Press.

RICHTER, L. & SMITH, W. 2006. Children's views of fathers. (*In* Richter, L. & Morrell, R., eds. Baba: men and fatherhood in South Africa. Cape Town: HSRC Press. p. 155-172)

SCHACTER-SHALOMI, Z. & MILLER, R. 1995. From age-ing to sage-ing. New York: Warner Books.



SMITHSON, J. 2009. Focus groups. (In Alasuutari, P., Bickman, L. & Bronnen, J., eds. The SAGE handbook of social research methods. Paperback edition. London: SAGE. p. 357-370.)

STEYTLER, J.P.D. & STRYDOM, H. 2008. Die rol van 'n mentor vir seuns tydens die oorgangsfase van die laat-middelkinderjare na adolessensie. *KOERS*, 73(1):33-53.

STONE, F. 2004. The mentoring advantage: creating the next generation of leaders. Chicago: Dearborn Trade.

WARD, E. 2004. Lewensvaardighede vir die laerskoolkind: 'n Gestaltriglyn. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika. (Skripsie – MD: Speltherapie).

WELTY, L.J. 1989. Side by side: mentoring guide for congregation youth ministry. Newton: Faith and Life Press.

Mnr. Johan Steytler is 'n PhD-kandidaat in die Vakgroep Maatskaplike Werk, Skool vir Psigososiale Gedragwetenskappe, Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus, Suid-Afrika.

Prof. Herman Strydom is Vakhoof in die Vakgroep Maatskaplike Werk, Skool vir Psigososiale Gedragwetenskappe, Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus, Suid-Afrika.

Afdeling C

Opsomming, gevolgtrekkings, aanbevelings en bydrae tot die studieveld

1 Inleiding

In Afdeling C word die oorkoepelende opsomming en samevattende gevolgtrekkings en aanbevelings soos dit bevind is, aangebied. Bydraes wat hierdie ondersoek tot die studieveld lewer, word ook uiteengesit. Die sentrale teoretiese stelling, doelstelling en doelwitte, soos uiteengesit in **Afdeling A**, word getoets, en aanbevelings vir verdere navorsing word uitgelig.

2 Opsomming, bevindings en gevolgtrekkings

Die opsomming en samevattende bevindings word hier uiteengesit. Klem word gelê op die navorsingsmetodologie en op die vier artikels soos dit in **Afdeling B** uiteengesit is. 'n Gevolgtrekking van elke artikel word aan die einde van elkeen voorgehou.

2.1 Navorsingsmetodologie

Om die doelstelling van hierdie ondersoek te kon verwesenlik is 'n literatuurstudie sowel as 'n empiriese ondersoek onderneem. Die empiriese ondersoek was beide kwalitatief en kwantitatief van aard. 'n Fokusgroep is na afloop van die bemagtigingsprogram met ander deelnemers gehou om 'n beter profiel van die mentor sowel as die mentee te kan saamstel.

2.1.1 Literatuurstudie

Vakkundige bronne is vir hierdie ondersoek gebruik, wat handboeke, vaktydskrifte, proefskrifte, verhandelings, skripsies en elektroniese bronne insluit. Meer populêre bydraes is ook gebruik soos persberigte in koerante, populêre tydskrifte en boeke, internetbronne asook ongepubliseerde bydraes. Hierdie bronne fokus egter meestal op die profiel van die mentor en mentee, die mentorverhouding, manlikheid, emosionele intelligensie en generasies en hulle verskille.

Wetenskaplike literatuur rakende mentorskap vanuit 'n Suid-Afrikaanse perspektief is nog heel min nagevors en opgeteken. Data wat opgespoor kon word, is meestal populêr van aard en die wetenskaplike verifieerbaarheid hiervan is beperk. Weens die feit dat die

bydraes merendeels uit Westerse lande afkomstig is, en die deelnemers aan die ondersoek 'n Westerse kultuur en leefwyse volg, is die data van toepassing op die ondersoek.

Statistiek met betrekking op Suid-Afrikaners blyk ook verouder te wees. Onderskeid word egter nie getref tussen mans en vroue, seun en dogters in die statistiek nie – 'n faktor wat ook verder bygedra het tot die regverdiging vir hierdie ondersoek.

2.1.2 Empiriese ondersoek

Die intervensie-navorsingsmodel (D&D Model) is gevolg en daar is op al die fases van die model gefokus. Gepaard met die empiriese ondersoek is 'n literatuurstudie onderneem om die bevindings te toets, te ondersteun of te verwerp, en nuwe insigte uit te lig. Data is ingesamel deur gebruikmaking van 'n gelyktydige kombinasie van kwalitatiewe en kwantitatiewe data-insameling. Kwantitatiewe data is ingesamel om 'n beter en meer betroubare profiel van die deelnemers te kon saamstel. Die ondersoek fokus eerstens op die profiel van die mentor en die mentee en tweedens op die bemagtigingsprogram en die uitwerking daarvan. Elkeen van hierdie subtemas is weer onderverdeel in kleiner meer hanteerbare en verstaanbare temas. Hierdie temas gaan gepaard met die literatuurondersoek.

2.1.2.1 Subtema 1: Die profiel van die deelnemers

Volgens die sneeubaltipe steekproef is 17 deelnemers vir die ondersoek geselekteer. Dit sluit die deelnemers in wat aan die fokusgroep deelgeneem het. Tien van die deelnemers was volwasse mans wat as mentors intree vir seuns en sewe van die deelnemers is seuns wat gementor word. Vier van die mentors en hulle mentees is betrek by 'n aktiwiteit-georiënteerde bemagtigingsprogram – 'n totaal van agt deelnemers dus. Inligtingsbriewe en toestemmingsbriewe is aan die deelnemers voorsien alvorens hulle aan die ondersoek kon deelneem. (Sien **Addendums 1, 2 en 3.**)

Die data wat ingewin is, tesame met die data wat uit die behoeftebepaling bekom is, het die navorser in staat gestel om 'n profiel van die twee groepe deelnemers, naamlik die mentors en die mentees, te kon saamstel. Hierdie profiel is vergelyk met en word ondersteun deur die profiel wat deur die literatuur voorgehou is. Data is ingewin deurdat die deelnemers verskeie vraelyste ingevul het. Die deelnemers wat aan die bemagtigingsprogram deelgeneem het, het 'n voortoets ingevul, 'n onderhoud is met

elkeen individueel gevoer en hulle het 'n herevalueringsvraelys en natoets ingevul. Die onderhoude het plaasgevind aan die hand van 'n semi-gestruktureerde onderhoudskedule.

2.1.2.2 Subtema 2: Bemagtigingsprogram en uitwerking van die program

Die agt deelnemers wat aan die bemagtigingsprogram deelgeneem het, staan reeds in 'n gevestigde natuurlike mentorverhouding. Genoemde program was kwalitatief van aard. Dit is op unieke wyse ontwerp deurdat die deelnemers ruim tyd saam kon deurbring, maar steeds deel kon uitmaak van die groter groep.

Die temas wat gedurende die bemagtigingsprogram bespreek is, het uit die behoeftebepaling uitgekristalliseer. Genoemde behoeftebepaling is 'n gedeelte van die navorser se voorafgaande ondersoek, naamlik *Mentorskap in die maatskaplike funksionering van die seun in sy laat-middelkinderjare*.

Die program is saamgestel deurdat die behoeftes wat by mentees geïdentifiseer is, in die program geïnkorporeer is. Hierdie behoeftes is ondervang deur die aanbod van verskeie kontakssessies en die geleentheid tot deelname aan aktiwiteite. Die deelnemers is die geleentheid gegun om elke kontakssessie na afloop daarvan te kon evalueer. Die program is aangebied in die vorm van 'n kamp op 'n plaas in die Velddrif-distrik aan die Weskus. Na afloop van die program het die deelnemers dit geëvalueer. Sewe tot tien dae na afloop van die program het die navorser 'n individuele onderhoud met elke van die deelnemers gevoer. Twee maande na afloop van die program het die deelnemers 'n herevalueringsvraelys ingevul. Die natoets het deel uitgemaak van die herevalueringsvraelys. Dieselfde vraelys is vir die na- en voortoets aangewend.

Data wat hieruit verkry is, het die navorser in staat gestel om die program wat aangebied is, te evalueer. Die deelnemers se insette en belewings en die waarde wat hulle aan die program heg, is by die verslag ingewerk.

2.2 Artikel 1 – Die profiel van die volwasse man as mentor vir adolessente seuns

2.2.1 Opsomming en bevinding

Uit sowel die literatuurstudie as die empiriese ondersoek is bevind dat volwasse mans dekades gelede begin het om seuns te bemagtig deur middel van 'n mentorverhouding. Hierdie mentorverhouding het egter al bestaan nog voor die woord *mentorskap* in

gebruik geneem is. Die behoefte aan 'n mentor by adolessente seuns is egter nie net 'n Westers kulturele behoefte soos in Suid-Afrika en die VSA nie; dit is ook as sodanig in die Ooste geïdentifiseer.

Aan die Weskus in Suid-Afrika is mentorskap en mentorverhoudinge 'n heel nuwe en onontdekte veld, veral gesien vanuit 'n psigososiale perspektief. Van die mentees het ook ander mentors. 'n Skrale meerderheid van die mentors is bereid om 'n seun buite die gesinsisteem te mentor. Mentorskap stel die mentee bloot aan breër maatskaplike netwerke. Min van hierdie deelnemers wat bereid is om 'n ander seun te mentor, staan in 'n mentorverhouding met ander seuns.

Die meerderheid deelnemers aan die empiriese ondersoek het aan die einde van ouderdomskategorie *vroeë volwassenheid* gelê. Volgens hulle generasiekategorie lê hulle op die grens tussen die *Boomers* en die *X-ers*, maar met 'n neiging meer na die *X-ers*. Soos die literatuur op een van die eienskappe van die *X-ers* dui, blyk dit dat die mentors 'n meer stabiele gesin het deurdat nie een van hulle geskei is nie en almal tans getroud is. Die meerderheid deelnemers is egter ook die bestuurder of eienaar van 'n eie onderneming. Die gesin is dus van die mentor afhanklik vir 'n finansiële inkomste. Hierdie mentorverhouding is nie korporatief van aard nie – dit het 'n psigososiale oorsprong.

Die gesinsamestelling van die mentors blyk almal in dieselfde rigting te neig deurdat hulle almal óf meer seuns as dogters, 'n gelyke aantal óf net seuns in die gesin het. Nie een van die deelnemers het meer dogters as seuns in die gesin nie, of het net dogters nie. Die persoonlikheid van die mentor speel 'n sterk rol in die mentorverhouding. Sekere karaktereienskappe van die mentor is egter opvallend by die mentees. Die mentors stel duidelike grense aan die mentees. Hulle is vasberade, dog tree sagmoedig op teenoor die mentee en blyk meestal in die beste belang van die mentee op te tree. Die biologiese pa as mentor is egter minder daartoe geneë om iemand buite die gesinsisteem toe te laat om sy biologiese kind te mentor.

Die geestelike dimensie, of die behoefte aan transendensie, soos Maslow in sy behoeftehiërargie daarna verwys, is 'n baie belangrike element vir die mentor in die mentorverhouding. Die kern rede waarom mentors hulle seuns mentor, is dat hulle lief is

vir seuns, hulle die beste vir die mentee wil hê en hulle die adolessente mentee emosioneel en geestelik wil voorberei sodat hy 'n sukses van sy lewe kan maak.

Die mentors is verder die mening toegedaan dat die mentorverhouding waarde toevoeg tot die leefwêreld van die mentee en dat die mentee ook 'n invloed op die mentor se lewe het.

2.2.2 Gevolgtrekking

Weens die feit dat mentorskap deur 'n persoon buite die gesinsisteem 'n nuwe konsep aan die Weskus is, is die meerderheid deelnemers aan die ondersoek ook juis die biologiese pa van die mentee. Alhoewel van die deelnemers bereid is om 'n persoon buite die gesin te mentor, is daar maar 'n skrale hoeveelheid wat dit wel doen.

Die meerderheid deelnemers is in die lewenstydperk *vroeë volwassenheid*. Dit het die gevolg dat hulle in die oorgang van die *X-er-* na die *Boomer*-generasie val. Elkeen van hierdie generasies het unieke sienswyses en lewensbeskouinge wat op sigself anders is as dié van die *Millenniums*. Weens die feit dat die meerderheid deelnemers selfonderhoudend is, blyk hulle 'n sterk ontwikkelde verantwoordelike teenoor hulle finansies te openbaar.

Nie een van die deelnemers is geskei nie. Dit wil voorkom of die gesinsisteem vir die mentor baie belangrik is. Weens die feit dat die mentor vaste grense neerlê en daarby hou, verskaf dit aan die mentee meer sekuriteit. Nieteenstaande die feit dat die mentor min tyd aan sy gesin bestee, blyk dit tog dat hy meer tyd saam met sy gesin deurbring as wat in die literatuur aangedui is. Die mentor blyk ook 'n persoon te wees wat minder betrokke is by die gebruik en misbruik van substansie en ook minder met die gereg bots.

2.3 Artikel 2 – Die profiel van die adolessente seun as mentee

2.3.1 Opsomming en bevinding

Uit die literatuurstudie en empiriese ondersoek word dit duidelik dat seuns dekades gelede, lank voor die woord mentor nog bestaan het, al deur volwasse mans gementor is. Hierdie mentorverhouding het egter nie net by die man op straat voorgekom nie, maar ook by konings en profete. Met verloop van jare het hierdie mentorskaprol vervaag en daar is eers gedurende die afgelope paar jaar weer begin fokus op hierdie tipe verhouding. Navorsing in hierdie studieveld is aan die toeneem, maar ongelukkig baie

min vanuit die perspektief van die adolessente seun, oftewel die mentee in hierdie studie.

Aannames word gemaak dat slegs seuns wat die risiko loop om te ontspoor, mentors nodig het (Hoë risiko seuns). Die marginalisering van adolessente deur die media kan daartoe bydra dat min seuns in 'n mentorverhouding met 'n volwasse man staan. Dit laat ook die indruk by volwassenes dat seuns wat nie die risiko loop om te ontspoor nie, nie 'n mentor nodig het nie. Hierdie beeld wat geskep word, is strydig met dit wat adolessente seuns noem ten opsigte van hul behoefte aan 'n mentorverhouding, ongeag of hy 'n die risiko loop om te ontspoor of nie.

'n Empiriese ondersoek is geloods in die vorm van 'n bemagtigingsprogram en 'n fokusgroep. Uit hierdie data het dit aan die lig gekom dat al hierdie deelnemers heteroseksueel was. Nie almal was betrokke by 'n romantiese verhouding nie, maar hulle seksuele voorkeure was vir die teenoorgestelde geslag.

Die meerderheid deelnemers se vriende was ouer as hulle, met 'n minderheid wat vriende jonger as hulle gehad het. Die meerderheid was ook vriende van dieselfde geslag en die hegte vriend was ook ouer as die deelnemer. Dit kan moontlik toegeskryf word aan die waarde wat die mentee heg aan ouer vriende, soos sy mentor. Hierdie vriendskap kan, soos ander vriendskappe, beide positiewe en negatiewe invloede op die mentee uitoefen.

Die mentees was baie min by konfliktsituasies met volwasse persone buite die gesinsisteem betrokke. Die konflik wat wel voorgekom het, was merendeels met onderwysers. Alhoewel die gebruik van drank en die rook van sigarette voorgekom het, was dit in die minderheid. Geeneen van die mentees het al met die gereg gebots nie.

Mentees het volwasse modelle nodig – persone by wie hulle aanvaarbare gedrag kan waarneem – aangesien hulle die beste leer deur waarneming. Die meerderheid deelnemers het meer as een mentor. Die biologiese pa van die mentee blyk nie altyd bewus te wees daarvan dat sy seun ook 'n ander mentor as hyself het nie. Baie tyd word ook aan Christenskap bestee want 'n groot persentasie deelnemers het daarop gewys dat hulle mentorverhouding Christelik gedrewe is.

2.3.2 Gevolgtrekking

Alhoewel mentorskap 'n eeue oue leefwyse is, is dit nog relatief nuut in Suid-Afrika. Hierdie behoefte aan 'n mentor is nie uitsluitlik Suid-Afrikaans nie; dit kom internasionaal by seuns voor.

Weens die feit dat die media grootliks daartoe bydra dat adolessente gemarginaliseer word, blyk dit dat 'n persepsie toenemend heers dat slegs gedragsmoeilike kinders 'n mentor benodig. Dit is egter strydig met die werklikheid, want die meerderheid seuns, of hulle gedragsmoeilik is of nie, het behoefte aan 'n mentor.

Die deelnemers is almal heteroseksueel. Dit wil dus voorkom of die seksuele voorkeur in romantiese verhoudings na die teenoorgestelde geslag neig. Die meerderheid deelnemers se vriende sowel as hulle hegte vriend is van dieselfde geslag as hulle, maar ouer as hulleself. Dit blyk dus dat die mentee meer geneig is om meer vertroue in persone van sy eie geslag te stel, maar iemand wat meer ervare is as hy.

Die afleiding kan gemaak word dat die mentee konflik konstruktief hanteer deurdat geen van die deelnemers nog ooit met die gereg gebots het nie, en dat gesinskonflik baie selde voorkom. Die deelnemers blyk ook persoonlike grense goed te kan stel deurdat dwelmmisbruik nie voorkom nie en rook en alkohol in uiters geringe mate.

Die meerderheid deelnemers het meer as een mentor. Dit blyk dat die biologiese ouers nie altyd bewus is van die persone wat hulle kinders as hul mentors beskou nie. Alhoewel die mentee min kwaliteit tyd saam met sy gesin deurbring, is dit wel meer tyd as wat in die literatuur aangedui is.

Volgens die mentee beleef hy sy mentor positief en heg hy groot waarde aan dit wat hy by sy mentor leer of aan dit waaraan hy blootgestel word.

2.4 *Artikel 3 – 'n Bemagtigingsprogram in mentorskap gerig op die mentor en die adolessente seun*

2.4.1 Opsomming en bevinding

In die behoeftebepaling is bevind dat seuns spesifieke behoeftes ten opsigte van 'n mentorverhouding het. Hierdie behoeftes is deur die literatuurstudie ondersteun of verwerp, of dit het nuwe insigte ten opsigte van die aspekte gebring. Tydens die

bemagtigingsprogram is sekere aspekte geïdentifiseer wat in hierdie artikel geïnkorporeer is.

Ten spyte van die feit dat baie volwasse manlike mentors 'n biologiese pa van seuns is, is hulle nie altyd met die nodige kennis en vaardighede toegerus om heelwat van die uitdagings waarmee adolessente seuns te kampe het, te kan help bemeester nie. Die kategorie deelnemers wat deel van die ondersoek uitgemaak het, is ook in die literatuur bevestig deurdat dit aandui dat seuns uit die verre platteland meer geneig is om hulle biologiese pa as mentor te hê. Die hegte band wat daar tussen die mentor en die mentee bestaan, kan versterk word indien beide die mentor en die mentee 'n beter begrip van die ander persoon, sy generasie en sy leefwyse het.

Die meerderheid mentee-deelnemers wat deel uitgemaak het van die bemagtigingsprogram staan aan die begin van adolessensie of aan die einde van hul laat-middelkinderjare. Dit plaas hulle binne die *Millennium*-generasie. Die meerderheid mentors het in die eindfase van hul vroeë volwassenheid gestaan. Dit plaas hulle op die grens tussen die *Boomers* en die *X-ers*. Die meerderheid neig meer om in die *X-er-groep* te val. Elkeen van hierdie groeperings het sekere eienskappe wat hulle identifiseer en uniek maak.

Die program was in ses kontakssessies verdeel. Die eerste en die laaste kontakssessie was oorhoofs logistiek van aard. Die ander vier kontakssessies het sekere aspekte ondervang wat insluit generasies, emosionele intelligensie, manlikheid en die mentorverhouding. Tydens die program is die aspekte volgens die SWOT-analise aan die deelnemers voorgehou. Hierdie aspekte is in subtemas bespreek en is aan die hand van praktiese aktiwiteite gedemonstreer. Gedurende die aktiwiteite het dit deur waarneming duidelik geword dat sekere vaardighede in teorie makliker blyk te wees om aan te leer as wat dit in die praktyk werklik is.

Hierdie aktiwiteitsproses gekombineer met die kontakssessie het 'n meer visuele en konkrete beeld by die mentor en die mentee geskep. Emosionele Intelligensie is 'n aspek wat voor die aanvang van die program nie baie aandag geniet het nie, maar na afloop daarvan het beide die mentor en die mentee meer duidelikheid gehad oor bepaalde gedragsuitinge en optredes van die ander party.

Die uitwerking van die bemagtigingsprogram word in Artikel 4 bespreek.

2.4.2 Gevolgtrekking

Seuns het spesifieke behoeftes binne 'n mentorverhouding. Indien hierdie behoeftes toepaslike aandag geniet, blyk dit dat die lewensgehalte van beide die mentor en die mentee kan verbeter.

Weens die feit dat die mens besonder divers is en verskeie unieke behoeftes het, kan die mentee meer as een mentor hê. Elkeen van hierdie mentors voorsien in 'n ander area en behoefte van die mentee.

Dit wil voorkom of die program die deelnemers die geleentheid gegun het om introspeksie te kon hou met betrekking tot hulle eie leefwyse, kommunikasiestyle en -patrone, asook rakende hulle gedrag. Dit blyk dat die program sekere gedrag kan uitlig wat aandag moet geniet, wat dan kan bydra tot 'n verhoogde lewensgehalte.

Die mentor het die behoefte uitgespreek om meer kwaliteit tyd saam met sy mentee deur te bring.

2.5 Artikel 4 – Die uitwerking van 'n bemagtigingsprogram op die mentorverhouding tussen die mentor en die adolessente seun

2.5.1 Opsomming en bevinding

Mentors en mentees is nie altyd met die nodige vaardighede en kennis rakende mentorskap en die mentorverhouding toegerus nie. Weens die feit dat kennis en vaardighede by beide die mentor en die mentee ontbreek, word die verhouding gestrem en kan dit nie optimaal ontwikkel nie. Adolessente seuns hunker ook na 'n mentor buite die gesinsisteem – 'n persoon wat nie direk deel uitmaak van die biologiese gesinsisteem nie. In die onderhawige studie is vasgestel dat die persentasie mans wat bereid is om seuns buite die gesin te mentor, groter is as wat die literatuur aandui.

Volwasse mans as mentors wat ook die biologiese pa van die adolessente seun as mentee is, is nie juis daartoe geneë om toe te laat dat iemand anders sy seun mentor nie. Indien iemand anders wel die seun se mentor word, stel die biologiese pa die vereiste dat daardie persoon in 'n verhouding met die Here moet staan en dat hy hom eers self wil leer ken.

Sekere Suid-Afrikaanse idiome en gebruike vanuit die Suid-Afrikaanse kultuur is in teenstelling met behoeftes by adolessente seuns soos hulle behoefte aan die

teenwoordigheid in volwasse geselskappe. Hierdie kultuureienskap kan 'n negatiewe uitwerking op die hedendaagse adolessent meebring.

Uit die empiriese ondersoek het dit aan die lig gekom dat die mentor probleme daarmee ondervind om voort te gaan om vir die adolessent rigting te gee deur net die opsies uit te lig as daar druk op hom uitgeoefen word. Die mentor het onder druk die keuses vir die adolessent gemaak en dié moes die opdragte uitvoer. Die mentor moes egter die mentee mentor en motiveer en hom nie bloot in 'n sekere rigting stuur nie. Die mentorverhouding moet beide partye motiveer om inherent waardegedrewe te lewe. Dit is belangrik dat die mentee hanteer moet word as 'n persoon wat in die proses verkeer waarin hy besig is om tot volwassenheid te groei, en hom nie te hanteer asof hy reeds 'n volwassene is nie.

Gesien binne die mentorverhouding dra die mentee die voorkeure en behoeftes van die mentor minder op die hart as wat die geval is met die mentor ten opsigte van die behoeftes en voorkeure van die mentee. Mentors is ook meer emosioneel betrokke by die mentorverhouding as die mentee. Gedurende die bemagtigingsprogram is die belangrikheid van fisiese aktiwiteite deur die data wat ten opsigte van die deelnemers ingesamel is, sowel as deur die literatuur ondersteun. Die fisiese aktiwiteite wat in die teoretiese literatuur geïnkorporeer was, het beslis 'n uitwerking op die mentorverhouding.

Twee maande nadat die bemagtigingsprogram aangebied is, het die deelnemers 'n herevalueringsvraelys en natoets ingevul om die doeltreffendheid van die program te meet. Volgens data wat op hierdie wyse ingesamel is, is daar nog sterker aangedui dat die program daartoe meegewerk het dat die deelnemers 'n verbetering in hulle verhouding beleef en dat die program dus vir hulle waardevol was. Ten opsigte daarvan dat sekere komponente van die verhouding verswak het, is in geringe mate aangedui.

2.5.2 Gevolgtrekking

Alhoewel seuns behoefte het aan 'n mentor buite die gesin, blyk dit dat volwasse mans min bereid is om seuns buite die gesin te mentor. Dit blyk egter ook dat seuns daartoe neig om 'n mentor buite die gesinsisteem te wil hê. Ten spyte van die sterk behoefte aan transendensie, soos in Maslow se behoeftehiërargie uiteengesit, blyk dit dat adolessente

seuns te min deur volwasse mans betrek word by volwasse gesprekke waarin die volwassene sy waardes en morele standaarde uitleef.

Die feit dat die mentors meer emosioneel by die mentorverhouding betrokke is as die mentee, kan die rede wees waarom meer mentors gemiddeld minder tevrede is met die mentorverhouding as wat die geval by die mentees is.

Dit blyk dat die aspekte wat gedurende die bemagtigingsprogram bespreek is, 'n groot bydrae gelewer het tot die mentorverhouding. Beide die mentor en die mentee is van mening dat die mentorprogram waarde tot hulle mentorverhouding toegevoeg het en beveel dit vir ander volwassenes aan.

3 Doelstelling en doelwitte

3.1 Doelstelling

Die doelstelling van die navorsingsondersoek was om 'n bemagtigingsprogram te ontwikkel wat volwasse mans as mentors en adolessente seuns as mentees in 'n bestaande mentor-menteeverhouding bemagtig. Beide die mentor en die mentee word bemagtig rakende die lewenstydperk en lewensbeskouing van die ander om sodoende 'n dieper en meer volhoubare verhouding te bewerkstellig. Die profiel van die mentor en van die mentee is ondersoek, die bemagtigingsprogram is ontwerp en uiteengesit met die resultate en uitwerking van die bemagtigingsprogram. Die doelstelling is verwesenlik deurdat die doelwitte bereik is.

3.2 Doelwitte

Die doelwitte, soos ook in **Afdeling A** uiteengesit, was:

- ✓ Om 'n profiel van mans saam te stel wat as mentor vir seuns intree. Hierby is die behoeftes, vaardighede, generasie en eienskappe van die mentor ingesluit. Dit is bereik deurdat 'n profiel van volwasse mans as mentors saamgestel is. Die profiel is in **Artikel 1** van **Afdeling B** uiteengesit.
- ✓ Om 'n profiel van die adolessente seun as mentee saam te stel. Dit is bereik deurdat 'n profiel van die seun as mentee saamgestel is. Die profiel is in **Artikel 2** van **Afdeling B** uiteengesit.
- ✓ Om 'n bemagtigingsprogram saam te stel. Dit is bereik deur 'n program uiteen te sit. Die program is in **Artikel 3** van **Afdeling B** voorgehou.

- ✓ Om die bemagtigingsprogram aan te bied en te evalueer om die effektiwiteit daarvan te meet. Dit is bereik deurdat die bemagtigingsprogram aangebied en geëvalueer is. Die uitwerking van die bemagtigingsprogram is in **Artikel 4** van **Afdeling B** uiteengesit.

Die doelwitte is ooreenkomstig die geïdentifiseerde behoeftes bereik.

4 Toetsing van die sentrale teoretiese stelling

Hierdie ondersoek is gebaseer op die sentrale teoretiese stelling, soos hieronder uiteengesit.

Volwasse mans wat as mentors intree is nie altyd met die nodige kennis en vaardighede toegerus nie. Adolesseente seuns wat gementor word, weet nie altyd waarom hulle mentor optree soos hulle wel doen nie, of wat hulle lewensbeskouing is nie. 'n Bemagtigingsprogram kan beide die mentor en die mentee met die nodige kennis en vaardighede toerus om optimale psigososiale funksionering te kan bereik.

Op grond van die **opsomming, bevindinge, gevolgtrekkings** en **aanbevelings** rakende hierdie ondersoek, kan afgelei word dat die literatuurstudie en die empiriese ondersoek hierdie teoretiese aanname **bewys**.

5 Bydrae tot die studieveld

Hierdie ondersoek het die volgende bydraes tot die studieveld *mentorskap* vanuit 'n psigososiale perspektief in maatskaplike werk gelewer.

- Sensitiwiteit rakende 'n redelik onbekende studieveld en onderwerp in maatskaplike werk is onder die aandag gebring van vakkundiges in maatskaplike werk en die onderwys.
- Vakkundiges se kennisveld is verbreed deurdat die profiel van mentors en mentees wat aan 'n bemagtigingsprogram deelgeneem het, uitgelig is.
- 'n Bemagtigingsprogram is saamgestel waarin eiesoortige behoeftes van mentees geïnkorporeer is. Hierdie behoeftes sluit deelname aan fisiese aktiwiteite in.
- Die bemagtigingsprogram het sekere gedragspatrone en sienswyses by die onderskeie groeperinge van die deelnemers teweeggebring. Hierdie veranderinge word positief deur beide die mentor en die mentee beleef en die mentor kan na afloop van die program sy mentee help tot verhoogde lewensgehalte. Die

uitwerking van die bemagtigingsprogram lewer 'n bydrae tot genoemde verhouding, wat gebruik kan word deur vakkundiges in hul dienslewering aan kliënte asook in die bedryfsektore van maatskaplike dienslewering.

- Die navorsing het daarin geslaag om nuwe velde vir dienslewering en vir verdere navorsing uit te lig.
- Die behoeftebepaling van hierdie ondersoek, wat grootliks die navorser se MA-graad is, het die ABSA 2008 Bronsmedalje-toekenning verwerf.
- Verskeie kerke en radiostasies het die navorser genader om die breër gemeenskap in te lig en toe te spreek oor die dienslewering ten opsigte van verhoudings met die klem op die mentorverhouding.
- Een van die manuskripte is reeds vir publikasie aan 'n geakkrediteerde vaktydskif voorgelê. (Sien **Addendum 15**.)
- Daar word in die vooruitsig gestel om ook die ander manuskripte vir moontlike publikasie in verskillende geakkrediteerde vaktydskrifte nasionaal sowel as internasionaal voor te lê.

6 Aanbevelings

Op grond van die bevindinge en gevolgtrekkings word die volgende aanbevelings vir verdere navorsing gedoen:

- Om 'n profiel van dogters en vroulike mentors saam te stel wat in 'n mentorverhouding staan.
- Die ontwikkeling van 'n aktiwiteit-georiënteerde bemagtigingsprogram vir die adolessente dogter en die vroulike mentor.
- Die invloed van die mentorverhouding met 'n persoon buite die gesinsisteem op die biologiese gesin.
- Om die profiel van adolessente mentees uit verskillende kulture, gelowe en rasse met mekaar te vergelyk. Hierdeur kan kultuursensitiewe programme ontwerp en aangepas word.
- Hierdie profiel van die deelnemers wat in 'n mentorverhouding staan, is opgestel uit deelnemers uit die diep platteland waar mentorskap heel nuut en relatief

onbekend is. 'n Profiel kan opgestel word van deelnemers in die platteland sowel as van dié in stedelike gebiede van Suid-Afrika.

- Die uitwerking van hierdie bemagtigingsprogram behoort gekoppel te word aan basisgerigte en groepmentorskap-programme. Dit kan in die bestaande skoolkurrikulum geïnkorporeer word.
- Die bewusmaking van die invloed wat 'n mentor op die adolessente seun in die gemeenskap het, behoort aandag te geniet.
- 'n Opvolgprogram in mentorskap behoort beplan te word.
- Dieselfde program moet vir mentors en mentees aangebied word waar die mentees sorgbehoewende kinders is – kinders wat dus in pleegsorg is, of in 'n kinderhuis of 'n jeugsorgsentrum woon.
- Ontwikkeling en aanbieding van gesinsgerigte mentorskapprogramme behoort aandag te geniet.
- Meer fokusgroepe met volwassenes sowel as met adolessente kan gehou word om die breër gemeenskap bewus te maak van die belangrikheid van die mentorverhouding.

7 Slotsom

Die navorser se beweegrede tot hierdie ondersoek lui:

Die navorser het in 1994 betrokke geraak by werksaamhede van die seun in sy laat-middelkinderjare, by sy oorgangsfase en ook by adolessente. Dit het telkens opgeduik dat hierdie seuns 'n behoefte het aan 'n manskop, iemand wat tyd met hulle deurbring, aandagtig na hulle luister en in hulle as individue belangstel. Baie van die seuns het toenadering tot die navorser gesoek ongeag die stand en betrokkenheid van hulle biologiese pa. Van hierdie verhoudinge wat reeds so vroeg as 1996 ontstaan het, word steeds in stand gehou.

As lid van 'n Diensjaar vir Christus-span het die navorser in 1996 opleiding in jeugwerk ontvang van die VCSV, wat hoofsaaklik laerskole bedien het. In 1998 was hy 'n spanleier van die Vrystaatse Diensjaarspan wat die laerskole bedien het en in 2002 was hy 'n voltydse jeugwerker in 'n laerskool in die verre platteland. In 2003 het die navorser sy voorgraadse studie in Maatskaplike werk by die Potchefstroomse Universiteit vir

Christelike Hoër Onderwys, wat later die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus, geword het, begin.

Die navorser het dit noodsaaklik gevind om hierdie soeke na 'n mentor wetenskaplik te begrond. In 2007 het die navorser sy Magister Artium in Maatskaplike werk *Cum Laude* verwerf. Hierdie ondersoek, getitel *Mentorskap in die maatskaplike funksionering van die seun in sy laat-middelkinderjare*, dien ook as die gedeeltelike behoeftebepaling vir die onderhawige verdere ondersoek en navorsing. Hierdie navorsing het die ABSA 2008 Bronsmedalje-toekenning verwerf.

Die publiek – stedelik, plattelands asook verre plattelands – moet meer bewus gemaak word van die behoeftes van seuns rakende 'n vaderfiguur en die invloed wat 'n afwesige pa op die seun, die gemeenskap en die wêreld het. Die invloed wat 'n mentorverhouding op die seun en op die mentor het, moet duideliker aan die publiek bekendgemaak word deur middel van praatjies en publikasies (beide populêr en wetenskaplik). Die verdere aanbieding van die program deur ander persone behoort ook aangemoedig te word.

Afdeling D

Addendums

Addendum 1 – Deelname uitnodiging

Johan Steytler

✉ 840, VREDENBURG, 7380

✉ jsteytler@gmail.com

☎ 072 144 0148

Maart 2009

Geagte mentor/mentee/ouer/voog

Een van die grootste vrae wat in feitlik elke jongmens se hart verskuil is dat seuns graag wil weet, **Het ek dit wat dit vat?** en meisies, **Is ek mooi genoeg, aanvaarbaar?** Die soeke na daardie antwoord is blywend indien dit nie beantwoord word nie. Samelewingsfaktore het egter die rol van die pa baie verander en kinders beleef hulle pa baie meer afwesig. Soms word die pa so besig gehou in sy eie wêreld om almal om hom gelukkig te hou soos om te fight oor die plek van die man in die gesin dat hy nie by sy hele gesin uitkom soos hy moet en soms graag wou nie. Die pa wat die Priester, Profeet en Koning in sy gesin moet wees, is besig om uit te sterf. Daar is ook baie ander redes en verskillende tipe afwesige pa's.

Om hierdie behoefte wat kinders het aan 'n volwasse persoon te vervul, word daar na mentors gekyk. 'n Mentor is 'n alternatiewe persoon wat optree in die plek van die afwesige pa/ma by die kind. 'n Mentor kan nooit die pa of ma vervang nie, maar hy kan die rol van die pa of ma vervul asook in die kind se behoefte aan 'n pa- of ma-figuur. Baie kinders het steeds hulle eie biologiese ouers en kom uit baie gesonde gesinsisteme, geen abnormale dinge het gebeur nie en die verhoudinge in die gesin is standvastig. Maar van hierdie kinders het ook 'n behoefte aan 'n eksterne persoon wat as mentor vir hulle intree. Iemand wat nie deel vorm van die gesin nie, maar 'n blywende verandering in die kind se lewe laat. Die ideaal is dat die pa die mentor vir sy seun sal wees en die ma vir haar dogter.

In my verhandeling, *Mentorskap in die maatskaplike funksionering van die seun in sy laat-middelkinderjare*, is 'n behoeftebepaling gedoen of daar regtig 'n behoefte bestaan by seuns aan 'n mentor. Die resultate dui egter daarop dat die behoefte baie groot is en dat hulle sekere vereistes of verwagtinge het in 'n mentorverhouding. Die opvolgstudie getitel: *'n Bemagtigingsprogram in mentorskap: 'n psigososiale perspektief* is daarop gerig om mentors en mentees te bemagtig in hierdie mentorverhouding. Dit gaan nie daaroor om reëls neer te lê nie, maar eerder om 'n paradigma te skets waaruit die verhouding kan vloei vir verhoogde resultate.

Ek wil u graag betrek by die ondersoek, daar is egter 'n kriteria waaraan deelnemers moet voldoen om aan die studie te mag deelneem. Weens hierdie 'n akademiese studie is, is die kriteria noodsaaklik om die geldigheid en betroubaarheid van die studie te verhoog. Die kriteria sluit in dat u 'n man is en in 'n mentorverhouding met 'n seun in die ouderdom van 12 – 17 jaar moet staan. Die seun wat u mentor moet ook aan die ondersoek deelneem. Die seuns (mentees) is minderjarig en dit is noodsaaklik dat die seun se ouers toestemming verleen tot die ondersoek. 'n Vrywaringsdokument om aan die ondersoek deel te neem is aangeheg. Indien u sou deelneem word 'n toestemmingsvorm aan u gestuur om te voltooi vir deelname aan die bemagtigingsprogram. Die seun kan u eie biologiese kind wees, maar daar sal voor die aanvang eers met hom in gesprek getree word om die definisie van 'n mentor aan hom voor te hou. By die

ondersoek word slegs 10 pare deelnemers betrek waarvan u deel kan vorm. Die deelnemers bestaan uit die mentor en die mentee⁹ en hulle is nie noodwendig bloedverwant nie maar dit mag 'n pa en seun ook wees.

Indien u op hierdie vorm aandui dat u wil deelneem aan die ondersoek, gaan van u verwag word om 'n paar vraelyste vir my te voltooi. Vraelyste word tydens die program aan u gegee wat u gedurende die program gaan voltooi en aan my terug besorg. Hieruit word 'n profiel saamgestel van mentors. Die seuns gaan soortgelyke vraelyste voltooi en 'n profiel van hulle word ook saamgestel. Vanuit hierdie data sowel as inligting vanuit wetenskaplike literatuur en die data vanuit die bemagtigingsprogram word die verslag saamgestel.

Die praktiese gedeelte van die program is dat u gaan deelneem aan die bemagtigingsprogram wat vir u aangebied word in die vorm van 'n kamp. Die kamp gaan avontuur aktiwiteite sowel as lesings insluit. Van die sessies gaan u as mentor alleen doen, sowel die seuns, en dan ander kere weer saam met die seuns. Tydens die kamp gaan daar ook 'n individuele onderhoud met u en met die seun gevoer word. Daar is geen kostes aan die kamp rakende verblyf, kos en studiemateriaal aan u verbonde nie. Die praktiese reëlings rakende vervoer en plek na die kampterrein sal aan u gestuur word sou u deelneem aan die program. Die voorlopige naweek is die tweede naweek in April. Dit is die eerste naweek na die skoolvakansie. Indien vervoer 'n probleem is, kontak my asseblief vroegtydig dat ons 'n plan kan maak. Aktiwiteite wat ingesluit word by die program is aktief, maar dit is nie baie veeleisend nie. Alles gebeur binne 'n kamp atmosfeer en kamp opset.

GEEN identifiserende besonderhede van u of u mentee word in die verslag genoem nie. Slegs die data wat deel vorm van die bemagtigingsprogram, die profiel van die deelnemers en die uitwerking van die bemagtigingsprogram word gebruik. Hierdie data word verwerk, in artikelformaat geskryf en die manuskripte word na vakkundige tydskrifte gestuur vir moontlike publikasie.

Kan u asseblief die onderstaande vorm voltooi asook die aangehegde dokumente indien u sou wou deelneem aan die ondersoek en dit so gou as moontlik vir my te e-pos of te pos **TESAME** met die voltooiide, **getekende** vorms van die mentees. **GEEN** seun mag deelneem aan die studie indien ek nie 'n oorspronklike getekende vorm van sy ouers het nie. U is welkom om my per e-pos of per oproep in kennis te stel indien u wou deelneem aan die studie en dan net die vorms vir my in die pos te gooi of aan my te oorhandig.

Indien u nie die biologiese pa/voog van die seun is nie, gee asseblief vir die seun sy briewe wat hy aan sy ouers moet oorhandig. Kan u as mentor dan al die getekende briewe, die van die adolessente seun ook so gou as moontlik vir my stuur. 'n Vrywaringsvorm vir die kamp sal dan aan u gestuur word. Vir enige verdere navrae of onduidelikheid, kontak my gerus. Baie dankie, ek sien uit daarna om van u te hoor.

Groete


Johan Steytler

⁹ Die mentee is die persoon wat deur die mentor geleer word – die seun in hierdie geval

Addendum 2 – Deelname terugvoervorm

Hiermee gee ek (naam & van) _____ ouer/voog

van _____ kennis dat genoemde seun **gaan**

deelneem / nie gaan deelneem nie (omkring asseblief u keuse) aan die ondersoek van

Mnr. JPD Steytler rakende die bemagtigingsprogram in mentorskap.

Indien hy gaan deelneem aan die ondersoek dra ek kennis daarvan dat hy verskeie vraelyste gaan voltooi, gaan deelneem aan 'n kamp waartydens die bemagtigingsprogram aangebied gaan word en dat daar 'n onderhoud met my adolessente seun sowel as met die mentor gevoer gaan word.

Ouers/Voog se basiese besonderhede is as volg:

Naam en Van: _____

Posadres: _____

e-pos: _____

Kontak nommer: _____ Faks nommer: _____

My mentee/Adolessente seun se besonderhede is as volg:

Naam en Van: _____

Posadres: _____

e-pos: _____

Kontak nommer: _____ Faks nommer: _____

Ouers se name en van van die mentee: _____

Ouer se kontaknommers: _____

Handtekening

Datum

Hiermee gee ek *(naam & van)* _____ mentor van
 _____ kennis dat ek/genoemde seun **gaan**

deelneem / nie gaan deelneem nie *(omkring asseblief u keuse)* aan die ondersoek van
 Mnr. JPD Steytler rakende die bemagtigingsprogram in mentorskap.

Indien ek/hy gaan deelneem aan die ondersoek dra ek kennis daarvan dat ek/hy verskeie
 vraelyste gaan voltooi, gaan deelneem aan 'n kamp waartydens die bemagtigingsprogram
 aangebied gaan word en dat daar 'n onderhoud met my/adolessente seun sowel as met die
 mentee/mentor gevoer gaan word.

Mentor se basiese besonderhede is as volg:

Naam en Van: _____

Posadres: _____

e-pos: _____

Kontak nommer: _____ Faks nommer: _____

Verwantskap: _____

Ouderdom: _____

My mentee/Adolescente seun se besonderhede is as volg:

Naam en Van: _____

Posadres: _____

e-pos: _____

Kontak nommer: _____ Faks nommer: _____

Ouers se name en van van die mentee: _____

 Handtekening

 Datum

Addendum 3 – Vrywaring en Toestemmingsvorm

Vrywaring

Dankie dat u aangedui het dat u wil deelneem aan die program rakende mentorskap. Lees asseblief hierdie dokument noukeurig deur alvorens u dit teken. Hierdie dokument bevat alle nodige inligting rakende u verwagtinge aan die navorsingsprojek.

Die interaktiewe bemagtigingsprogram vorm deel van Mnr. Johan Steytler se navorsing met betrekking tot die mentorverhouding. Hierdie studie is deel van die navorser se Philosophiae Doctor graad (PhD) in Maatskaplike werk aan die Noordwes Universiteit Potchefstroomkampus.

Die titel van die proefskrif is *’n Bemagtigingsprogram in mentorskap: ’n Psigososiale perspektief*.

Die deelnemers aan die ondersoek gaan die volgende vraelyste voltooi asook aan ’n interaktiewe bemagtigingsprogram deelneem.

1. ’n Verhoudingsvraelys wat opgestel en getoets is deur die *National Mentoring Center* in die VSA. Hierdie vraelys word as voortoets en natoets gebruik. Die vraelys is in Afrikaans vertaal.
2. ’n Selfontwerpte vraelys wat verskillend is vir die mentor en die mentee. Hierdie vraelys fokus ook op die verhouding.
3. Die deelnemers woon die bemagtigingsprogram by wat baie interaktief van aard is en wat in die vorm van ’n kamp geskied.
4. Die bemagtigingsprogram sluit fisiese aktiwiteite in.

Etiese toestemmig tot die navorsing is verkry vanaf die Etiese komitee van die Noordwes Universiteit wat onder andere insluit dat geen skade aan die deelnemers gedoen sal word nie en dat alle data wat bekom word vertroulik deur die navorser alleen hanteer sal word. Alle medegroepwerkers is deur die navorser geselekteer en dien as waarnemers, ondersteuners en verleen hulp soos dit verlang word.

Die deelnemers kan die volgende voordele uit die bemagtigingsprogram verwag.

1. Alle nodige studiemateriaal word voorsien.
2. Die bemagtigingsprogram word gratis aangebied, u moet asseblief net self op die terrein kom.
3. ’n Verhoogde mentorverhouding tussen die mentor en die mentee.
4. ’n Nuwe paradigma rondom die mentorverhouding word geskep.
5. Die aktiwiteite wat beoefen gaan word, word aangebied deur kenners op die terrein en die nodige veiligheidsmaatreëls word voorgehou.

Deelname aan die projek is vrywillig en u kan ter enige tyd onttrek uit die ondersoek. U word egter versoek om die projek tot aan die einde deur te sien aangesien dit statistiese betroubaarheid van die projek nadelig kan beïnvloed indien u sou onttrek.

Indien u meer inligting verlang kan u my gerus kontak.

Toestemming

'n Bemagtigingsprogram in mentorskap: 'n Psigososiale perspektief.

Afdeling A moet deur die **ouers/voogde** van die adolessente seun voltooi word. **Afdeling B** moet deur die **mentor** voltooi word en **Afdeling C** deur die **ouers/voogde**, die **mentor** en die **mentee**.

Afdeling A

Ek, die ondergetekende _____ (Volle naam en van) _____ (ID nommer) die ouer/voog (omkring regte een) van _____ (Volle naam en van) gee hiermee toestemming dat genoemde seun aan die ondersoek mag deelneem.

Ek is bewus daarvan en gee toestemming dat _____ (Volle naam en van) as mentor vir genoemde seun intree en dat hy die bemagtigingsprogram saam met genoemde seun mag bywoon.

Besonderhede van adolessente seun wat aan die ondersoek mag deelneem.

Geboortenaam: _____ Van: _____

ID Nommer: _____ Allergieë: _____

Mediese fonds: _____ Med. No.: _____

Hooflid: _____

In geval van nood

Kontakpersoon: _____ Verwantskap: _____

Kontaknommer: _____

Ander nodige inligting: _____

Handtekening

Datum

Afdeling B

Ek, die ondergetekende _____ (Volle naam en van)
 _____ (ID nommer) die mentor van
 _____ (Volle naam en van) verklaar hiermee dat die
 ouers/voogde kennis dra van die ondersoek waaraan genoemde seun gaan deelneem.

As mentor het ek toestemming by die ouers/voogde van die seun dat hy my mag vergesel na die
 bemagtigingsprogram. Ek neem volle verantwoordelikheid vir die seun vir die tydperk van die
 aanbieding van die program.

Besonderhede van die mentor.

Geboortenaam: _____ Van: _____

ID Nommer: _____ Allergieë: _____

Mediese fonds: _____ Med. No.: _____

Hooflid: _____

In geval van nood

Kontakpersoon: _____ Verwantskap: _____

Kontaknommer: _____

Ander nodige inligting: _____

 Handtekening

 Datum

Afdeling C

Ek, die bogenoemde persoon soos wat in Afdeling A/B na verwys word, verklaar die volgende;

1. Ek het die inhoud van die Vrywaring gelees en verstaan die inhoud daarvan.
2. Ek geleentheid het om enige onduidelikhede met die navorser te kan bespreek rakende die ondersoek.
3. Dat ek/die adolessente seun vrywillig aan die ondersoek deelneem.
4. Dat ek toestemming verleen dat ek/adolessente seun as deelnemer mag deelneem aan die genoemde projek.
5. Dat ek, die deelnemer, die nodige veiligheidsmaatreëls gaan nakom soos dit aan my voorgehou gaan word.

Ek vrywaar die Noordwes Universiteit, die navorser, die medegroepwerkers en die terreinbestuurder van die kampterrein teen enige aanspreeklikheid wat teenoor my as deelnemer in die loop van die projek mag ontstaan.

Ek onderneem om geen eise teen die Noordwes Universiteit, die navorser, die medegroepwerkers en die terreinbestuurder van die kampterrein in te stel weens skade wat mag ontstaan nie hetsy dit deur die nalatigheid van die Noordwes Universiteit, die navorser, die medegroepwerkers en die terreinbestuurder van die kampterrein te wyte is.

Hiermee verklaar ek dat die inligting soos dit in Afdeling A, B en C van hierdie dokument voltooi is waar en korrek is.

Hierdie Vrywarings en Toestemmingsdokument is geteken op die _____ dag van _____ 200____ te _____.

Handtekening Ouer/Voog

Handtekening Mentor

Getuie

Handtekening Mentee (Adolessente seun)

Getuie

Addendum 4 – Riglyne vir publikasie – Tydskrif vir Christelike Wetenskap/Journal for Christian Scholarship

An accredited journal of the Association for Christian Higher Education - 'n Geakkrediteerde tydskrif van die VCHO.

Guidelines

1. Editorial privilege

It is a clear understanding with authors that the editorial privilege to bring about grammatic, stylistic and technical amendments deemed necessary for the publication of articles, is reserved by the editorial staff. If however, in the judgement of the editorial staff, intervention of a drastic nature is necessary, it will be done after deliberation with the author.

2. Author's particulars

Each article submitted must be accompanied by the author's particulars, such as title, name, address, contact number and professional affiliation, where applicable.

3. Format

An A4-format is required. The length of articles should rather be in the order of 25 typed folios, or about 10 000 words in Times Roman Font, a 12 pt lettering throughout the text and 1.5 line spacing.

A synopsis of each article in approximately not more than 250 words must be submitted simultaneously.

An electronic version of the article per e-mail dispatchment to the following address is required: vcho@mjvn.co.za.

4. Titles and headings

Titles of articles must be in Times Roman Font in 16 pt bold lettering. Articles must constitute divisions and sections, provided with headings and sub-headings, in 12 pt lettering, in Arabic numbering down to three levels only, and in bold.

5. Graphics

Graphical presentations, diagrams, etc. can be submitted and must be prepared in any one of the following formats: .pdf, .pcx, .bmp, .cdr, .egm or .tif.

6. Footnotes

The application of footnotes for necessary clarification and illustration is encouraged. Footnotes should be presented at the bottoms of pages in Arabic numerical consecutive order in Times Roman Font, 10 pt lettering.

7. Reference

The abbreviated Harvard method of reference is preferred.

8. Bibliography

A Bibliography in alphabetical order, according to the Harvard method, is required.

9. Page fees

Authors connected to academic institutions in South Africa will be liable for page fees.

Addendum 5 – Riglyne vir publikasie – Journal of Humanities/Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Guidelines to authors

The *Journal of Humanities/Tydskrif vir Geesteswetenskappe* publishes original research and review articles in the following subject fields: theology, languages, art and culture, social, economic and educational sciences, as well as book reviews, chronicles and poems. Articles or contributions that have been published elsewhere will not be considered. Two complimentary copies of the edition than contains an author's contribution, will be mailed to each author free of charge. More copies may be ordered from the publications office at the set price.

The following regulations apply for submitted manuscripts:

- If contributions are sent only by **post**, please submit three copies. We prefer that contributions are submitted via e-mail to publikasies@akademie.co.za - in which instance it is not necessary to send three copies by postage. Manuscripts must be typed in double spacing Arial 12 with a 25 mm left margin. Manuscripts must be **edited and according to the technical specifications of the journal**.
- Authors must submit written proof that the manuscript has been edited by a knowledgeable language practitioner.
- Contributions are limited to **6 000** words.
- Please submit an abridged curriculum vitae in Afrikaans and English (100–200 words) and a photograph (JPEG) of each author.
- Manuscripts must contain a summary of **100–250** words in Afrikaans, Dutch, German or French, plus an English abstract of 600–1000 words. The English abstract should start with a **translation of the title**.
- A list of approximately 10 – 20 key terms in Afrikaans and English must be given after the summary.
- **Illustrations or drawings** must have suitable captions placed below the graphic, and should be in a size appropriate to the format of the journal.
- Guidelines for headings:

1. **MAIN HEADINGS** are in capital letters and bold. Leave a space between the heading and the text.

1.1 **Headings** are in lower case and bold. Leave a space between the heading and the text.

1.1.1 *Sub-headings* are in italics. Leave a space between the heading and the text. Headings may be numbered if preferred. Do not put full stops after headings.

Table headings: **TABLE 2:** Economic development according to demographic groups **Captions** of figures: **Figure 3:** Systemic interdependence.

Please insert the illustration in the correct position within the texts.

- **Quotations** are not in italics – even when in another language. Quotations that exceed **three** lines should be indented and do not get quotation marks. Any insert to a quotation is between square brackets. See examples in the printed journal.
- **Abbreviations** must be avoided if at all possible.
- **Corrections** after final copy has been approved will be charged as author's corrections.
- **Bibliographic references** are based on the abbreviated Harvard method, with some variation for certain subjects. **Examples:**
Book: Olivier, D.V. 1996. *Die nag van die vlieë*. Kaapstad: Blackwell. **Article from journal or magazine:** Van Wyk, B. 1993. Vesel voorkom hartsiektes. *SA Tydskrif vir Dieetkunde*, 19(3):56-59. **Chapter in a book:** Elphick, R. & Malherbe, V.C. 1989. In Elphick & Giliomee (eds.). *The shaping of South African society 1652 – 1840*. Cape Town: Maskew Miller Longman.

Internet source:

Gries, H.B. 1996. Experimental learning. *Education online*, 21(1). <http://www.edu.learning.html> [14 October 2004].

OR IN AFRIKAANS:

Mc Farlane, L.R. 2004. Afrikaans en die media. *SA Akademie vir Wetenskap en Kuns*, <http://www.akademie.co.za> [14 Oktober 2004]. If the source is Afrikaans, all bibliographic detail is in Afrikaans, or vice versa in English.

References in the text:

Volgens Swan (1996:45) ... OR: ... (Swan 1996:45) ... OR: ... (Swan 1996:45). (at the end of a sentence)

1.2 **Page fees:** There is a charge of R150 per printed page (+VAT) towards the printing costs. It is the responsibility of the author to arrange for payment of these fees by his/her university/institution. The journal is an approved publication with regard to government subsidy for universities and research institutes.

1.3 **Copyright:** On acceptance of an article the author gives copyright to the SA Akademie. A written agreement to this effect will be required of the author(s). **Responsibility for manuscripts, illustrations and disks:** Although the editor and publications office will always take care in the handling of manuscripts, pictures and graphic material, we cannot take responsibility for any lost material – please keep back-ups. If an author would like to have material returned, please inform the editorial office on submission of the article.

Addendum 6 – Riglyne vir publikasie – Journal of Education

Submissions

Unsolicited papers are welcome for consideration and should be addressed to the Editor of the *Journal of Education*.

Unsolicited papers are welcome for consideration and should be addressed to the Editor of the *Journal of Education*. Submitting authors should note that a per page fee of R100 will be levied on published submissions. Institutional Research Offices of higher education institutions usually pay this type of fee. Authors whose affiliated organisation may not have instituted this practice are asked to contact the Editor, as the levy is a means of sustaining the journal, and is not intended as a deterrent to aspiring authors!

Articles and review essays are reviewed by anonymous external referees. Appropriate papers will be refereed for significance and soundness. Papers are accepted on the understanding that they have not been published or accepted for publication elsewhere.

Articles and essay reviews (maximum 6 000 words); debate, discussion and research notes (2 500 words); book reviews (2 000 words); and book notes (200 words) will be considered.

Contributors should submit three clear, page numbered copies of the manuscript, and bearing the title of the paper. Manuscripts will not be returned. The name(s) and full address(es) of the author should appear on a separate sheet. Each paper should be accompanied by a 100 – 150 word abstract. Hard copies should either be accompanied by a 3½ inch diskette bearing the article, or followed by the file sent as an email attachment to the Editor at JoE@ukzn.ac.za. Articles sent by e-mail only are not accepted except in cases where this might be the only reasonable means of communication.

The electronic version of the article should not be formatted, and should preferably not use a variety of fonts and font sizes or paragraph styles. Where necessary, however authors may wish to indicate levels of subheadings (i.e. first level, second level). Footnotes should be kept to a minimum, and authors are asked to keep tables and diagrams to the most feasible level of size and simplicity. Tables and diagrams should also be sent in separate files.

Each author will receive a copy of the journal in which the paper appears.

Copyright resides with the publishers of the Journal.

Readers are free to make a limited number of copies of articles for non-profit educational purposes.

Readers are free to make a limited number of copies of articles for non-profit educational purposes. In cases where multiple copies are required for teaching purposes, we trust that South African institutions affiliated to the Dramatic, Artistic and Literary Rights Organisation (Pty) Limited (DALRO) will follow normal procedures with respect to the reproduction of publications. Educators or publishers outside South Africa wishing to reproduce articles in publications or compilations of readings should contact the Editor.

Some style rules

References in the text should appear as follows:

No country in the world can afford the schooling its people want (Reimer, 1971) and it has been argued that "of all 'false utilities', school is the most insidious" (Illich, 1971, p. 60).

The references should be listed in full at the end of the paper in an acceptable standard format, preferably the following:

Books

Surname(s), Initial(s). Year of publication. *Title: additional title information*. Edition (if other than the first). Place of publication: Publisher.

Chapters in edited or compiled books

Surname(s), Initial(s). Year of publication. Title of chapter or article. In Surname(s), Initial(s) of editor(s) or compiler(s). (*Eds*). or (*Comps*). *Title of book*. Edition (if other than first). Place of publication: Publisher. Inclusive page numbers of the chapter.

Journal articles

Surname(s), Initial(s). Year of publication. Title of article. *Name of journal* volume number (part number (if there is not continuous pagination)): inclusive page numbers.

Articles and reports in magazines and newspapers

Surname(s), Initial(s). Year of publication. Title of article. *Name of magazine or newspaper* day and month: inclusive (and additional) page numbers.

Book reviews

Surname of reviewer, Initial(s). Year of publication. Title of review (if there is one). [Review of] *Title of book reviewed* by Name of author in its most familiar form. *Name of periodical* volume number (part number) or date (if applicable): inclusive page numbers.

Theses and dissertations

Surname, Initial(s). Year. Title: additional title information. Description of work. Location of university: name of university.

Seminar papers

Surname, Initial(s). Year. Title: additional title information. Unpublished seminar paper. Location of university: name of university, name of department, programme or unit.

Conference papers (unpublished)

Surname(s), Initial(s). Year. Title: additional title information. Description of occasion (including the nature and subject of the conference or meeting, name of the society or group, the place at which it was held and the date(s) on which it was held).

Duplicated materials

Surname(s), Initial(s). Year. Title: additional title information. Description of material. Location of issuing body: name of issuing body.

Interviews

Surname of person interviewed, Initial(s). Year. Interviewed by initial(s) and surname of interviewer. Place where interview occurred, further details of date (day and month). Details of location of transcript, if available.

Personal communications

Surname of person with whom communicated, Initial(s). Year. Description of communication, further details of date (day, month).

Microforms, audio-visual material, CD-ROMs etc.

As for works above but with the addition of the format in square brackets at the end of the reference, e.g., [Microfilm] or [Videotape] or [CD-ROM], etc.

Online sources of information (published or unpublished)

Surname(s), Initial(s). Year of publication. *Title*. Version (if any). Place of publication: Publisher.

<Address of web page between> Day, month (and year if different to publication year) of visit to site.

Addendum 7 – Riglyne vir publikasie – The Journal of Early Adolescence

Manuscript Submission Guidelines:

Manuscripts should be submitted via the Manuscript Central link, <http://mc.manuscriptcentral.com/earlyadolescence>, in Word (preferred), Word Perfect, or WordPro format. The online system is self explanatory and will guide you through the submission process; the online portal also includes a Frequently Asked Questions link (under Instructions and Forms) for your convenience. However, should you have any questions about the submissions process, please feel free to contact the editorial office via e-mail (Editor Alexander T. Vazsonyi, The Journal of Early Adolescence; e-mail: <mailto:jea@auburn.edu> Auburn University, Department of Human Development and Family Studies, 284 Spidle Hall, Auburn AL 36849).

PLEASE NOTE: If you are submitting a revision to a paper that was submitted to JEA prior to January 2007, please send it to the journal office by e-mail (jea@auburn.edu) as an attachment, just like you submitted the original manuscript.

In general, manuscripts should not exceed 25-30 typed, double-spaced pages (brief reports should not exceed 20 pages), including references, tables, and figures. Text and references must conform to the *Publication Manual of the American Psychological Association* (5th edition). Submissions must include the name(s), affiliation, mailing address, telephone number, fax number, and e-mail address from each author on the title page. Each manuscript should also include an abstract (100-150 words) and 4 to 5 keywords as well as a brief (3-4 sentence) biographical paragraph of each author. Papers that do not conform to these guidelines will be returned to the author(s). Submission of a manuscript implies commitment to publish in *JEA*. Authors submitting manuscripts to the journal should not simultaneously submit them to another journal, nor should manuscripts have been published elsewhere in substantially similar form or with substantially similar content. Authors in doubt about what constitutes prior publication should consult the editor.

Authors who want to refine the use of English in their manuscripts might consider utilizing the services of SPi, a non-affiliated company that offers Professional Editing Services to authors of journal articles in the areas of science, technology, medicine or the social sciences. SPi specializes in editing and correcting English-language manuscripts written by authors with a primary language other than English. Visit <http://www.prof-editing.com/> for more information about SPi's Professional Editing Services, pricing, and turn-around times, or to obtain a free quote or submit a manuscript for language polishing.

